'N VERKENNENDE ONDERSOEK NA MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME VIR STRAATKINDERS

Mariette Swart

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van

Magister in Maatskaplike Werk (Welsynsprogrambestuur)

aan die

Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr. L.K. Engelbrecht

April 2005

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening Datum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

In hierdie studie is ondersoek na die maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders ingestel. 'n Literatuurstudie ten opsigte van die straatkind as maatskaplike verskynsel en maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders is onderneem. Daarna is 'n empiriese studie deur middel van onderhoudvoering met 'n gestruktureerde vraelys gedoen.

Navorsing dui aan dat die meerderheid straatkinders wel kontak met hulle ouers het. Die straatkinders is meestal seuns tussen die ouderdom van 13 en 16 jaar. Die prominentste sosio-ekonomiese aspekte wat tot hierdie maatskaplike verskynsel aanleiding gee, is behuisingsprobleme, werkloosheid en 'n gebrek aan bestaansmiddele. Die volgende sosio-kulturele aspekte is geïdentifiseer: gesinsamestelling, sosiale patologie, en die afwesige vaderfiguur. Die meerderheid straatkinders het beperkte skoolopleiding ontvang en is nie aangemoedig om terug te keer skool toe nie.

Daar is bevind dat straatkinders en hulle gesinne nie ingeskakel het by voorkomingsprogramme wat op die direkte oorsake van gesinsverbrokkeling en ondersteuningsdienste fokus nie. Welsynsorganisasies was reeds by die meeste van die gesinne betrokke voordat die kinders na die straat beweeg het. Die straatkinders is bekend met en neem deel aan uitreikprogramme. Daar is ook bevind dat die straatkinders wel 'n bydrae tot die samestelling van sodanige programme wil lewer. Die navorsing dui daarop dat opvoedkundige programme asook beroeps- en ambagontwikkeling beskou word as 'n ontwikkelingsgeleentheid om selfonderhoudend te wees. Daar is bevind dat die meerderheid straatkinders nie na hulle ouerhuis wil terugkeer nie, maar van alternatiewe versorging wil gebruik maak.

Die gevolgtrekking word gemaak dat straatkinders uit gesinne kom waar daar nie definitiewe grense en strukture in plek is nie. Die meerderheid van die straatkinders ervaar nie hulle gesinsopset as positief nie. Nadat die straatkinders die skool verlaat het, het insigontwikkeling plaasgevind rakende die verband tussen skoolopleiding en die verbetering van eie funksionering en ontwikkeling. Die behoeftes van straatkinders kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik die behoefte aan eie ontwikkeling en die behoefte aan beter gesinsomstandighede.

Aanbevelings word ten opsigte van maatskaplikewerkdienslewering in gasheer-gemeenskappe asook gesinsherenigings- en voorkomingsdienste gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

This study attempts to gain insight into social welfare programmes for street children. In order to achieve this, a literature study was undertaken to explore social welfare programmes for street children and to describe street children as a social phenomenon. An empirical study was undertaken by means of interviewing through a structured questionnaire.

The study indicates that the majority of street children have contact with their parents. The street children are mostly males between 13 and 16 years of age. The dominant socio-economic aspects contributing to this social phenomenon are housing problems, unemployment and a lack of means. The following socio-cultural aspects were identified: the composition of the family, social pathology as well as an absent father figure. The majority of the street children have limited education and were not encouraged to continue their education.

It was found that the street children and their families did not take part in prevention programmes that focus on the direct causes of family disintegration and support services. Welfare organisations had been involved with the majority of the families even before the children moved to the streets. The street children have the necessary knowledge regarding outreach programmes and take part in such programmes. It was found that street children would like to contribute to the compilation of these programmes. The study indicates that educational as well as occupational and vocational programmes are experienced as an opportunity for self-maintenance. It was found that the majority of street children do not want to return to their families and seek alternative care.

It was concluded that street children come from families that do not have definite boundaries and structures. The majority of the street children do not experience their family setup as pleasant. The children developed insight into the correlation between education and self-improvement only after they had left school. The needs of street children can be divided into two categories, namely the need for self-development and the need for better family circumstances.

Recommendations are made regarding social welfare service delivery in host communities as well as family re-unification and prevention services.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

WAARDERING

Ek wil graag my dank aan die volgende persone en instansie, aan wie ek die voltooiing van hierdie studie te danke het, uitspreek.

- Alle eer aan die Here
- My studieleier, dr. L K Engelbrecht vir sy leiding en aanmoediging
- My familie vir hul ondersteuning
- Die Beheerraad van No Limits, Program vir Straatkinders wat toegang verleen het tot die respondente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING 1

1.1 INLEIDING 1
1.2 MOTIVERING VIR STUDIE 1
1.3 DOELSTELLING VAN STUDIE 5
1.3.1 Doelstelling 5
1.3.2 Doelwitte 5
1.4 NAVORSINGSTERREIN 5
1.4.1 Area van navorsingsveld 5
1.4.2 Respondente 5
1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE 5
1.5.1 Literatuurstudie 5
1.5.2 Tipe navorsing 6
1.5.3 Universum en steekproef 6
1.5.4 Data-insameling 6
1.5.5 Dataverwerking 7
1.6 BEPERKING 7
1.7 AANBIEDING VAN TESIS 7

HOOFSTUK 2

DIE STRAATKIND AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL 9

2.1 INLEIDING 9
2.2 OMSKRYWING VAN DIE STRAATKIND 9
2.2.1 Definisie van die straatkind 10
2.2.2 Onderskeid tussen twee hoofgroepe straatkinders 10
2.2.3 Kategorieë Straatkinders 11
2.2.4 Samevattende definisie van straatkinders 11
2.3 PERSEPSIES VAN DIE BURGERLIKE SAMELEWING AANGAANDE STRAATKINDERS 11
2.3.1 Ambivalente reaksies teenoor straatkinders 12
2.3.2 Etikettering van straatkinders 12
2.3.3 Morele waardes van straatkinders 12
2.4 BELEIDSDOKUMENTE EN WETGEWING MET BETREKKING TOT STRAATKINDERS 12

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.1 Beleidsdokumente ... 13
2.4.2 Wetgewing vir straatkinders ... 13
2.4.2.1 Die straatkind as sorgbehoewende kind ... 14
2.4.2.2 Substituutsorg vir straatkinders ... 14
2.5 PROFIEL VAN DIE STRAATKIND ... 15
2.5.1 Sosio-demografiese aspekte ... 15
2.5.2 Sosio-ekonomiese aspekte ... 16
2.5.2.1 Armoede ... 16
2.5.2.2 Behuisingsprobleme ... 17
2.5.2.3 Gekombineerde faktore ... 18
2.5.3 Sosio-kulturele aspekte ... 18
2.5.3.1 Veranderde gesinsomstandighede ... 18
2.5.3.2 Onuithoubare gesinsomstandighede ... 18
2.5.3.3 Vroue aan die hoof van die huishouding ... 19
2.5.3.4 Afwesige vaderfiguur ... 19
2.5.3.5 Sosiale patologie van gesinne ... 20
2.5.3.6 Straatkinders se kontak met hulle ouerhuise ... 20
2.5.3.7 Dubbele vervreemding ... 20
2.5.4 Sosio-opvoedkundige aspekte ... 21
2.5.4.1 Rol van die skool ... 21
2.5.4.2 Armoede en skoolbywoning ... 21
2.5.4.3 Onaangename skoolervaring ... 21
2.5.4.4 Skolastiese vermoëns van die straatkind ... 22
2.5.5 Persoonlikheidseienskappe van straatkinders ... 22
2.5.5.1 Mobiliteit van straatkinders ... 22
2.5.5.2 Nie-konformerende gedrag ... 22
2.5.5.3 Groepfunksionering ... 22
2.5.5.4 Manipulerende gedrag ... 23
2.5.5.5 Houding teenoor volwassenes ... 23
2.5.5.6 Tydsbegrip ... 23
2.5.5.7 Positiewe aspekte van straatkinders se unieke persoonlikheidseienskappe ... 24
2.5.5.8 Vertolking van volwassenes se rolle ... 24
2.5.6 Gesondheid ... 24
2.5.6.1 Algemene gesondheidsprobleme ... 24
2.5.6.2 Wanvoeding ... 25
2.5.6.3 Seksuele misbruik en seksueel oordraagbare siektes ... 25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6 AFWAARTSE SPIRAALVAN STRAATKINDERS SE MAATSKAPLIKE AGTERUITGANG 26

2.7 SAMEVATTING 27

HOOFSTUK 3

MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME VIR STRAATKINDERS 28

3.1 INLEIDING 28

3.2 OMSKRYWING VAN MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING EN MAATSKAPLIKEWELSYNSPROGRAMME 29

3.3 BELEID EN WETGEWING RAKENDE MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME VIR STRAATKINDERS 29

3.3.1 Wetgewing vir maatskaplikewelsynsprogramme vir straatkinders 29

3.3.2 Beleidsdokumente vir maatskaplikewelsynsprogramme vir straatkinders 30

3.3.3 Rolspelers by die implementering van beleid en wetgewing vir maatskaplike-hulpverlening 31

3.4 BENADERINGS TOT INTERVENSIEPROGRAMME VIR STRAATKINDERS... 32

3.4.1 Aspekte wat die benadering tot intervensieprogramme vir straatkinders beïnvloed 32

3.4.2 Gesins- en gemeenskapshereniging as benadering 33

3.4.3 Deelname van straatkinders by besluitneming 34

3.4.4 Erkenning van persoonlikheidseienskappe 34

3.4.4.1 Persoonlikheidseienskappe van diensverskaffers 34

3.4.4.2 Persoonlikheidseienskappe van straatkinders 34

3.4.5 Erkenning van straatkinders se kultuur 35

3.5 INTERVENSIEPROGRAMME VIR STRAATKINDERS 36

3.5.1 Voorkomingsprogramme en gemeenskapsgebaseerde programme 36

3.5.1.1 Voorkoming by gesinne 36

3.5.1.2 Gemeenskapsontwikkeling 37

3.5.2 Uitreikprogramme 37

3.5.2.1 Proses van uitreikprogramme 37

3.5.2.2 Rasionaal van uitreikprogramme 37

3.5.3 Skuilings 38

3.5.3.1 Doel van 'n skuiling 37

3.5.3.2 Intervensieprogramme van skuilings 38

3.5.4 Residensiële versorging 38

3.5.4.1 Wetgewing vir residensiële versorging 38

3.5.4.2 Behoefte van straatkinders 39

3.5.5 Ontwikkelingsprogramme vir straatkinders 39

3.5.5.1 Opvoedingkundige programme 39

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.5.2 Beroeps- en ambagsontwikkeling ... 40
3.5.5.3 Kombinering van opvoedkundige, beroeps- en ambagsontwikkeling ... 41
3.5.5.4 Gesondheidsorg ... 42
3.6 VOORBEELDE VAN BESTAANDE MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME ... 42
3.6.1 Othandweni – Hope for Street Children ... 42
3.6.2 Twilight Children ... 43
3.6.3 New Ways Street Children Project ... 43
3.6.4 The Homestead ... 43
3.6.5 Ons Plek – Residensiële versorging vir vroulike straatkinders ... 44
3.6.6 Bespreking van maatskaplikewerkprogramme ... 44
3.7 OPWAARTSE SPIRAAL VAN MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME VIR STRAATKINDERS ... 45
3.8 SAMEVATTING ... 46

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE STRAATKIND AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL EN MAATSKAPLIKE-WELSYNSPROGRAMME VIR STRAATKINDERS ... 47

4.1 INLEIDING ... 47
4.2 AFBAKENING VAN ONDERSOEK ... 48
4.3 DATA-INSAMELING EN DATAVERWERKING ... 48
4.4 RESULTAAT VAN ONDERSOEK ... 49
4.5 PROFIEL VAN DIE STRAATKIND ... 49
4.5.1 Kategorieë van straatkinders ... 49
4.5.2 Sosio-demografiese aspekte ... 50
4.5.3 Sosio-ekonomiese aspekte ... 51
4.5.4 Sosio-kulturele aspekte ... 54
4.5.5 Sosio-opvoedkundige aspekte ... 58
4.5.6 Persoonlikheidseienskappe van straatkinders ... 62
4.5.7 Gesondheid ... 63
4.6 VOORKOMINGSPROGRAMME EN GEMEENSKAPSGEBASEERDE PROGRAMME ... 63
4.6.1 Voorkomingsprogramme ... 64
4.6.2 Uitreikprogramme ... 65
4.6.3 Opvoedkundige programme ... 67
4.7 BEROEPS- EN AMBAGONTWIKKELING ... 69
4.8 KONTINUUM VAN SORG ... 70
4.9 SAMEVATTING ... 73

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 74

5.1 INLEIDING 74

5.2 GEVOLGTREKKINGS 75

5.2.1 Profiel van straatkinders 75

5.2.2 Straatkinders se belewenis van hulle eie gesin 76

5.2.3 Straatkinders se belewenis van hulle eie omstandighede 76

5.2.4 Blootstelling aan ondersteuningsdienste 77

5.2.5 Straatkinders se belewenis van maatskaplikewerkprogramme 77

5.2.6 Straatkinders se behoeftes 78

5.3 AANBEVELINGS 78

5.3.1 Maatskaplikewerkprogramme in die gasheergemeenskappe 78

5.3.2 Gesinsherenigingsdienste 79

5.3.3 Voorkomingsprogramme 79

5.3.4 Vennootskap tussen nieregeringorganisasies en die staat 80

5.3.5 Verdere navorsing 80

BIBLIOGRAFIE 81

VRAELYS VIR GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD 91

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1: Ouderdomsverspreiding van straatkinders 16
Tabel 3.1: Hiërargie of fases van straatkinders 41
Tabel 4.1: Kategorieë van straatkinders 50
Tabel 4.2: Ouderdomsverspreiding van straatkinders 51
Tabel 4.3: Behuising van gesin 52
Tabel 4.4: Werkstatus van ouers 53
Tabel 4.5: Ekonomiese middele tot gesin se beskikking 53
Tabel 4.6: Gesinsamestelling 55
Tabel 4.7: Menings van respondente oor gesinsomstandighede 58
Tabel 4.8: Skoolbywoning 59
Tabel 4.9: Graad geslaag 60
Tabel 4.10: Tydperk op straat 60
Tabel 4.11: Gevoelens teenoor skoolverlating 61
Tabel 4.12: Reaksie van ouers teenoor skoolverlating 62
Tabel 4.13: Gesondheid 63
Tabel 4.14: Welsynsorganisasies se betrokkenheid by die gesin 64
Tabel 4.15: Bydrae tot samestelling van program 66
Tabel 4.16: Terugkeer na skool 68
Tabel 4.17: Kontinuum van sorg 70
Tabel 4.18: Wyse van terugkeer na ouerhuis 71

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Afwaarste spiraal van maatskaplike agteruitgang 26
Figuur 3.1: Opwaarste spiraal van maatskaplikewerkprogram..... 45
Figuur 4.1: Geslagsverspreiding van straatkinders 50
Figuur 4.2: Getal kinders per gesin 51
Figuur 4.3: Huwelikstatus van ouers 55
Figuur 4.4: Uiteensetting van persone verantwoordelik vir gesin (voordat die respondent die gesin verlaat het) 57
Figuur 4.5: Jaartal van laaste skoolbywoning 60

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

Die onderwerp van hierdie studie is 'n verkennende ondersoek na maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders. Die volgende aspekte gaan in hierdie hoofstuk bespreek word: die motivering vir die studie, die doel van die studie, die navorsingsterrein en die navorsingsmetodologie wat gevolg word. Die studie het ten doel om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel om maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders te ontwikkel.

1.2 MOTIVERING VIR STUDIE

Alhoewel die verskynsel van straatkinders alombekend is, heers verskillende houdings daarteenoor. Die publiek se opinie wissel van afsydigheid tot vyandigheid (Boukhari, 1997:6-9). Le Roux en Smith (1998a:901-914) verwys na die publiek se houding van vyandigheid teenoor straatkinders. Tog geniet straatkinders erkenning in beleidsdokumente. Die *Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk* (1998:10) verwys na kinders wat weg van hulle gemeenskappe en families op straat woon. Die Witskrif vir Welsyn (Ministery for Welfare and Population Development, 1997:45) noem verskillende vorme van dienslewering om straatkinders te akkommodeer, byvoorbeeld voorkomingsprogramme, skuilings, toepaslike behandelingsprogramme en uitreikprogramme.

Oor 'n tydperk van 20 jaar is daar verskillende internasionale konferensies oor straatkinders gehou (Blackman, 2001:3). Tydens die konferensies is beleidsrigtings oor straatkinders bepaal en bespreek. Ten spyte daarvan, is Blackman (2001:3) van mening dat die verskynsel van straatkinders steeds 'n werklikheid is en dat die projekte min of geen impak op die verskynsel in ontwikkelende lande het.

Die straatkind voer 'n dag-tot-dagbestaan. Dit stem nie ooreen met die toekomsvisiebeginsel wat deur die programme vir straatkinders gepropageer word nie. Straatkinders kies die doellose bestaan eerder as om deel van 'n gestruktureerde stelsel te word. Dwelmmisbruik geniet voorkeur bo intellektuele ontwikkeling. Die aktiwiteite op straat, onder andere bedelary, is die primêre rigtinggewende faktor in hulle funksionering, anders as ander aktiwiteite wat deur programme aangebied word. Die passiewe betrokkenheid van ouers strem gesinsherenigingsdienste, wat eerder besorgde en verantwoordelike ouers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersteun en ontwikkel. Hierdie waarnemings word deur 'n gevallestudie ondersteun: Lewis (1998:140-143) verwys na 'n straatkind wat van 1993 tot 1997 aan 'n program deelgeneem het. Alhoewel die kind se deelname inkonsekwent was, het hy keer op keer teruggekeer. Die personeel was van mening dat hy vir die ope arbeidsmark geskik was en het dienooreenkomstig reëlings getref. Ten spyte van die hulp en ondersteuning het hy steeds ongemotiveerde gedrag geopenbaar en verkies om hom by volwasse straatmense aan te sluit.

Hierdie verskynsel word deur die Nasionale Program van Aksie vir Kinders in Suid-Afrika (The Office on the Rights of the Child, 2001:125-133) se statistiek vir 1999 bevestig. Volgens die statistiek was daar op daardie stadium 11 363 kinders in gasheergemeenskappe. (Die redes waarom die kinders in gasheergemeenskappe woon, sal later verduidelik word). Die projekte het onder andere programme vir persoonlike welstand, basiese geletterdheid, werksvaardighede, handvaardighede, kuns en musiek ingesluit. Ten spyte van die verskeidenheid van programme waaraan die straatkinders kon deelneem, het 41% van die genoemde getal kinders verkies om nie by die skuilings te bly nie, maar wel hulle leefwyse op straat voortgesit. Die getal kinders wat van die dienste van die skuilings gebruik gemaak het, was 6 719. Die skuilings in die Wes-Kaap het 23% van die getal kinders gehuisves. Hierdie statistiek sluit nie die getal kinders wat in staatsinrigtings verkeer, in nie. Die verslag het aangevoer dat daar nie nasionale rekords van suksesverhale is nie, omdat die projekte nie statistiek byhou nie.

Die oorsaaklike faktore van die straatkindverskynsel, asook die profiel van staatkinders, kan soos volg uiteengesit word: Smit en Liebenberg (2000:28) fokus op oorsake soos beperkte gemeenskapsbronne, werkloosheid, alkoholmisbruik, konflik en geweld. Die Verenigde Nasies (United Nations High Commissioner on Human Rights, 1994) verwys na diverse oorsake soos armoede, werkloosheid, disfunksionele gesinne, uitbuiting en sosio-ekonomiese probleme. Veeran (1999:222) beskou die verskynsel as 'n simptoom van armoede, onderontwikkeling en disfunksionele gesinne. Verstedeliking en die afname in die rol van die uitgebreide gesin word deur Suda (1997:199-218) bygevoeg. Skrywers soos Blackman (2001), Cockburn (1991), Sauve (2003) en Shanahan (1999) sien armoede as die dominante oorsaak van die straatkindverskynsel, terwyl Olufemi en Olufemi (2003) armoede en disfunksionele gesinne as die belangrikste oorsake van die verskynsel sien. Kanji (1996) verwys ook na armoede as die hoofoorsaak van die toename in straatkinders. Hierdie bronne fokus herhaaldelik op die sosio-ekonomiese oorsake van die verskynsel. Die verskynsel van straatkinders blyk dus die simptoom te wees van gesinne wat nie oor die vermoë beskik om hulleself deurlopend te onderhou nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die karaktereienskappe van straatkinders word soos volg deur Cockburn (1991:13) uiteengesit: misbruik van inhaleermiddels, hoë impulsiwiteit, wantroue in volwassenes, manipulering en lae selfbeeld. Hulle heg ook groot waarde aan persoonlike vryheid. Boukhari (1997:6-9) beskryf straatkinders se persoonlikheidseienskappe as senuweeagtigheid, selfgesentreerdheid en 'n verlies aan moraliteit. Daar word ook aangevoer dat straatkinders 'n behoefte aan liefde en sekuriteit uitspreek (Smit & Liebenberg, 2000:28).

Die maatskaplikewelsynprogramme is volgens Jackson (2001:8-9) beskikbaar om straatkinders in hulle totaliteit te akkommodeer en die leemtes wat hulle ervaar, aan te vul. Dit blyk dat die meerderheid van die bogenoemde karaktereienskappe as verduideliking kan dien waarom die straatkinders wel van bestaande programme gebruik maak, maar ook hulle destruktiewe lewenstyl op straat voortsit. Dit is onduidelik waarom hulle ooglopend oënskynlike negatiewe omstandighede kies, terwyl hulle wel 'n keuse kan uitoefen.

Aptekar (1995:1-3) het in sy aanbieding by die Nasionale Konferensie vir Straatkinders in Suid-Afrika, dit gestel dat ouers hulle eie kulturele kriteria vir die versorging van hulle kinders ontwikkel. Die straatkinders wat van arm en disfunksionele gesinne afkomstig is, se waardes, norme en moraliteit is nie dieselfde as die moraliteit van die hoofstroom van die samelewing nie (De Moura, 2002:361). Skrywers soos Gray en Allegritti (2003:317) noem dat kultuur 'n persone vorm totdat hulle oud genoeg is om self besluite te neem, en dat kultuur 'n persoon bewustelik en onbewustelik bybly. Daarom moet, buiten die sosio-ekonomiese faktore, sowel karaktereienskappe as die sosio-kulturele faktore in ag geneem word wanneer die funksionering van die straatkind verduidelik word.

Aptekar (1995) en Cockburn (1993) voer aan dat programme vir straatkinders meestal vanuit die kulturele perspektief van diensverskaffers gekies word. Dit kan die uitkoms van die programme op die lange duur beïnvloed, deurdat die straatkinders in die gasheergemeenskappe aanbly. Die vertrekpunt van dienslewering blyk simptomaties van aard te wees. Die ondersoek na die oorsaak van die kind se houding en reaksie word as gevolg van die kompleksiteit daarvan agterweë gelaat. Daar word op die kind se basiese behoeftes (skuiling) en verwagte behoeftes (toepaslike behandelingsprogramme) gefokus. Hierdie siening word deur Lugalla en Mbwambo (1999:330) ondersteun. Hulle is van mening dat 'n gebrek aan belangrike inligting lei tot beleidrigtings wat op die simptome van die probleem, en nie die oorsake daarvan nie, fokus.

Swart (1987:8) haal een van haar respondente aan wat van mening is dat sukses nie gewaarborg kan word deur voorafopgestelde teorieë wat vir die huidige benadering tot gemeenskapsontwikkeling aanvaarbaar is nie. Sy beklemtoon dat om nou met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskappe saam te werk en sensitief vir hulle eiesoortige behoeftes te wees, die mees gepaste metode sal wees om die mees gepaste oplossings vir dienste aan straatkinders te bekom. Hierdie uitgangspunt word deur Richter (1991:6) ondersteun. Sy beklemtoon die noodsaaklikheid van toepaslike inligting om behoorlike programme te ontwikkel. Lugalla en Mbwambo (1999:330) sit die verskillende aspekte wat ondersoek moet word om inligting vir effektiewe dienslewering in te win, soos volg uiteen: sosio-ekonomiese eienskappe van die gesinne, historiese agtergrond van die kinders, wyses waarop gesinne in hulle basiese behoeftes voorsien, wyses waarop gesinne probleme oplos en die impak wat die straatkultuur op die gesondheid van die kinders het.

Aangesien dienste aan straatkinders in Suid-Afrika in 'n multikulturele samelewing gelewer word, blyk kennis oor die sosio-kulturele omstandighede van gesinne in die gemeenskap van oorsprong belangrik te wees. Die aanname word deur Gray en Allegritti (2003:317) gestaaf. Hulle voer aan dat die verhouding tussen die sielkundige, sosiale, ekonomiese en politieke perspektiewe en die kulturele pespektief in ag geneem moet word wanneer kultureel sensitiewe maatskaplike werk gelewer word.

Die universele verskynsel van straatkinders geniet erkenning in navorsing. Dit is opvallend dat daar in navorsingsdokumente meer op die redes wat tot die straatkindverskynsel aanleiding gee, gefokus word (Aptekar, 1994; Baker, 1997; Brink, 2001; Boukhari, 1997; Chetty, 1997; Cockburn, 1991; De Moura, 2002; Gurgel, Da Fonseca, Neyra-Gasta"Eda, Gill & Cuevas, 2004; Kanji, 1996; Le Roux, 1996b; Le Roux & Smith, 1998b; L'Homme & Barakat, 1998; Lugalla & Mbwanbo, 1999; Lusk, Peralta & Vest, 1989; Monteiro & Dollinger, 1998; Olufemi & Olufemi, 2003; Porteus, Clacherty, Mdiya, Pelo, Matsai, Qwabe & Donald, 2000; Richter, 1991; Sauve, 2003; Schurink & Tiba, 1993; Schurink & Mathye, 1993; Shanahan, 1999; Suda, 1997; Swart, 1987; Thiel, 1997). Navorsing oor maatskaplikewerkprogramme is tot 'n mindere mate gedoen (Aptekar, 2001; Drake, 1989b; Ennew, 1986; Gurgel *et al.*, 2004; Jackson, 2001; Mathye, 1994; Matthias, 1996; Ortiz & Poertner, 1992; Smit, 1993; Smit, 1998; Smit & Liebenberg, 2000; Smit & Maphatane, 1993; Sorsa, Kidanemariam, Erosie, 2002; Swart-Kruger, 1996b; Tiba, 1993a). Alhoewel navorsing oor die straatkindverskynsel gedoen is, kan Blackman (2001) se stelling dat die maatskaplike verskynsel steeds 'n werklikheid is, beaam word. Die vraag ontstaan dus wat in bestaande maatskaplikewerkprogramme gedoen word en wat gedoen kan word om maatskaplikehulpverlening aan straatkinders te verbeter.

Daar gaan gevolglik met hierdie studie gepoog word om die maatskaplikewerkprogramme van straatkinders te verken. Young en Barett (2001:134) beklemtoon dat die unieke situasie van straatkinders hulle betrokkenheid by die navorsingsproses noodsaak en voer aan dat die navorsing se uitsluitlike doel moet wees om straatkinders se lewens te verbeter. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitkoms van hierdie navorsing kan gebruik word om aanbevelings vir maatskaplike werkers oor die ontwikkeling van maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders te maak.

1.3 DOELSTELLING VAN STUDIE

1.3.1 Doelstelling

Hierdie studie het 'n verkennende ondersoek na maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders ten doel, ten einde gepaste riglyne vir intervensie deur maatskaplike werkers daar te stel.

1.3.2 Doelwitte

Die doelwitte van die studie is om:

- die verskynsel en profiel van die straatkind te verken;
- sosio-maatskaplike omstandighede van straatkinders te ondersoek;
- verskillende benaderings, intervensieprogramme en bestaande programme vir straatkinders te verken; en
- toepaslike beleidsrigtings ten opsigte van straatkinders en gepaste maatskaplike-werkintervensie te ondersoek.

1.4 NAVORSINGSTERREIN

1.4.1 Area van navorsingsveld

Die area van die navorsingsveld is die munisipale area van die Stad Tygerberg. Die navorser is betrokke by 'n uitreikprogram wat in die sentrale sakegebiede van hierdie area dienste lewer.

1.4.2 Respondente

Die respondente in hierdie studie is straatkinders in die sentrale sakegebiede van die Stad Tygerberg wat op 'n daaglikse basis die aktiwiteite van die uitreikprogram bywoon.

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.5.1 Literatuurstudie

Die empiriese ondersoek word deur 'n literatuurstudie vooraf gegaan. Dit is nodig ten einde ander skrywers en navorsers se menings en uitgangspunte oor die onderwerp in te win. Neuman (2000:446) voer aan dat 'n goeie literatuurstudie die navorsingsprojek in konteks plaas. Dit demonstreer die relevansie van die inligting en kennis oor die onderwerp wat reeds deur ander persone opgebou is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die inligting relevant tot hierdie navorsing is deur middel van 'n rekenaarsoektog vir bronne vanaf die Internet bekom. Sowel die Erica Theron Leeskamer van die Departement Maatskaplike Werk (US) as die JS Gericke Biblioteek van die Universiteit Stellenbosch is besoek om inligting te versamel. Die literatuur het hoofsaaklike bestaan akademiese tydskrifte, beleidsdokumente en boeke. As gevolg van beperke beskikbare relevante boeke rakende straatkinders is daar gefokus om resente bronne te bekom deur middel van elektroniese joernale en webtuistes. Die inligting is wêreldwyd bekend en dui op huidige beskikbare programme.

1.5.2 Tipe navorsing

'n Verkennende studie is as navorsingsmetode gekies. Hierdie metode sal nie definitiewe antwoorde oplewer nie, maar wel op die vrae rakende die sosio-kulturele omstandighede van die straatkind fokus (Neuman, 2000:21). Die studie het ten doel om op hoogte te kom met die verskynsel van straatkinders en om nuwe insigte te ontwikkel. 'n Basis van algemene idees en tentatiewe teorieë wat ondersoek kan word, word gevorm (Grinnell, 1998:225). Hierdie nuutgevonde inligting sal 'n bydrae tot die verbetering van dienslewering kan lewer.

1.5.3 Universum en steekproef

Die universum is 35 straatkinders wat in die sentrale sakegebiede van die Stad Tygerberg funksioneer en daagliks aan die aktiwiteite van No Limits Program vir Straatkinders deelneem. 'n Niewaarskynlikheidseleksie van respondente is gedoen. Hierdie vorm van seleksie word gereeld in 'n verkennende studie gebruik, waar die doel van die studie is om soveel moontlik inligting oor 'n spesifieke saak in te win (Grinnell & Williams, 1990:228). 'n Doelbewuste steekproef is gebruik om tien respondente te bekom. Die respondente is met 'n spesifieke doel in gedagte gekies (Grinnell & Williams, 1990:230). Vir die doel van hierdie studie is die respondente gekies omdat hulle op 'n dag-tot-dagbasis aan die aktiwiteite van die programme deelneem. Neuman (2000:196-198) bevestig dat al die moontlike gevalle gekry moet word om 'n spesifieke kriteria te pas, eerder as om na 'n groter universum te veralgemeen, ten einde 'n beter begrip vir die verskynsel te ontwikkel.

1.5.4 Data-insameling

Die ondersoek is gedoen deur met tien respondente onderhoude te voer. Die respondente is straatkinders wat op 'n gegewe tydstip by die program waarby die navorser betrokke is, ingeskakel was. Die bywoningsregister van die program is gebruik om die name van die respondente te bekom. Die respondente voldoen aan die volgende kriteria:

- Hulle pas die definisie van 'n straatkind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Hulle is bekend aan die program.
- Hulle het vir 'n tydperk van ten minste drie maande aan die program deelgeneem.
- Die navorser het, deur middel van die program, reeds 'n verhouding met hulle opgebou.

Die eerste tien respondente op die bywoningsregister wat aan die kriteria voldoen en vir twee weke beskikbaar was, is vir onderhoude geselekteer. Toestemming vir toegang tot die respondente is van die No Limits Program vir Straatkinders verkry. Die respondente het vrywillig aan die ondersoek deelgeneem. 'n Verduideliking oor die navorsing is vooraf aan die respondente gegee, sodat hulle 'n ingeligte besluit betreffende hulle deelname kon neem. Die response is aangeteken. Hierdie metode van data-insameling is algemeen in Suid-Afrika as gevolg van die lae geletterdheidsyfer van die populasie (Babbie & Mouton, 2001:249). Daar is vooraf 'n vraelys opgestel wat as riglyn gedien het. Die onderhoud is geïnisieer deur geslote vrae te vra ten einde identifiserende besonderhede te bekom, en daarna is oop vrae gevra om soveel moontlike inligting aangaande die relevante onderwerp te bekom.

Die ondersoek is tot 'n mindere mate kwantitatief en tot 'n meerdere mate kwalitatief. Dit is kwantitatief omdat die vrae wat as riglyne vir die onderhoude dien, vooraf opgestel is (Grinnell, 1998:189), en kwalitatief omdat daar minder op verteenwoordiging van die populasie en meer op die respondente se verduideliking van hulle sosiale funksionering gefokus is (Neuman, 2000:196). Taylor en Bogdan (1984:6) beklemtoon dat 'n kwalitatiewe studie mense in die konteks van hulle verlede en die situasie waarbinne hulle hulle bevind, ondersoek.

1.5.5 Dataverwerking

Die identifiserende besonderhede is verwerk en in tabelle en grafieke weergegee ten einde 'n visuele beeld daarvan te skep. Die respondente se menings is sover moontlik gegroepeer en in besprekings weergegee.

1.6 BEPERKING

Die respondente se gemoedstoestand het die tyd wat dit geneem het om die inligting deeglik in te samel, beïnvloed. Vanweë die beperkte steekproef, kan inligting verkry ook nie sonder meer veralgemeen word nie.

1.7 AANBIEDING VAN TESIS

Die inhoud van die studie is soos volg in hoofstukke verdeel:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1 is inleidend tot die studie en bied 'n algemene oorsig oor die motivering vir die studie, die doelstelling van die navorsing asook die navorsingsterrein en navorsings-metodologie.

Hoofstuk 2 verken die straatkind as maatskaplike verskynsel. Daar word gepoog om die verskynsel van straatkinders te ondersoek, te verduidelik en 'n beter begrip daarvoor te ontwikkel.

Hoofstuk 3 ondersoek en bespreek die strategieë vir maatskaplike intervensie en programme, ten einde vas te stel op watter wyse die verskynsel van straatkinders deur maatskaplikedienslewering in die praktyk beïnvloed word.

In hoofstuk 4 word die versamelde en verwerkte data ten opsigte van die studie geïnterpreteer en met die literatuur in verband gebring.

Hoofstuk 5 bevat die gevolgtrekkings en dui aan of die doel van die studie bereik is. Daar word ook aanbevelings gemaak wat uit die gevolgtrekkings voortspruit.

Hierna volg die bibliografie. 'n Voorbeeld van die vraelys word ook as bylae aangeheg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE STRAATKIND AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die straatkind as maatskaplike verskynsel verken. Die begrip "straatkind" word omskryf. Daar word verder aandag geskenk aan die publiek se persepsies oor straatkinders, beleidsdokumente en wetgewing met betrekking tot straatkinders, asook die profiel van straatkinders. In hierdie hoofstuk word gepoog om die straatkindverskynsel te ondersoek, te verduidelik en 'n beter begrip daarvoor te ontwikkel.

Die oorsake van op straat wees, is vir die meeste straatkinders, ongeag waar in die wêreld hulle hulle bevind, opmerklik dieselfde (L'Homme & Barakat, 1998; Le Roux, 1996a). Die verskynsel kom in sowel ontwikkelde as ontwikkelende lande voor (Aptekar, 1994). Geen samelewing word van blootstelling aan straatkinders uitgesluit nie (Swart-Kruger, 1996b:232).

Volgens die norme en waardes van die moderne samelewing word straatkinders as problematies beskou (De Moura, 2002:355). Dit is vir die samelewing moeilik om enigiets positief te sien in 'n situasie waar kinders verantwoordelikheid vir hulleself aanvaar, veral omdat daar 'n universele persepsie bestaan dat die kind binne sy gesinstruktuur deel van die samelewing vorm. Niemand wil klaarblyklik erken dat die verskynsel van straatkinders 'n simptoom van die sosiale probleme van die samelewing is nie (L'Homme & Barakat, 1998).

Hierdie studie onderskryf die siening dat die straatkindverskynsel ongemak veroorsaak omdat dit buite die verwagting van enige samelewing val. Hierdie ongemak bepaal die samelewing se houding en hantering van hierdie sosiale verskynsel. Dienslewering aan straatkinders word dus nie noodwendig op die behoefte van die straatkind gebaseer nie, maar eerder op die behoefte van die samelewing. Die sosiale verskynsel kan nie geïsoleer of opsy geskuif word nie, aangesien dit 'n bewese werklikheid is.

2.2 OMSKRYWING VAN DIE STRAATKIND

Die omskrywing van die straatkind word aan die hand van die definisie van die straatkind, die onderskeid tussen die twee hoofgroepe straatkinders, die kategorieë straatkinders, asook 'n samevattende definisie van straatkinders bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die definisie van 'n kind is beslissend in die bespreking van straatkinders, want die bepaling van die wettige status van die kinders het verreikende gevolge in sover die samelewing die kinders beleef en wetgewing hulle beskerm (Veeran, 1999:53a). Skrywers soos Lusk (1992:302) en Richter (1996:218) is dit eens dat die straatkind nie by een omskrywing of kategorie inpas nie. Straatkinders is nie 'n homogene groep nie en een oorhoofse omskrywing is daarom nie moontlik nie (Smit & Van Schalkwyk, 1998:335; Lusk *et al.*, 1989:297). Die verskillende omskrywings en definisies van straatkinders word vir die doel van hierdie studie soos volg bespreek.

2.2.1 Definisie van die straatkind

Die begrip 'straatkind' word deur die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:62) gedefinieer as 'n kind wat gedeeltelik of deurlopend, sonder toesig, beskerming en versorging van 'n verantwoordelike volwassene, hoofsaaklik sy tyd op straat deurbring, as lid van 'n subkultuur van kinders.

Lusk (1992:294), Scanlon, Tomkins, Lynch & Scanlon (1998), Swart (1987:6) en Williams (1993:832) verwys na die omskrywing van 'n straatkind wat in 1986 deur die Verenigde Nasies aanvaar is:

> *"... any girl or boy for whom the street (in the widest sense of the word, including unoccupied dwellings, wasteland, etc.) has become his or her habitual abode and/or source of livelihood, and who is inadequately protected, supervised, or directed by responsible adults."*

Die voorgestelde definisie van 'n straatkind in die Hersieningsdokument van die Wet op Kindersorg in Suid-Afrka (South African Law Commission, 2002:181) is die volgende:

> *"a person under the age of 18 who, for reasons which may include abuse, community upheaval and/or poverty, leaves his or her family or community permanently to survive on the streets, or alternatively begs or works on the street but returns home at night, and who experience inadequate care and protection from aldults."*

Hierdie drie definisies het twee sentrale temas gemeen: eerstens, dat die kinders hoofsaaklik hulle tyd op straat deurbring, en tweedens, dat hulle nie onder toesig van 'n verantwoordelike volwassene is nie.

2.2.2 Onderskeid tussen twee hoofgroepe straatkinders

Daar kan verder onderskei word tussen kinders op straat wat sekere verbinding en betrokkenheid met hulle families het ("children on the street") en kinders van die straat wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geen bande met hulle families het nie ("children of the street") (Hemenway, 1996; Ortiz & Poertner, 1992:406; Schurink & Tiba, 1993:28; Shah, 2000).

2.2.3 Kategorieë straatkinders

Williams (1993:832) asook Le Roux en Smith (1998c) verwys na drie kategorieë straatkinders wat in 1989 deur Unicef (United Nations Children's Fund) voorsien is. Die drie kategorieë kan soos volg omskryf word:

(a) Kinders wat deurlopend met hulle families kontak het, wat op straat werk, gewoonlik skool bywoon en elke dag huis toe gaan.

scattered / sporadic

(b) Kinders wat sporadies kontak met hulle families het, wat op straat werk, nie skool bywoon nie en selde na hulle families of huis toe gaan.

(c) Kinders wat sonder hulle families funksioneer, wat die straat as hulle huis beskou, 'n plek het waar hulle skuiling en voedsel ontvang en verbondenheid met hulle portuurgroep ervaar.

Laasgenoemde groep is volgens Lusk (1992:300) in die minderheid. Hy het bevind dat 15% van straatkinders in Rio de Janeiro in hierdie kategorie val. Hy voeg ook 'n vierde kategorie by, naamlik die kinders van straatgesinne.

2.2.4 Samevattende definisie van straatkinders

As gevolg van die dinamika van die straatkindverskynsel word dit op verskeie maniere gedefinieer. Die voorafgaande definisies van straatkinders sluit alle straatkinders in. Dit sluit kinders in wat by families op straat woon sowel as die kinders wat op straat leef en werk, voltyds of deeltyds. Samevattende kan straatkinders vir die doeleindes van hierdie studie soos volg gedefineer word: kinders wat primêr vir hulleself tydelik of deurlopend 'n nuwe tuiste op straat gevind het, weg van hulle ouerhuis of gemeenskap van oorsprong, om in hulle eie behoeftes te voorsien, ongeag hulle verbinding met hulle ouerhuis en sonder enige volwasse toesig.

2.3 PERSEPSIES VAN DIE BURGERLIKE SAMELEWING AANGAANDE STRAATKINDERS

Straatkinders is 'n sosiale verskynsel waaraan die breë publiek tot 'n mindere of meerdere mate blootgestel is. Daarom word die samelewing se persepsies van straatkinders hier bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.1 Ambivalente reaksies teenoor straatkinders

Die samelewing se reaksie teenoor straatkinders word bepaal deur hulle interpretasie van die sosiale pobleem en wissel van jammerte tot 'n gevoel van bedreiging (Ahainte, 2004; Ortiz & Poertner, 1992:407; Shah, 2000; Swart-Kruger, 1996a:202). Laasgenoemde persepsie lei meestal tot vyandigheid en verbale aggressie teenoor straatkinders (Shah, 2000).

2.3.2 Etikettering van straatkinders

Alhoewel daar sienings bestaan dat straatkinders afwykend en krimineel is, bevestig Aptekar (1994), Le Roux en Smith (1998c) asook Suda (1997:212) dat daar 'n besliste aanduiding is dat alle straatkinders nie kriminele gedrag openbaar nie. Le Roux en Smith (1998c) beklemtoon dat die kinders nie met bendes vergelyk moet word nie. Dit is eerder hulle omstandighede wat hulle tot antisosiale gedrag dryf.

Bogenoemde sienings word bevestig deur 'n berig (SA youth tell of street life, 2004) wat op die webtuiste van BBC News verskyn het. Die berig beskryf die lewensverhale van twee straatkinders van Durban. Albei straatkinders het hulle tot kriminele gedrag, soos diefstal, gewend om te oorleef. Alhoewel hulle kriminele gedrag tot konflik met die gereg en aanhouding in 'n sentrum vir verhoorafwagtendes gelei het, is die klagtes na 'n tydperk teruggetrek. Hierdie kinders is na toepaslike sentrums verwys waar hulle stelselmatig aan dissipline blootgestel is en goed aangepas het.

2.3.3 Morele waardes van straatkinders

Volgens Ennew (2003) word daar geglo dat straatkinders geen morele waardes het nie en antisosiale gedrag openbaar. Die outeur stel dit egter duidelik dat navorsing getoon het dat straatkinders sensitiwiteit en waardigheid het. De Moura (2002:354, 363) is van mening dat literatuur oor straatkinders soms eensydig is en die menslike aspekte en sosiale lewe ontken. Straatkinders blyk met die norme en waardes van die samelewing bekend te wees. Volgens Shah (2000) beïnvloed die samelewing se siening van straatkinders die kinders se gedrag en reaksies, en word straatkinders meestal verkeerd geïnterpreteer.

2.4 BELEIDSDOKUMENTE EN WETGEWING MET BETREKKING TOT STRAATKINDERS

Daar kan tussen beleidsdokumente en wetgewing wat die handeling teenoor straatkinders bepaal, onderskei word. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar op die beleid en wetgewing wat spesifiek na die straatkind verwys, en nie na kinders in die algemeen nie, gefokus. Aandag word aan beleidsdokumente en die toepassing van wetgewing vir straatkinders geskenk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.1 Beleidsdokumente

Prominensie is aan die regte van kinders verleen deur die ondertekening van die Konvensie van die Regte vir Kinders deur Suid-Afrika op 16 Junie 1995 wat aanvaar is deur die Verenigde Nasies, sowel as Artikel 28 van die Grondwet van Suid-Afrika (Matthias, 1996:242).

Daar word in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministery for Welfare and Population Development, 1997:45) spesifiek na straatkinders verwys. In hierdie dokument word aangevoer dat gesinshereniging of alternatiewe metodes gevolg moet word om die straatkind in die samelewing te herintegreer. Die betrokke Witskrif verwys ook na die ontwikkeling van intervensieprogramme vir straatkinders. Skuilings moet as 'n interimmaatstaf gebruik word, in die plek van assesseringsentrums. Die strategieë ten opsigte van die hantering van straatkinders word ook in die betrokke Witskrif uitgelig en word verder in hoofstuk 3 bespreek.

2.4.2 Wetgewing vir straatkinders

Volgens Maphatane en Schurink (1993a:36) en Swart-Kruger (1996b:232) is daar tans geen wetgewing in Suid-Arika wat 'n definisie van straatkinders bevat en direk met hulle handel nie. Alhoewel die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministery of Welfare and Population Development, 1997:45) 'n aanbeveling maak dat die Wet op Kindersorg 74 van 1983 hersien moet word om vir die eiesoortige behoeftes van straatkinders voorsiening te maak, het dit nog nie in die praktyk gerealiseer nie.

In die Hersieningsdokument van die Wet op Kindersorg (South African Law Commission, 2002) word daar voorsiening gemaak vir 'n definisie van 'n straatkind, soos in paragraaf 2.2.1 van hierdie studie genoem. Die Hersieningsdokument stel ook voor dat alle straatkinders wat bedel of toegelaat word om te bedel as sorgbehoewend gesien word. Dieselfde dokument verwys daarna dat departemente soos dié van Plaaslike Regering, Gesondheid en Onderwys, in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, verantwoordelikheid vir die straatkind moet aanvaar (South African Law Commission, 2002:181-184).

Straatkinders val buite die tradisionele en erkende sosiale, opvoedkundige en familie-instellings; daarom word hierdie sosiale verskynsel nie in die tradisionele beleidsdokumente vervat nie (Brink, 2001:80). Bellamy (1997) is van mening dat wetgewing universeel as wesenlik beskou moet word, omdat dit rigtinggewend is ten opsigte van die samelewing se optrede teenoor straatkinders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.2.1 Die straatkind as sorgbehoewende kind

Verskillende studies is dit eens dat die Wet op Kindersorg 74 van 1983 (Wet op Kindersorg, 1983) nie vir die informele handeling met straatkinders voorsiening maak nie (Schurink & Tiba, 1993:21; Veeran, 1999:53a). Byna elke straatkind kan aan die definisie van sorgbehoewendheid voldoen (Swart-Kruger, 1996b:232). Omdat straatkinders aan hierdie definisie voldoen, word daar dienooreenkomstig met hulle gehandel. Daar word gepoog om straatkinders in die kindersorgstelsel in te forseer, terwyl hulle unieke situasie nie in ag geneem word nie.

2.4.2.2 Substituutsorg vir straatkinders

Die Wet op Kindersorg 74 van 1983 (Wet op Kindersorg, 1983) maak tans op twee wyses vir substituutsorg vir straatkinders voorsiening: eerstens, deur plasing by 'n skuiling waar daar in die basiese behoeftes van die straatkind voorsien word, en tweedens, deur permanente plasing waar kinders se gesinssituasies nie gunstig is om na terug te keer nie en hulle op alternatiewe sorg aangewese is (Schurink & Tiba, 1993:20-21). Laasgenoemde outeurs wys daarop dat daar leemtes vir alternatiewe hantering van straatkinders bestaan, aangesien straatkinders nie gunstig op die bestaande wettige prosedures reageer nie.

Die praktiese uitvoering van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 (Wet op Kindersorg, 1983) se prosedures vir straatkinders is nie voor die hand liggend, soos wanneer daar met kinders in ander omstandighede gehandel word nie. In die praktyk blyk dit dat gewone residensiële inrigtings traag is om die betrokke kinders te akkommodeer, en dat dit byna onmoontlik is om binne 48 uur 'n Vorm 4 (die vorm gee magtiging aan 'n maatskaplike werker of polisiebeampte om 'n kind te beveilig) vir 'n straatkind volledig te voltooi om deur die Kinderhof te bekragtig. Tydens die eerste kontak is die identifiserende besonderhede van die straatkind se ouers en homself/haarself vaag en meestal onwaar. Dit is dus moeilik om die vorm met korrekte inligting te voltooi wat vir bekragtiging aan die Kommissaris van Kindersorg voorgelê kan word. As gevolg van hierdie gebrek aan korrekte inligting kan die gesinsorganisasie in die gemeenskap van oorspong nie sinvol betrek word nie.

As gevolg van straatkinders se persoonlikheidseienskappe blyk dit voorts dat hulle ook nie met 'n privaatreëling in die praktyk geakkommodeer kan word nie. Straatkinders gee die meeste van die tyd nie die regte inligting betreffende hulle gesinsomstandighede weer nie en die risiko bestaan dat hulle die inrigting spontaan sonder toestemming sal verlaat. Diegene wat met straatkinders handel, is daarom aangewese op skuilings of plekke van veiligheid wat bekend is met straatkinders en hulle unieke omstandighede en persoonlikheidseienskappe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5 PROFIEL VAN DIE STRAATKIND

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die profiel van die straatkind aan die hand van sosio-demografiese, sosio-ekonomiese, sosio-kulturele en sosio-opvoedkundige aspekte bespreek word. Die unieke persoonlikheidseienskappe sal ook aandag geniet.

Die profiel van die straatkind verklaar die aard en omvang van hierdie sosiale verskynsel. Baizer (1990:5) is van mening dat demografie, familiestruktuur en sosiale klas as redes vir die verskynsel van straatkinders aangevoer kan word. Ennew (1986) voer aan dat die dinamika van gesinne in ag geneem moet word om die komplekse redes wat daartoe aanleiding gee dat straatkinders hulle gesinne verlaat, te verstaan.

Lusk *et al.* (1989:297) asook Smit en Van Schalkwyk (1998:335) toon aan dat straatkinders nie 'n homogene groep is nie. Le Roux en Smith (1998b) verduidelik laasgenoemde uitgangspunt deur na straatkinders se verskillende oorlewingstyle te verwys. Dit kan byvoorbeeld wees om in 'n groep te funksioneer, of om te bedel om in hulle eie behoeftes te voorsien.

Williams (1993:833) beskryf die sosio-ekonomiese verskynsel van straatkinders deur middel van verskillende vlakke:

- voordelige straatgebruik, waar die primêre doel is om inkomste te genereer;
- veronderstelde volwasse status, waar vryheid op straat geniet word;
- skooluitsluiting, waar die straatkind nie goed vaar op skool nie of nie die middele het om skool by te woon nie; en
- degeneratiewe vervreemding, waar die straatlewe die alternatief vir die gesinslewe is.

Schurink en Tiba (1993:20) verwys na die Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg se onderskeid tussen drie stelsels wat tot die verskynsel van straatkinders aanleiding gee: makrostelsels (die gemeenskap en regering), mesostelsels (die familie) en mikrostelsels (die individu). Die genoemde vlakke en stelsels word in die volgende besprekings geïntegreer.

2.5.1 Sosio-demografiese aspekte

Die literatuur aangaande die demografiese aspekte van straatkinders wat vir die doeleindes van hierdie studie bestudeer is, verwys meestal na geslag en ouderdomsverspreiding. Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

Navorsing toon dat straatkinders oorwegend manlik is (Aptekar, 1994; Baker, 1997; Chetty, 1997:81; Gurgel *et al.*, 2004; Le Roux, 1996b; Le Roux en Smith, 1998:684b; Richter, 1991:7; Smit, 1998). Aptekar (1994) gaan verder deur aan te voer dat daar tussen ontwikkelende lande, waar straatkinders seuns is, en ontwikkelde lande, waar straatkinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seuns en meisies is, onderskei kan word. Lusk *et al.* (1989:294) en Suda (1997:206) is dit eens dat straatkinders meestal seuns van groot gesinne, met vier tot sewe kinders, is.

In 1999 was 74% van die straatkinders in skuilings in Suid-Afrika seuns (The Office on the Rights of the Child, 2001:120). Die oorsake van hierdie demografiese verskynsel word in paragraaf 2.5.3 in nadere besonderhede verduidelik.

Ouderdomsverspreiding verskil in onderskeie studies. Die verskeie navorsers se bevindings word soos volg uiteengesit:

Tabel 2.1 Ouderdomsverspreiding van straatkinders

Navorser	**Ouderdomverspreiding van straatkinders**													
	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18
Le Roux (1996b)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Smit (1998)			-	-	-	-	-	-	-	-	-	-		
Chetty (1997:78)							-	-	-	-	-			
Baker (1997)							-	-	-	-				
Richter (1991:7)									-	-	-	-		

Volgens Figuur 2.1 is die gemiddelde ouderdom van kinders op straat 13 tot 14 jaar. Hierdie bevinding stem ooreen met Le Roux (1996b) se data wat hy in 1993 tydens sy ondersoek in Pretoria bekom het.

2.5.2 Sosio-ekonomiese aspekte

Die sosio-ekonomiese omstandighede van die gesin waaruit die straatkind kom, blyk alle fasette van die straatkind se maatskaplike funksionering te raak, en nie net die finansiële faset nie. In die bespreking van die sosio-ekonomiese aspekte word daar gefokus op die verskillende ekonomiese redes wat tot die straatkindverskynsel aanleiding gee.

2.5.2.1 Armoede

Armoede word deur die meerderheid navorsers gesien as die grootste rede waarom straatkinders hulle gesinne verlaat (Aptekar, 1994; Aptekar, 2001; Cockburn, 1991:12; De Moura, 2002:355; Drake, 1989:15a; Kanji, 1996; L'Homme & Barakat, 1998; Le Roux, 1996a; Le Roux & Smith, 1998:686b; Lugalla & Mbwambo, 1999:333; Lusk, 1992:295-296; Lusk *et al.*,1989:294; Monteiro & Dollinger, 1998; Olufemi & Olufemi, 2003; Ortiz & Poertner,1992:406; Richter 1991:7; Shanahan, 1999:5; Smit & Liebenberg, 2000:28; Suda, 1997:205; Veeran, 1999b:229; Williams, 1993:837).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Baker (1997) argumenteer dat armoede as 'n relatiewe begrip beskou kan word. Hy het bevind dat sommige straatkinders armoede nie as oorsaak van hulle omstandighede kan identifiseer nie. Richter en Swart-Kruger (2001) sien armoede nie net as 'n gebrek aan inkomste nie, maar ook 'n gebrek aan geleenthede om inkomste te genereer. Porteus *et al.* (2000:10) sluit hierby aan en voeg by dat armoede tot sosiale isolasie lei. Sosiale isolasie verwys nie net na 'n gebrek aan sosiale ondersteuningstelsels nie, maar ook na leemtes rakende ondersteuning van uitgebreide families vir enkelouers.

Navorsersverslae deur Ennew (1986) en UNICEF (2001:99) beskou armoede nie as die enigste rede waarom gesinne opbreek of ouers hulle kinders verlaat of uitbuit nie. Ander redes wat aangevoer word, is:

- verstedeliking (Baizer,1990:4; Le Roux & Smith, 1998b:686; Scalon *et al.,*1998; Shanahan, 1999:5; Suda, 1997);
- werkloosheid (Cockburn, 1991:12; Drake, 1989a:15; Le Roux & Smith, 1998b:686; Scalon *et al.,* 1998); en
- modernisering (Aptekar 1994).

Lusk (1992:295-296), Baker (1997), Ennew (1986) en Le Roux en Smith (1998b:686) is van mening dat straatkinders as gevolg van finansiële redes op straat leef. Daar is tuis nie voldoende fondse vir versorging nie. Straatkinders soek dus op straat finansiële ondersteuning vir hulleself en hulle families (Baker, 1997; Ortiz & Poertner 1992:406).

Donald en Swart-Kruger (1994) is van mening dat straatkinders algemeen betrokke is by inkomstegenererende aktiwiteite om óf hulleself óf hulle familie te help. Die aanvaarding hiervan as normaal hang egter van sowel kulturele norme as strukturele en sosio-ekonomiese faktore in verskillende samelewings af (Aptekar, 2001). Baizer (1990:4) voer aan dat sommige straatkinders ongeskoolde arbeid verrig. Hierdie vorm van arbeid sluit goedkoop arbeid en kontrakwerk in. So kapitaliseer sowel die samelewing as die ouers op straatkinders.

2.5.2.2 Behuisingsprobleme

Cockburn (1991:12), Schurink en Mathye (1993:7) en Current Events (2004) noem oorbewoning as rede vir die straatkindverskynsel. Chetty (1997:83) het in haar navorsing bevind dat straatkinders meestal uit informele behuisingsgebiede kom. 'n Verdere probleem, naamlik verlies aan privaatheid, ontstaan as gevolg van oorbewoning en informele behuising (Monteiro & Dolliger, 1998).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.2.3 Gekombineerde faktore

Scanlon *et al.* (1998) sien die ekonomie, politiek, geweld en grondhervorming as faktore wat met die straatkindverskynsel verband hou. Dit blyk veral 'n impak op die sosio-ekonomiese funksionering van 'n gesin te hê. Die swak sosio-ekonomiese omstandighede van 'n gesin blyk negatief en beperkend vir die straatkind te wees. Dit motiveer hulle om na 'n omgewing met oënskynlik beter ekonomiese omstandighede te beweeg.

2.5.3 Sosio-kulturele aspekte

Die gesin word beskou as die primêre instelling waarbinne die kind funksioneer. Kennis, oortuigings, waardes, gebruike en sosiale vaardighede word binne die gesin aangeleer. Dit berei die kind voor om deel van die hoofstroom van die samelewing te word. Dit blyk egter dat negatiewe veranderinge binne die gesin aanleiding gee tot sosiale simptome waarop die samelewing nie voorbereid is nie. Een van hierdie simptome van negatiewe veranderinge is die straatkindverskynsel. Die volgende aspekte wat hierop betrekking het, gaan hier bespreek word: veranderde gesinsomstandighede, onuithoubare gesinsomstandighede, vroue aan die hoof van huishouding, die afwesige vaderfiguur, sosiale patologie van gesinne, straatkinders se kontak met hulle ouerhuise en dubbele vervreemding.

2.5.3.1 Veranderde gesinsomstandighede

Suda (1997:202) het bevind dat die uitgebreide familiestelsels in die Afrika-kultuur en ideologie as gevolg van sosiale, ekonomiese en kulturele veranderinge verswak. Veranderinge in die sosiale strukture en verhoudings binne gesinne, byvoorbeeld egskeiding, konflik en aanpassing by stiefouers, kom voor (Lugalla & Mbwambo, 1999:333). Le Roux en Smith (1998b:685), De Moura (2002:355) Olufemi en Olufemi (2003) en Shah (2000) vestig die aandag op straatkinders se ongunstige familiegeskiedenis asook die verbrokkeling van hulle gesinne. Die kinders se verhouding met en optrede teenoor hulle gesinne binne hierdie veranderde omstandighede gee aanleiding daartoe dat hulle op straat verkeer (Lusk *et al.,* 1989:297). Ennew (1986) verwys na hierdie gesinne as gesinne in moeilike omstandighede, wat in hedendaagse terme as hoërisiko-gesinne bekend staan.

2.5.3.2 Onuithoubare gesinsomstandighede

Brink (2001:80), Williams (1993:834) en Le Roux (1996a) is dit eens dat gesinsomstandighede wat interpersoonlike en familieprobleme insluit, vir straatkinders onuithoubaar word en dat wegloop as die enigste opsie gesien word om die spanning te verlig en verdere mishandeling te voorkom. Le Roux (1996b) en Veeran (1999a:56) verklaar die kinders se reaksie deur te verwys na drukfaktore (*push factors*) – die onuithoubare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede tuis – en trekfaktore (*pull factors*) – die oënskynlik aantreklike en beter lewe op straat.

2.5.3.3 Vroue aan die hoof van die huishouding

Aptekar (1994), Baker (1997), Drake (1989a:14), Suda (1997:210) asook Le Roux en Smith (1998b:684) vind dat die huise waaruit straatkinders kom, oorwegend vroue aan die hoof van die huishouding het, ook as enkelouers. Aptekar (2001) het bevind dat ten minste 75% van straatkinders wêreldwyd uit huise kom waar vroue aan die hoof van die huishouding staan. In sulke gevalle word seuns gesosialiseer om die huis vroeg te verlaat, baie vroeër as in Westerse middelklasgemeenskappe, en dogters word aangemoedig om by die huis te bly, veel langer as in 'n tipiese ontwikkelde land. Chetty (1997:81) verduidelik dat mans volgens die patriargale stelsel veronderstel is om baie tyd buite die huis deur te bring en meisies geleer word om huiswerk te doen en onderdanig te wees.

Lugalla en Mbwambo (1999:333) gaan verder deur te verduidelik dat die verantwoordelikheid van enkelouerskap vir die moeder te veel word. Dit beïnvloed haar verhouding met haar kinders. Die rolverwarring wat by patriargale stelsels ontstaan, plaas meer spanning op die gesin, wat tot onstabiliteit lei. Schurinck (1995:78) sê dat situasies waarin vaders afwesig is, spanningsvol vir seuns is, aangesien hulle nie soveel positiewe ondersteuning van hulle moeders, onderwysers en portuurgroepe ontvang as dogters nie. Volgens Suda (1997:212) aanvaar dogters die gesag van moeders makliker as seuns. Le Roux (1996b) is ook van mening dat wanneer 'n gesin verbrokkel, die uitgebreide familie of gemeenskap eerder die meisies as die seuns in hulle sorg neem.

2.5.3.4 Afwesige vaderfiguur

In aansluiting by die voorafgaande bespreking oor vroue aan die hoof van die huishouding, verwys L'Homme en Barakat (1998) asook Le Roux en Smith (1998b:684) na die afwesigheid van 'n positiewe vaderfiguur, wat as ouerlike verwerping beleef kan word. Scalon *et al.* (1998) beweer dat die aftakeling van gesinne toegeskryf kan word aan die afwesige vaderfiguur. Hy verwys verder na die gebrek aan wedersydse goedhartigheid tussen ouers. Aptekar (2001) vestig die aandag daarop dat, anders as in ekonomies welvarende gemeenskappe, die hoof van die huis in arm gemeenskappe meestal vrouens is, wat daartoe bydra dat die seuns se respek vir gesag negatief beïnvloed word en hulle hulle nie aan gesag steur nie. Baker (1997) asook Smit en Liebenberg (2000:28) verwys na die swak verhouding tussen straatkinders en hulle stiefvaders. Dit beïnvloed beslis die postmoderne families, waar daar sowel kinders van verskillende ouers as verskillende ouers in een gesin is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.3.5 Sosiale patologie van gesinne

Verskeie sosiale patologieë kom in die gesinne van straatkinders voor. Alkoholisme en kinderverwaarlosing word deur Aptekar (1994), Le Roux en Smith (1998b:686) en Richter (1991:7) genoem as redes om op straat te leef. Chetty (1997:88) het bevind dat gesinne wat disfunksioneel en onstabiel is, deur konflik en verwaarlosing gekenmerk word. L'Homme en Barakat (1998), Baker (1997), Ennew (1986), Scanlon (1998) en Suda (1997) beskou gesinsgeweld as redes vir die straatkindverskynsel. Ander navorsers voer aan dat straatkinders meestal van groot families afkomstig is waar ook fisieke mishandeling voorkom (Baker, 1997; Lusk, 1992:299; Lusk *et al.*, 1989:294).

2.5.3.6 Straatkinders se kontak met hulle ouerhuise

Volgens Lusk (1992:294) en Richter (1991:7) het navorsing getoon dat 'n minderheid van straatkinders wat op straat woon en werk nie by hulle families van oorsprong betrokke is of sporadies met hulle in verbinding tree nie. Lusk (1992:293) toon aan dat die meeste straatkinders konstant tussen hulle huise en die straat beweeg en daarom is dit moeilik om die statistiek te bepaal. Volgens Bellamy (1997) toon internasionale navorsing dat net 5% tot 10% straatkinders op straat slaap. Die meerderheid straatkinders keer in die aand terug huis toe.

2.5.3.7 Dubbele vervreemding

Williams (1993:839) voer aan dat dubbele vervreemding plaasvind, aangesien die straatkind sowel sy huis as sy skool verlaat. So word hulle van al die groepe in hulle gemeenskap vervreemd – die gesin, ondersteuningsgroepe en die sosiale netwerk.

Hierdie netwerk, sekuriteit en ondersteuning word volgens Aptekar (1994) en Smit (1998) met die portuurgroep vervang. Ortiz & Poertner (1992:405-406) voer aan dat die straatkind buite die sosiale instellings van 'n gesin en skool grootword en as 'n volwassene funksioneer. Hulle speel, eet, slaap en werk op straat. Lusk *et al.* (1989:296) voer aan dat straatkinders beperkte of geen volwassse toesig geniet. Maar op straat geniet die straatkind informele beskerming deur óf ouer mense op straat óf die portuurgroep. Hierdie situasie het sekere implikasies vir straatkinders. Le Roux (1996b) voer aan dat, hoe langer die kind buite sy gesin op straat funksioneer, hoe skraler word die moontlikheid dat hy sal rehabiliteer en groter die moontlikheid dat hy eerder in die straatlewe opgeneem sal word.

UNICEF (2001:99) voer aan dat straatkinders se waardes en norme van ander kinders verskil, omdat daar 'n gebrek aan ouerlike leiding en gesag is. Die sosiale instellings wat die waardes en normes vir straatkinders moet leer, slaag nie daarin nie, omdat straatkinders vir tydperke nie in hulle teenwoordigheid is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.4 Sosio-opvoedkundige aspekte

Die twee belangrikste instellings vir die vorming van die kind se lewe, naamlik die gesin en skool, is interafhanklik van mekaar. Chetty (1997:81) het bevind dat straatkinders reeds lang tydperke in hulle gemeenskap van oorsprong deurgebring het alvorens hulle hulle na die straat gekeer het. Die kinders het ook vir 4 tot 6 jaar beperkte skoolopleiding ontvang. In die geval van straatkinders het die instellings misluk om hulle in hulle gemeenskap van oorsprong te ondervang en te ondersteun. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar op die rol van die skool, die verband tussen armoede en skoolbywoning, onaangename skoolervaring en die straatkind se skolastiese vermoëns gefokus.

2.5.4.1 Rol van die skool

Drake (1989a:14) en Hemenway (1996) is van mening dat die meeste opvoedkundige stelsels net gunstig is vir die kind wat op skool goed vaar. L'Homme en Barakat (1998) asook Portues *et al.* (2000:11) beskou dit as 'n onvermoë van skole om die kind wat ondersteuning en ekstra aandag nodig het, te help.

Porteus *et al.* (2000:11) voer aan dat daar soms strukturele probleme ten opsigte van akkommodasie by skole bestaan, veral wanneer gesinne van sekere gebiede wegbeweeg en dan probleme ondervind om toegang tot skole in die nuwe gebiede te kry. Portues *et al.* (2000:11) verwys daarna dat 'n gebrek aan die nodige dokumentasie, soos die kind se geboortesertifikaat, daartoe kan bydra dat die kind nie by die skool ingeskryf kan word nie. Hierdie dokumentasie gaan soms verlore as gevolg van faktore soos herhaalde verhuising van die ouers. Dit wil ook voorkom asof die ouers nie die kind ondersteun om skool by te woon nie. Suda (1997) het bevind dat die ouers van straatkinders self beperkte skoolopleiding van een tot vier jaar ontvang het.

2.5.4.2 Armoede en skoolbywoning

Baker (1997), Portues *et al.* (200:10) en Veeran (1999b:229) beskou armoede as 'n onderliggende probleem vir skoolverlating, omdat die ouers nie die vermoë het om kostes verbonde aan skoolbywoning te betaal nie.

2.5.4.3 Onaangename skoolervaring

Le Roux en Smith (1998b:686), Richter (1991:7) asook Smit en Liebenberg (2000:28) beskou die straatkind se skoolverlating as 'n wyse om van slegte skoolervarings te ontsnap. Williams (1993:836), daarteenoor, verkies om eerder na skooluitsluiting as na skoolverlating te verwys. Hierdeur word die blaam van straatkinders, wat die slagoffers van hulle eie omstandighede is, weggeneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.4.4 Skolastiese vermoëns van die straatkind

Verskeie faktore speel 'n rol in oneffektiewe skoolstelsels en onaangename skoolervarings van straatkinders. Skoolverlating verbeter egter nie die straatkind se geleenthede om 'n beter skoolopleiding elders te ontvang nie. Smit (1998) voer aan dat die straatkind sy skolastiese vordering oor 'n tydperk verloor, veral as hy lank op straat bly. Hy noem ook dat die subkultuur wat as gevolg van die dinamika, avontuur, geld en vryheid op straat ontstaan, die straatkind motiveer om langer te bly. Die lewenstyl pas en bevorder die straatkind se karaktereienskappe, maar nie sy skolatiese vermoëns nie. Volgens Donald en Swart-Kruger (1994) beïnvloed die gebruik van inhaleermiddels straatkinders se kognitiewe en opvoedkundige ontwikkeling negatief, veral hulle konsentrasie, aandagspan en geheue.

2.5.5 Persoonlikheidseienskappe van straatkinders

Die straatkind se persoonlikheidseienskappe word binne die gesinstruktuur gevorm en dra by tot sy reaksie op sy omstandighede. Hierdie persoonlikheidseienskappe van straatkinders word vervolgens in terme van hulle mobiliteit, niekonformerende gedrag, groepsfunksionering, manipulerende gedrag, wantroue teenoor volwassenes en tydsbegrip bespreek. Daar word ook op die positiewe aspekte van hulle persoonlikheidseienskappe gefokus, naamlik die vertolking van volwassenes se rolle en hulle ingesteldheid op hulle onmiddellike behoeftes.

2.5.5.1 Mobiliteit van straatkinders

Brink (2001:80), Cockburn (1991:13), Williams (1993:834) en Le Roux (1996a) verwys na straatkinders se vermoë om weg te loop van die onuithoubare omstandighede wat hulle binne hulle gesinne ervaar. Richter (1991:7) beskryf dit as gewoontevormende gedrag. Straatkinders openbaar hierdie mobiliteitseienskap ook by instellings of programme, en hulle beweeg maklik tussen gebiede en skuilings (Gurgel *et al.*, 2004; Veeran, 1999b:232).

2.5.5.2 Nie-konformerende gedrag

Drake (1989b:14), Williams (1993:835), L'Homme en Barakat (1998) asook Monteiro en Dolliger (1998) is dit eens dat straatkinders die vryheid wat hulle op straat ervaar, geniet. Hulle skyn nie van dissipline en beperkinge te hou nie (Smit, 1998). De Moura (2002:358) verwys hierna as straatkinders se niekonformerende gedrag.

2.5.5.3 Groepfunksionering

Baizer (1990:4), Monteiro en Dolliger (1998), Richter (1991:7) en Suda (1997:215) wys daarop dat straatkinders in groepe funksioneer. Le Roux en Smith (1998b:684) voer saam met Shan (2000) aan dat die sterk groepsgevoel die familie ten opsigte van emosionele en ekonomiese versorging vervang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van hierdie groepsgevoel kom onderlinge geweld in die groep tog voor (Drake, 1989b:14). Williams (1993:835) beskou straatkinders as selfgeldend, wat beteken dat hulle hulle eie lewe beheer, gelykstaande aan 'n volwassenese lewenstyl. Dit beteken dat straatkinders wel as individue in groepe funksioneer.

2.5.5.4 Manipulerende gedrag

Volgens Aptekar (1994) en Cockburn (1991:13) is straatkinders manipulerend. Hulle word ook as onvoorspelbaar en aggressief beskryf (Maphatane & Schurink 1993b:143). Ennew (1986) verwys na hulle onvoorspelbaarheid, temperamentele geaardheid en gebrek aan emosionele beheer. Brink (2001:81), Drake (1989b:14), Richter (1991:7) asook Le Roux en Smith (1998b:684) beskryf straatkinders se dwelmmisbruik. Dit behels meestal gom of inhaleermiddels wat hulle gedrag onvoorspelbaar maak en hulle impulsief laat optree. Straatkinders se gesins- en straatomstandighede bevorder nie hulle emosionele groei nie en hulle kry die geleentheid om negatiewe emosionele gedrag op straat uit te leef.

Hemenway (1996) verduidelik dat daar sekere stereotiperinge van straatkinders bestaan, byvoorbeeld dat hulle teen die samelewing rebelleer, en op die onmiddellike ingestel is. Hy voer aan dat straatkinders vir diensverskaffers vertel wat hulle dink hulle wil hoor en dat hulle nie opvoedkundige geleenthede het nie. Hulle is op die onmiddellike ingestel, nie omdat hulle 'n persoonlikheidsafwyking het nie, maar omdat daar 'n behoefte aan basiese noodsaaklikhede is.

2.5.5.5 Houding teenoor volwassenes

Straatkinders vertrou nie volwassenes nie omdat hulle blootgestel is aan ongunstige gesinsomstandighede byvoorbeeld ouerlike verwerping en fisiese ontberinge (Drake, 1989b:14; L'Homme & Barakat, 1998; Le Roux & Smith, 1998b:684; Smit, 1998; Sauve, 2003:14). Hulle vertrou eerder hulle portuurgroep om byvoorbeeld vir hulle beskerming te bied, aangesien hulle maklik deel van die straatportuurgroep vorm.

2.5.5.6 Tydsbegrip

Baker (1997) noem dat straatkinders hulle begrip vir tyd verloor met betrekking tot die lang tydperke wat hulle op straat deurbring. Ennew (1986) is van mening dat straatkinders se konsentrasiespan verminder as gevolg van hulle lewenstyl. Le Roux en Smith (1998b:684) sluit hierby aan deur aan te voer dat die tydperk wat die straatkind op straat bly, sy kognitiewe en emosionele funksies negatief beïnvloed. Sy prognose vir rehabilitasie is dan swak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.5.7 Positiewe aspekte van straatkinders se unieke persoonlikheidseienskappe

Navorsers soos Richter (1996:219) identifiseer ook die positiewe aspekte van straatkinders se persoonlikheidseienskappe. Die navorsing toon dat straatkinders se intellektuele en probleemoplossingsvermoëns bo verwagting is, ten spyte van hulle agtergrond. Aptekar (2001) is van mening dat straatkinders voldoende funksioneer, in die lig van hulle omstandighede gesien. Shah (2000) beskou die besluit van straatkinders om hulle gesinne te verlaat in 'n meer positiewe lig en voer aan dat dit 'n manier is om aan hulle emosionele behoeftes te voldoen. Beide Donald en Swart-Kruger (1994) en Le Roux en Smith (1998d) vestig die aandag daarop dat, alhoewel daar bewys van ontwikkelingsrisiko's is, daar ook bewyse van vindingrykheid, herstel en aanpasbaarheid is.

2.5.5.8 Vertolking van volwassenes se rolle

Daar word aangevoer dat straatkinders volwassenes se rolle aanneem terwyl die meeste van hulle portuurgroep nog op skool is (Veeran, 1999a:55). Donald en Swart-Kruger (1994) lig uit dat, alhoewel straatkinders gedwing word om te oorleef asof hulle volwassenes is, hulle tog nie volwassenes is nie en daarom nie oor die bronne of krag beskik wat met volwassenheid gepaard gaan nie. Die rolverwarring word versterk deur dualistiese verwagtinge ten opsigte van straatkinders. Hulle word in 'n volwasse lewe ingedwing, maar daar word van hulle verwag om hulle aan gesag te onderwerp.

2.5.6 Gesondheid

Bacos *et al.* (2002) is van mening dat daar verskillende faktore is wat die kind se gesondheidstoestand beïnvloed, naamlik:

- tydperk op straat;
- gemiddelde inkomste;
- metode van inkomste en
- spandering van inkomste.

Sorsa *et al.* (2002) is ook van mening dat straatkinders se inkomste 'n rol met betrekking tot hulle gesondheidstoestand speel. As gevolg van straatkinders se inkonsekwente inkomste en gebrek aan ouertoesig, bestaan daar leemtes ten opsigte van hulle voeding, gesondheid en bestaansmiddele. Vir die doeleindes van hierdie studie word die algemene gesondheidsprobleme van straatkinders, hulle voeding en aannames oor seksueel oordraagbare siektes bespreek.

2.5.6.1 Algemene gesondheidsprobleme

Die gesondheidsprobleme wat algemeen onder straatkinders voorkom, is respiratoriese infeksie, velprobleme, tandprobleme en infektiewe wonde (The Office on the Rights of the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Child, 2001:128). Sorsa *et al.* (2002) het bevind dat malaria, respiratoriese siektes en diarree die siektetoestande is wat straatkinders in Suid-Ethopië die meeste opdoen. In Nairobi word straatkinders aan verskeie gesondsheidprobleme, soos diarree, verkoues en seksueel oordraagbare siektes, blootgestel (Suda, 1997:214). Dit blyk dus dat, wanneer die gesondheidstoestande van straatkinders vergelyk word, daar ooreenstemming met straatkinders in verskillende lande is.

Daar is egter bevind dat straatkinders in ontwikkelende lande gesonder is as wat aanvanklik vermoed is en dat hulle fisies aangepas is om te oorleef. Hulle is soms gesonder as kinders in stabiele gesinne in afgeleë gebiede (Street children surprisingly healthy, 2002).

2.5.6.2 Wanvoeding

Cockburn (1991:13), Le Roux en Smith (1998:684b) en Suda (1997:207) vestig die aandag daarop dat straatkinders jonger as hulle kronologiese ouderdom voorkom. Hierdie probleem word veroorsaak deur wanvoeding tydens hulle vroeë kinderjare (The Office on the Rights of the Child, 2001:128). Cockburn (1991:13), Bacos *et al.* (2002), Suda (1997:207) en Sorsa *et al.* (2002) beskou wanvoeding as 'n belangrike faktor wat tot straatkinders se gesondheidstoestand bydra.

2.5.6.3 Seksuele misbruik en seksueel oordraagbare siektes

Straatkinders raak betreklik maklik by seksuele aktiwiteite betrokke (Hewitt, 2003). Alhoewel sowel seuns as meisies hierby betrokke raak, is die risiko om deur 'n vreemde persoon of selfs iemand uit hulle groep verkrag te word, groter vir meisies. Straatkinders word primêr by prostitusie betrokke omdat dit vir hulle finansiële voordeel inhou. Hulle word ook soms deur tussengangers beheer om die seksuele dade te verrig (Thiel, 1997). Die inkomste wat hulle hierdeur bekom, is meer as dié afkomstig van bedelary.

'n Studie wat in 2003 in Durban gedoen is, het bewys dat die meerderheid van straatkinders nie met MIV geïnfekteer is nie (Hewitt, 2003). Dit blyk eerder dat hulle van gesinne afkomstig is waar 'n ouer geïnfekteer is. 'n Soortgelyke studie is in 1991 met straatkinders in Kaapstad gedoen (Cockburn, 1991). Die studie het bevind dat geen kind op daardie stadium met MIV geïnfekteer was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6 AFWAARTSE SPIRAAL VAN STRAATKINDERS SE MAATSKAPLIKE AGTERUITGANG

Vanuit die voorafgaande literatuurstudie in hierdie hoofstuk blyk dit dat daar twee parallelle prosesse wat die verloop van die straatkindverskynsel bepaal. Die een proses is die maatskaplike agteruitgang van straatkinders soos in die afwaartse spiraal in Figuur 2.1 uitgebeeld word.

Figuur 2.1 Afwaartse spiraal van straatkinders se maatskaplike agteruitgang

Die maatskaplike agteruitgang begin in die gesinsopset, eers met sosio-ekonomiese agteruitgang en dan met sosio-kulturele agteruitgang. As gevolg van 'n gebrek aan ondersteuningstelsels in die gemeenskap vind sosio-opvoedkundige agteruitgang ook plaas. Kinders bevind hulle in gasheergemeenskappe, en dan op straat. Die kinders se persoonlikheidseienskappe speel 'n deurlopende rol in die proses.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Parallel met die proses wat in Figuur 2.1 uitgebeeld word, is die proses waartydens die kinders stelselmatig na die gasheergemeenskappe begin beweeg, maar tog na hulle gesinne terugkeer. Later bring hulle al hoe meer tyd in die gemeenskappe deur en keer sporadies na hulle gesinne terug, totdat hulle later alle kontak met hulle gesinne verloor en op straat leef. Daar blyk dus 'n verband tussen ekonomiese agteruitgang, hoërisiko-gesinne en die verskynsel van straatkinders te wees.

2.7 SAMEVATTING

Die straatkindverskynsel blyk universeel te wees en die samelewing se reaksie daarop is dieselfde, ongeag waar straatkinders hulle bevind. Die persepsies van die burgerlike samelewing rakende straatkinders is nie realisties of op feitelike inligting gebaseer nie – eerder op afleidings – en beïnvloed houdings teenoor hulle verder.

Alhoewel die Konvensie van die Regte vir Kinders (1989) sowel as die Grondwet van Suid-Afrika (1996) aan die regte van kinders erkenning gee, is die straatkind nie spesifiek in enige wetgewing vervat nie. Beleidsdokumente, soos die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), verwys wel na straatkinders as 'n sosiale verskynsel wat aandag moet geniet.

Heelwat navorsing oor straatkinders is reeds gedoen en dit blyk dat die twee belangrikste instellings in 'n kind se lewe, naamlik die gesin en opvoedkundige instellings, straatkinders gefaal het. Die bevindinge van hierdie navorsing fokus op sosiaalverwante probleme wat met mekaar verband hou. Die belangrikste sosio-ekonomiese faktore is armoede, verstedeliking en werkloosheid. Daar is ook sosio-kulturele probleme, soos die verbrokkeling van gesinne en veranderinge in gesinne se versorgingstrukture. Navorsing het getoon dat seuns die meeste deur die sosio-kulturele probleme beïnvloed word. Straatkinders se skolastiese opvoeding ly daaronder dat ouers nie oor die emosionele of ekonomiese vermoëns beskik om die kind aan te moedig om skool by te woon nie. Verder beskik instellings nie oor die vermoë om die kind te ondervang indien die gesin verbrokkel nie. Straatkinders se unieke karaktereienskappe versterk die kind in sy alternatiewe lewenstyl. Dit is egter opvallend dat daar positiewe opmerkings oor die karaktereienskappe van straatkinders gemaak word. Die gesondheidsaspekte van straatkinders blyk nie veel te verskil van ander kinders wat aan swak versorging en wanvoeding blootgestel is nie.

In die volgende hoofstuk word aandag geskenk aan intervensieprogramme wat op straatkinders as sosiale verskynsel gemik is, met ander woorde, die pogings wat aangewend word om die afwaartse spiraal van straatkinders se maatskaplike agteruitgang, om te keer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME VIR STRAATKINDERS

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die maatskaplike-intervensiestrategieë en -programme vir straatkinders ondersoek en bespreek, ten einde vas te stel op watter wyse die verskynsel van straatkinders deur maatskaplike dienslewering in die praktyk beïnvloed word. Verskillende navorsers se uitgangspunte en voorstelle ten opsigte van hierdie programme word ondersoek. Die praktiese toepassing van bestaande programme vir straatkinders word verken, ten einde die verband tussen studies en bestaande projekte te identifiseer.

Alhoewel daar welsynsprogramme vir straatkinders bestaan, blyk dit gefragmenteerd te wees, en fokus dit nie op die verskynsel van straatkinders in sy totaliteit nie (The Office on the Rights of the Child, 2001:125). Dit laat die vraag ontstaan watter programme beskikbaar is en wat tot die fragmentering van dienslewering aanleiding gee. Die straatkindverskynsel as geheel – die straatkind self, sy gesin en gemeenskapstrukture – moet die onderwerp van maatskaplike-intervensiestrategieë en -programme word.

Die verband tussen straatkinders, sosiale probleme en leemtes in gemeenskapstrukture is in die vorige hoofstuk bespreek. Navorsers soos Brink (2001), Hemenway (1996), Ortiz & Poertner (1992) en Smit (1998) maak voorstelle met betrekking tot programme wat op die straatkindverskynsel fokus. Hierdie voorstelle is op bevindinge in hulle navorsing gebaseer en fokus op die straatkind in sy geheel.

Die onderskeid tussen straatkinders as 'n probleem en die probleem van straatkinders is rigtinggewend in die formulering van wetgewing (Lugalla & Mbwambo, 1999:342). Hierdie onderskeid is belangrik vir die formulering van programme vir straatkinders, want so word op die redes vir die verskynsel eerder as op die simptome gefokus. Indien daar net op die simptome gefokus word - straatkinders as 'n probleem – is die oplossing kortstondig en sal die verskynsel weer voorkom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 OMSKRYWING VAN MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING EN MAATSKAPLIKEWELSYNSPROGRAMME

Ten einde duidelikheid te verkry oor die gebruik van die begrip "maatskaplikewelsyns-programme" word maatskaplikewerkhulpverlening en maatskaplikewelsynsprogramme vervolgens onderskei.

"Maatskaplikewerkhulpverlening" word gedefinieer as 'n proses waarvolgens 'n maatskaplike werker, binne 'n professionele verhouding, bepaalde metodes en tegnieke aanwend, funksies en take uitvoer en hulpbronne benut om maatskaplike probleme te voorkom, te verlig of uit die weg te ruim, om die maatskaplike funksionering van 'n kliëntstelsel te bevorder (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:41).

Die begrip "maatskaplikewelsynsprogramme" word gedefinieer as 'n beplande reeks maatskaplikewerkhandelinge en ander aktiwiteite gerig op die verbetering van die maatskaplike funksionering van vooraf bepaalde teikengroepe en 'n spesifieke diensveld (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk,1995:40).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrip "maatskaplikewerkprogramme" gebruik om na bogenoemde maatskaplikewerkhandelinge met straatkinders te verwys, aangesien maatskaplike werkers van intervensieprogramme gebruik maak om die probleem van straatkinders te hanteer.

3.3 BELEID EN WETGEWING RAKENDE MAATSKAPLIKEWERK-PROGRAMME VIR STRAATKINDERS

Omdat beleid en wetgewing 'n noodsaaklike deel van dienslewering aan kinders is, word daar in hierdie studie spesifiek op beleid en wetgewing vir die straatkindverskynsel gefokus. Dit is hoofsaaklik nieregeringsorganisasies in Suid-Afrika wat 'n leidende rol in die ontwikkeling van maatskaplikewerksprogramme vir straatkinders speel (Mathye, 1994; Smit & Van Schalkwyk, 1998:335; Veeran, 1999b:222), ook in ander lande soos Brasilië, Senegal, Ghana, Nepal en Zambië (Cwin-Nepal, 2004; Gurgel *et al.*, 2004; Street Child Africa, 2004).

3.3.1 Wetgewing vir maatskaplikewelsynsprogramme vir straatkinders

Veeran (1999b:22) voer aan dat maatskaplikewelsynsprogramme deur 'n gebrek aan toepaslike wetgewing en betrokkenheid van die regering beïnvloed en beperk word. Verskillende studies is dit eens dat die Wet op Kindersorg 74 van 1983 (Wet op Kindersorg. 1983) nie vir informele handeling met straatkinders voorsiening maak nie (Schurinck & Tiba, 1993:21; Veeran, 1999a: 53).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tans is daar twee dokumente, naamlik die Wetsontwerp vir Kinders (Minister for Social Development, 2002) en die Hersieningsdokument van die Wet op Kindersorg (South African Law Commission, 2002) wat spesifieke voorstelle rakende hulpverlening aan straatkinders maak. Die Wetsontwerp vir Kinders (Minister for Social Development, 2002:181-185) fokus op die rol van verskillende regeringsdepartemente. Die betrokke wetsontwerp beklemtoon die hereniging van straatkinders en hulle gesinne. Die dokument stel voor dat skuilings en ander instellings wat spesifiek vir straatkinders geskik is, by plaaslike regerings geregistreer word indien hulle nie reeds by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is nie. Sodoende kan vasgestel word of hulle aan die minimum standaarde voldoen. Die Hersieningsdokument van die Wet op Kindersorg (South African Law Commission, 2002:181-184) fokus op die daarstelling van regulasies om uitreikprogramme en skuilings vir straatkinders te reguleer. Hierdie dokument stel onder andere voor dat gesinne van straatkinders berading ontvang voordat gesinsherenigingsdienste gelewer word. Sodoende kan die redes waarom die straatkind sy gesin verlaat het, bespreek en moontlik opgelos word.

3.3.2 Beleidsdokumente vir maatskaplikewelsynsprogramme vir straatkinders

Die Witskrif vir Welsyn (Ministery for Welfare and Population Development, 1997:45) verwys na die strategieë wat nodig is om in die straatkind se behoeftes te voorsien.

Die betrokke dokument se uitgangspunte met betrekking tot straatkinders kan soos volg uiteengesit word:

- Die identifisering van hoërisiko-kinders en hulle inskakeling by dienslewering word as 'n voorkomingstrategie beskou.
- Uitreikprogramme word beskou as 'n metode om straatkinders op straat te identifiseer en na toepaslike programme te verwys.
- Skuilings word as 'n tydelike maatstaf gesien, waar die assessering van straatkinders plaasvind.
- Skuilings dien as 'n plek van veiligheid.

Die Witskrif vir Welsyn (Ministery for Welfare and Population Development, 1997) dokument onderskryf ook gesinshereniging of hereniging met gemeenskappe van oorsprong. Die programme wat vir straatkinders saamgestel word, moet volgens die Witskrif die volgende behels:

- herintegrasie met hoofstroomonderwys;
- herintegrasie met hoofstroomsamelewing; en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- behandelingsprogramme vir middelmisbruik en middelafhanklikheid.

Die genoemde programme moet ook gebruikersvriendelik vir straatkinders wees.

Daar is tans nie 'n gestandaardiseerde metode van dataversameling oor straatkinders of die impak wat programme op hulle het nie (The Office on the Rights of the Child, 2001:128).

Lusk (1992:302) voer aan dat nie een vorm van beleid of program in staat sal wees om aan die behoeftes van straatkinders te voldoen nie. 'n Kontinuum van dienslewering, wat wissel van 'n inkomstetoelaag, behuising en rehabilitasie tot alternatiewe opvoedkundige metodes, word voorgestel. Lusk (1992) glo dat hierdie kontinuum die beste oplossing vir die kompleksiteit van die straatkind verskynsel is.

Kanji (1996) stel voor dat stedelike armoede verminder word. Dit kan deur middel van die verbetering van infrastruktuur, werkskepping, gesondheid en voeding asook die opvoeding en kapasiteitsbou van plaaslike regerings bereik word. Straatkinders kan beskou word as 'n verskynsel wat deur strukturele en persoonlike faktore tot stand gekom het (Veeran, 1999b:232). Daarom moet daar ook maatskaplike ontwikkeling, strukturele verandering en houdingsverandering in die samelewing plaasvind.

3.3.3 Rolspelers by die implementering van beleid en wetgewing vir maatskaplike-hulpverlening

Rolspelers, met ander woorde diensverskaffers en gemeenskapsleiers, moet opgevoed word met betrekking tot die kompleksiteit van die probleem van straatkinders (Ortiz & Poertner, 1992:411). Alternatiewe oplossings moet gekry word en verskillende benaderings gevolg word om met die minimum bronne die maksimum getal kinders te bereik. Voorkomingsprogramme moet simpatiek teenoor straatkinders wees (Williams, 1993:839).

Navorsers is van mening dat beleid 'n positiewe impak op straatkinders kan hê (Lugalla & Mbwambo, 1999:331). Dit is daarom belangrik om die kenmerke van die straatkind en die redes waarom hy op straat is, te verstaan ten einde effektiewe programme te ontwikkel.

In sowel die Wetsontwerp vir Kinders (Minister for Social Development, 2002:181-185) as die Hersieningsdokument van die Wet op Kindersorg (South African Law Commission, 2002:181) word daar voorgestel dat die Departemente van Plaaslike Regering (munisipaliteite), Onderwys en Gesondheid 'n prominente rol in die vroeë indentifisering van hoërisiko-gesinne en -families speel ten einde te voorkom dat kinders straatkinders word. Dit blyk dus dat die kommissies dit eens is dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en nieregeringsorganisasies wat maatskaplikewerkhulpverlening aan straatkinders verskaf, nie alleen verantwoordelikheid vir straatkinders as sosiale verskynsel kan aanvaar nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4 BENADERINGS TOT INTERVENSIEPROGRAMME VIR STRAATKINDERS

Volgens Le Roux (1996a) is die straatkindverskynsel 'n sosio-opvoedkundige uitdaging. Bacos *et al.* (2002) beskou dit as 'n deurlopende uitdaging aan maatskaplike en ontwikkelingbeplanners. Die verskillende benaderings en uitgangspunte in maatskaplike werk ten opsigte van straatkinders word vervolgens bespreek. Die bespreking sluit ook gesins- en gemeenskapshereniging, straatkinders se deelname aan besluitneming, erkenning van persoonlikheidseienskappe sowel as erkenning van straatkinders se kultuur in.

3.4.1 Aspekte wat die benadering tot intervensieprogramme vir straatkinders beïnvloed

Twee sentrale temas is belangrik wanneer intervensieprogramme vir straatkinders ontwikkel word: die regte van die kind en die kind as die sentrale fokuspunt (Veeran, 1999b:223). Maatskaplike werk intervensie kan nie geïsoleerd van ander rolspelers plaasvind nie.

Navorsers soos Williams (1993), Hemenway (1996), Smit (1993) en Drake (1989b) het verskillende menings oor toepaslikste intervensiestrategieë. Williams (1993:823) is van mening dat daar by verskillende fases van die toepaslike strategieë 'n behoefte aan verskillende opvoedkundige en maatskaplike intervensies is. Hemenway (1996) stel voor dat korrektiewe maatstawwe en rehabilitering die laaste uitweg moet wees, terwyl opvoedkundige programme 'n voorkomende funksie moet aanneem. Smit (1993:139) is van mening dat jonger straatkinders (6 tot 12 jaar) en ouer straatkinders (12 tot 18 jaar) se behoeftes verskil, omdat hulle blootstelling aan die straatlewe en oorlewingsstrategieë verskil. Drake (1989b:15) voer aan dat suksesvolle dienste op inligting van die kinders en hulle families gebaseer moet wees. Intervensiestrategieë moet dus die dinamika van die sosiale verskynsel as 'n geheel benader en nie net op die patologie fokus nie.

Aptekar (1994) is egter van mening dat dit moeilik is om akkurate inligting oor straatkinders vir die beplanning van programme in te win. Volgens hom manipuleer straatkinders die inligting ten einde die samelewing "terug te kry". Dit is om dié rede moeilik om hulle ware behoeftes te voorspel. Daarom moet 'n multidimensionele benadering gevolg word (Brink, 2001:81).

Aannames in programontwikkeling wissel van die veronderstelling dat straatkinders die refleksie van disfunksionele families en sosiale strukture is, tot die aanname van persoonlike afwykings en patologie van straatkinders (Ortiz & Poertner, 992:407). Hierdie persepsies, wat voorkom op 'n kontinuum van deernis tot 'n indruk van die arrogansie van straatkinders, word bepaal deur die verskillende groepe wat hulpverlening verskaf. Die noodsaaklikheid van navorsing word hierdeur beklemtoon, aangesien die gevaar bestaan dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

intervensiestrategieë deur goedbedoelde maar ontoepaslike waardes, eerder as die werklikheid van die sosiale verskynsel, bepaal word (Donald & Swart-Kruger, 1994). Aptekar (2001) voer aan dat beperkte ooreenstemming tussen programbeleid en straatkinders se ervaring daarvan bestaan.

Die uitgangspunte van die organisasie wat maatskaplikewerkprogramme aanbied sal egter die diens en die reaksie van straatkinders teenoor hulpverlening bepaal. Shah (2000) verduidelik dat die organisasie ten doel het om die kind te help om van die straat weg te kom, terwyl die straatkind die organisasie 'n middel tot die doel om hom op straat te hou deur voedsel, klere, skuiling en ontspanning te voorsien. Wanneer programme saamgestel en geïmplementeer word, is dit belangrik om straatkinders se deelname, die redes waarom hulle op straat is en faktore wat hulle daar hou, in ag te neem.

3.4.2 Gesins- en gemeenskapshereniging as benadering

Dienslewering kan op drie vlakke plaasvind, naamlik mikro-, meso- en makrovlak (Veeran, 1999b:231). Die dienste moet gelyktydig op al drie hierdie vlakke plaasvind (Schurink, 1995:140). Cockburn (1993:8) is van mening dat dienste multidimensioneel moet wees deur na straatkinders se basiese behoeftes, op sowel as van die straat om te sien. Waldfogel (2000:54) voeg by dat kinderbeskermingsdienste in spanverband gelewer moet word.

Intervensie moet daarom op gesinshereniging gemik wees (Lugalla & Mbwambo, 1999:342). Straatkinders moet weet dat hulle belangrik is, beskerm word en liefde ontvang. Daar moet in die opvoeding en ekonomiese geleenthede van straatkinders en hulle families belê word (Bellamy, 1997).

'n Holistiese, geïntegreerde benadering moet gevolg word om die straatkind by hoofstroomonderwys en die gemeenskap in te skakel (Smit, 1998). Dit kan ook beskryf word as 'n multistrategie wat benodig word om straatkinders en hulle families te bemagtig (Ortiz & Poertner, 1992:411). Waar sosiale isolasie en sielkundige ontmagtiging van die gesin as gevolg van armoede plaasgevind het, moet die sosiale verskynsel op verskillende vlakke aandag geniet (Portues *et al.*, 2000:12).

L'Homme en Barakat (1998) voer aan dat hervestiging by familie, gemeenskappe van oorsprong en skole moet plaasvind. Die opbou van gesinne moet plaasvind ten einde hervestiging te fasiliteer (Suda, 1997:216).

Hierdie benadering tot intervensie blyk die moeilikste uitvoerbaar te wees. Die straatkind het juis sy gesin en gemeenskap verlaat omdat die gemeenskapstrukture nie die verbrokkeling van die gesin kon voorkom of regstel nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.3 Deelname van straatkinders by besluitneming

Mathias (1996:243-246) vestig die aandag daarop dat geen wetgewing die gevoelens van 'n kind in ag neem nie. Skrywers soos Ortiz & Poertner (1992:412), Sauve (2003:15), Shah (2000), Scanlon *et al.* (1998) en Cockburn (1998:14) is dit eens dat straatkinders by besluitneming en die samestelling van programme betrek moet word. Brink (2001:80-83) herhaal hierdie aanbeveling en voer aan dat straatkinders se vertroue gewen moet word. Sy beveel aan dat programme kreatief en interessant moet wees, aangesien die aandagspan van straatkinders beperk is. Ontspanning kan ook aangewend word as 'n metode om weerstand af te breek. UNICEF fokus op die verantwoordelikheid van volwassenes om kinders se perspektiewe, idees en uitgangspunte ernstig op te neem wanneer programme vir hulle opgestel word (The State of the World's Children 2003, 2003).

Intervensieprogramme moet ondersteunend wees en bystand aan sowel die kinders as die ouers verleen (Drake, 1989b:14-15). Daar moet verder vertroue in die program wees. Twee wyses waarop 'n verhouding met straatkinders gebou kan word, word voorgestel: eerstens, deur tyd op straat met hulle deur te bring en tweedens, deur straatkinders by projekte te betrek (Maphatane & Schurink, 1993b:142). Die aktiwiteite en programme moet op inligting oor straatkinders en hulle families gebaseer wees. Die deelname van straatkinders en hulle families moet bewerkstellig word ten einde die redes waarom die kinders op straat is, te bepaal. Laasgenoemde inligting is nodig om die program te ontwikkel om die behoeftes van beide die gesin en die kind aan te spreek sowel as voorkomingsprogramme te ontwikkel.

3.4.4 Erkenning van persoonlikheidseienskappe

Die erkenning van persoonlikheidseienskappe is tweeledig van aard, aangesien die persoonlikheidseienskappe en uitgangspunte van sowel diensverskaffers as straatkinders as belangrik beskou word wanneer programme ontwikkel word. Die twee fasette word hier bespreek.

3.4.4.1 Persoonlikheidseienskappe van diensverskaffers

Maatskaplike werkers moet van hulle eie vooroordele, agtergrond, aannames en beperkinge met betrekking tot straatkinders bewus wees (Ortiz & Poertner, 1992:412). Hulle moet begrip hê en sensitief wees. Hulle moet ook toegewyd wees om met straatkinders te werk. Die verhouding tussen die sosiale waardes en probleme van die gemeenskap en die professionele persoon moet deur die diensverskaffers ondersoek word.

3.4.4.2 Persoonlikheidseienskappe van straatkinders

Volgens Williams (1993:834) moet die veronderstelde status van die straatkind in ag geneem word. Die professionele persoon moet in gedagte hou dat die kind tog 'n mate van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rypheid, volwassenheid, selfgeldendheid, vryheid en beheer oor sy eie lewe het. Die straatkind se volwasse lewenstyl moet deur die tipe dienslewering weerspieël word, byvoorbeeld aandskool, wasfasiliteite en voedingsprogramme wat sy lewenstyl pas. Dienslewering moet ook erkenning gee aan die feit dat hereniging met die kind se eie portuurgroep in die gemeenskap van oorsprong problematies sal wees.

3.4.5 Erkenning van straatkinders se kultuur

In handeling met straatkinders moet aansienlike aandag aan die optrede, sieninge en alledaagse kognitiewe ontwikkeling van kinders van verskillende kulturele en sosiale groepe geskenk word (Ennew, 2003). Die verhouding tussen die sielkundige, sosiale, ekonomiese en politieke perspektiewe en die kulturele pespektief moet in ag geneem word wanneer kultureel sensitiewe maatskaplike werk gedoen word (Gray & Allegritti, 2003:317).

Daar is 'n gebrek aan studies oor die rol van kultuur in die verduideliking van die oorsprong van straatkinders (Aptekar, 1994). Volgens hom is dit in sommige kulture maklik en in ander kulture moeilik om 'n straatkind te word.

Aptekar (2001) stel tien kruiskulturele beginsels voor wat soos volg uiteengesit kan word:

- Bestudeer eie kulturele grense ten opsigte van standpunte oor straatkinders en hulle psigologiese funksionering.
- Aanvaar alternatiewe familiestrukture.
- Moenie armoede met psigopatologie verwar nie.
- Aanvaar jong persone in volwassenes se rolle.
- Fokus op die kind en nie die dwelmmiddels nie.
- Handel met straatkinders sonder om te verwag dat hulle jou morele standpunte moet aanvaar.
- Moenie groepe wat vanuit ander kulturele groepe met straatkinders werk, veroordeel nie.
- Gee net psigoterapie aan diegene wat dit nodig het; gee die res praktiese hulp.
- Poog om inkomstegenerende projekte en selfonderhoud aan te moedig.
- Voed die publiek op oor straatkinders.

Die sukses van die programme hang ook af van die mate waartoe die kulturele agtergrond van straatkinders geakkommodeer word. Programontwikkeling kan daarom nie op eensydige verwagtinge en uitgangspunte van die samelewing of diensverskaffers gebaseer wees nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die moeilikste taak is dus om die publiek op te voed om hulle voorafopgestelde idees oor straatkinders aan te pas.

3.5 INTERVENSIEPROGRAMME VIR STRAATKINDERS

Die bestaande intervensiestrategieë vir straatkinders het hulle herintergrasie in die hoofstroomsamelewing ten doel (The Samaritan Trust, 2003). Hierdie poging tot herintegrasie vind plaas deur die bou van verhoudings, gedragsverandering en terugkeer na die gesin of gemeenskap van oorsprong aan te moedig. Schurink (1995) sien bestaande intervensieprogramme as 'n kombinasie van dienslewering. Residensiële sorg, uitreikprogramme, skuilings en ontwikkelingsprogramme as intervensieprogramme word hieronder bespreek.

3.5.1 Voorkomingsprogramme en gemeenskapsgebaseerde programme

Daar word beperkte, indien enige, pogings aangewend om die maatskaplike verskynsel van straatkinders te voorkom (Mathye, 1994). Studies (Ennew, 1986; Mathye, 1994; Schurink, 1995) het bevind dat leemtes bestaan ten opsigte van voorkomingsprogramme wat hoërisiko-kinders identifiseer. Programme maak nie voorsiening vir die hantering van direkte oorsake, soos gesinsverbrokkeling, en ondersteuningsdienste, soos werkverskaffing, nie (Schurink, 1995). Voorkomingsprogramme is die minste van al die intervensiestrategieë vir straatkinders ondersoek (Ennew, 1986). Hierdie bevindinge is in 2001 deur 'n nasionale verslag bevestig (The Office on the Rights of the Child, 2001:126). Dit blyk dat daar 'n tekort aan voorkomingsprogramme is en dat dienslewering, van voorkoming tot intervensie, nie plaasvind nie. Twee aspekte van voorkomingsprogramme word hier bespreek, naamlik voorkoming by gesinne en gemeenskapsontwikkeling.

3.5.1.1 Voorkoming by gesinne

Voorkomingsprogramme moet by gesinne begin (Smit & Maphatane, 1993:86-87). Die diensverskaffers moet gesinsgerig dink ten einde hoërisiko-gesinne te identifiseer (Olufemi & Olufemi, 2003). Die risikofaktore kan verminder word deur middel van raadgewing aan ouers oor onrealistiese verwagtinge van hulle kinders, opvoeding van hulle kinders binne die gemeenskap en ondersteuning met betrekking tot werkloosheid, huweliksprobleme en nog meer. Shah (2000) beklemtoon die belangrikheid van voorkoming by gesinsgeweld.

Die rehabilitasie wat in uitreikprogramme plaasvind, kan ook gesien word as 'n manier om straatkinders met hulle families te herenig (Scanlon *et al.,* 1998). Hoërisiko-gesinne moet dus prioriteit geniet ten einde gesinshereniging te laat realiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.1.2 Gemeenskapsontwikkeling

Die beeld van die tradisionele gesin – 'n klein gemeenskappie wat in die kind se behoeftes (liefde, sekuriteit en veiligheid) voorsien en die kind norme en waardes leer – bestaan nie meer nie. Daarom moet alternatiewe sorg vir straatkinders geskep word (Smit, 1993:133).

Die ideale manier om die verskynsel van straatkinders te voorkom, sal wees deur ontwikkelingsgerig te werk en verandering in hoërisiko-gesinne se gemeenskap teweeg te bring (Jackson, 2001:8). Dit sluit nie net die gesin in nie, maar ook armoedeverligting, werkskepping, behuising en benutting van hulpbronne. Smit en Liebenberg (2000:31) stel voor dat 'n gemeenskapsgebaseerde werker skakeling tussen die rolspelers, byvoorbeeld hoofstroomonderwys, huisskole en maatskaplike dienste, bewerkstellig en ondersteuning aan hoërisiko-gesinne bied. Hierdie diens moet intensief gelewer word, aangesien dit plaasvind binne die hoërisiko-gesin se gemeenskap, waar die hulpbronne beskikbaar is.

3.5.2 Uitreikprogramme

'n Uitreikprogram word gesien as die oorbrugging tussen die straat en bestaande beskikbare dienslewering programme (Street-based referral programme, 2004).

3.5.2.1 Proses van uitreikprogramme

Uitreikprogramme het volgens Tiba (1993a:214) en Schurink (1995) ten doel om straatkinders te leer ken, verhoudinge te bou en in hulle basiese fisieke en emosionele behoeftes te voorsien. Straatkinders word geassesseer, van beskikbare opvoedkundige programme bewus gemaak en daarby betrek. Hierdie tipe intervensiesprogram kan gesien word as 'n geleentheid om straatkinders in hulle eie omgewing te ontmoet (Brink, 2001:81). Die diens wat daar aangebied word, moet in straatkinders se welsynsbehoeftes voorsien en moet hulle ondersteun en ontwikkel. Die geleentheid word geskep om die kind so vroeg as moontlik te identifiseer en alternatiewe vir die straatlewe te bied.

3.5.2.2 Rasionaal van uitreikprogramme

Beide Ennew (1986) en Smit (1998) beskou hierdie intervensiestrategie as 'n geleentheid om straatkinders te oorreed en te bemagtig om die straat vrywillig te verlaat. Die uitreikprogram kan dien as 'n geleentheid om straatkinders oor beskikbare hulpbronne in te lig en hulle aan te moedig om die regstelsel en strukture in die samelewing te respekteer (Smit & Liebenberg, 2000:31).

Uitreikprogramme word deur Ennew (1986) gesien as 'n helende benadering waartydens straatkinders nie net weg van die straat gelok word nie, maar ook geleidelik by opvoedkundige en gereelde werkspatrone ingelei word. Sy beskou hierdie benadering as koste-effektief en meer geslaagd as residensiële sorg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ondersteuning vir kinders wat weer na die straat terugkeer, kan ook gebied word (Smit, 1998). Die klem val op die deurlopendheid van dienslewering deur 'n veiligheidsnetwerk vir die kind daar te stel, ongeag die uitkoms van dienslewering.

3.5.3 Skuilings

Skuilings het ten doel om straatkinders tot positiewe lewensveranderinge te beïnvloed.

3.5.3.1 Doel van 'n skuiling

In 1999 is daar in 'n opname oor skuilings bepaal dat daar 31 geregistreerde skuilings en 73 ongeregistreerde skuilings vir straatkinders in Suid-Afrika is (The Office on the Rights of the Child, 2001:128). Skuilings is ontwikkel om in die onmiddellike behoeftes van straatkinders, naamlik voedsel, 'n veilige plek om te slaap, klere, persoonlike higiëne en mediese sorg, te voorsien (Veeran, 1999b:224). Beide Ennew (1986) en Mathye (1994) beklemtoon dat straatkinders 'n behoefte aan sorg het. Skuilings kan ook as "drop-in centres" beskou word, waar straatkinders kan bad, klere was en etes geniet (Schurink, 1995). Die skuilings is deurlopend oop en bied sowel tydelike substituutbehuising vir straatkinders as informele leiding en ontwikkelingsprogramme.

3.5.3.2 Intervensieprogramme van skuilings

By skuilings vind assessering van die kind met betrekkking tot sy maatskaplike omstandighede en behandelingsprogram plaas (Tiba, 1993b:214). Skuilings bied 'n geleentheid om binne 'n informele opset, maar tog gestruktureerd, straatkinders te evalueer ten einde hulle by die mees toepaslike program in te skakel.

Skuilings bied straatkinders die stabiliteit om weer aan die samelewing deel te neem (Jackson, 2001:8). Hulle word bemagtig om vir hulleself te sorg indien hulle nie na hulle gemeenskappe van oorsprong kan terugkeer nie. Die skuiling is dus 'n interiminstansie waar straatkinders emosioneel, opvoedkundig en maatskaplik groei, terwyl dienste daarop gerig is om straatkinders voor te berei om na hulle families en gemeenskap van oorsprong terug te keer wanneer albei partye gereed is. Skuilings bied straatkinders die nodige sekuriteit en dien as 'n vertrekpunt vir dienslewering.

3.5.4 Residensiële versorging

Wetgewing met betrekking tot residensiële sorg en straatkinders se behoefte aan residensiële versorging word hier bespreek.

3.5.4.1 Wetgewing vir residensiële versorging

Tiba (1993b:215) het bevind dat inrigtingsversorging van straatkinders plaasvind wanneer daar ingevolge die Wet op Kindersorg 74 van 1983 of die Strafproseswet 51 van 1977 met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

straatkinders gehandel word. Die versorgingswyse maak gewoonlik voorsiening vir alle kinders en nie spesifiek straatkinders nie (Tiba, 1993b:215). Die amptelike wyse waarop met straatkinders gehandel word, is steeds beperkend en bestraffend van aard, maar word gebruik omdat dié vorm van dienslewering maklik implementeerbaar is (Swart-Kruger, 1996b:234).

3.5.4.2 Behoefte van straatkinders

Residensiële versorging as 'n vorm van dienslewering neem nie straatkinders se behoefte aan individuele sorg of die waarde wat hulle aan persoonlike vryheid heg, in ag nie (Mathye, 1994). Beide Mathye (1994) en Drake (1998b:15) is van mening dat konvensionele inrigtingsversorging nie 'n suksesvolle intervensiestrategie vir straatkinders is nie. Korrektiewe maatstawwe word gewoonlik gevolg en voorsiening vir individuele aandag word nie noodwendig gemaak nie (Ennew, 1986). Daar moet in gedagte gehou word dat straatkinders 'n negatiewe konnotasie aan gesag en hoogs gestruktureerde inrigtings heg en dit as 'n bedreiging vir hulle vryheid beskou (Veeran, 1999b:225). Dit blyk dus dat hierdie vorm van substituutsorg nie vir straatkinders wenslik is nie.

3.5.5 Ontwikkelingsprogramme vir straatkinders

Ontwikkelingsprogramme kan verskillende vorme aanneem. Hierdie studie fokus op opvoedkundige, beroeps- en ambagsontwikkeling vir straatkinders. Die kombinering van bestaande ontwikkelingsprogramme asook die rol wat gesondheidsprogramme in programontwikkeling moet aanneem, word ook bespreek. Ontwikkelingsprogramme vir straatkinders sluit onder andere terapeutiese drama, gesondheid en persoonlike welsyn, basiese geletterdheid, vakmanskapsvaardighede, nieformele opvoeding, oorbruggingsopvoeding en kuns in (The Office on the Rights of the Child, 2001:128).

Navorsers soos Tiba (1993a:214) en Schurink (1995) het bevind dat ontwikkelingsprogramme bestaan uit nieformele opvoedkundige programme, wat ten doel het om taal- en wiskundige vaardigheid te verbeter, en ontwikkelingsprogramme, wat lewensvaardighede, werksvaardighede en rekreasie beklemtoon. Hierdie programme poog om die leemtes in straatkinders se ontwikkeling, wat ontstaan het as gevolg van die milieu waarbinne hulle moes funksioneer, te vul. Straatkinders kry die geleentheid om, teen hulle tempo van ontwikkeling, deel van die programme te wees, en hulle word nie op grond van hulle prestasies in- of uitgesluit nie.

3.5.5.1 Opvoedingkundige programme

Die opvoedingproses kan gesien word as 'n deurlopende proses waardeur daar in 'n samelewing belê word (Brink, 2001:85). Opvoeding het 'n invloed op die kulturele, sosiale en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomiese karaktereienskappe van mense in gemeenskappe. Daarom dra dit tot ekonomiese groei op plaaslike, nasionale en globale vlak by.

Drie fundamentele beginsels moet by opvoedkundige programme in gedagte gehou word (Brink, 2001:82). Eerstens moet die program ondersteunend, samewerkend en geleidelik wees in 'n omgewing wat nie intimiderend is nie en straatkinders aanmoedig. Tweedens moet wederkerige leer tussen straatkinders benut word, omdat hulle met mekaar kan identifiseer. Derdens moet die gemeenskap by die programme betrek word, sodat hulle eienaarskap kan aanvaar en toepaslike programme wat die behoefte van die straatkind aanspreek, kan vestig.

Volgens Smit en Liebenberg (2000:31) moet onderwysers opgelei word en sensitiwiteit vir die probleme van hoërisiko-leerders ontwikkel. Vroeë skoolverlaters moet gerapporteer word en hulle situasie moet aandag geniet. Sodoende kan die redes vir skoolverlating bepaal word, met die doel om die kind weer by hoofstroomonderwys in te lyf.

Straatkinders wat geen formele skoolopleiding ontvang het nie, moet eers die geleentheid gebied word om funksioneel geletterd te word (Swart, 1987:8). Straatkinders wat nie na hoofstroomonderwys kan terugkeer nie, moet beroepsopleiding ontvang ten einde as 'n produktiewe lid van die samelewing te ontwikkel. Gelyktydige aandag moet aan die kind se emosionele, fisieke en skolastiese behoeftes geskenk word, sodat hy selfwaarde, lewensvaardighede en 'n verantwoordelikheidsin kan ontwikkel (Smit, 1998).

Onkonvensionele opvoedingstyle moet ontwikkel word om straatkinders te help om deel van hoofstroomonderwys te word. Indien nie, moet hulle vir die arbeidsmark voorberei word.

3.5.5.2 Beroeps- en ambagsontwikkeling

Beroepsopleiding en inkomstegenerende programme kan beskou word as 'n metode om straatkinders weer by die hoofstroom van die samelewing en die ope arbeidsmark in te lyf (Brink, 2001:85). Hierdie tipe programme kan die sosiale situasie van sowel kinders as ouers verbeter (Drake, 1989b:15). Deur inkomstegenerende projekte vir ouers en kinders daar te stel, word selfonderhouding aangemoedig.

Die hiërargie van straatkinders, soos uiteengesit deur Williams (1993:839), moet in ag geneem word wanneer straatkinders by opvoedkundige programme betrek word. Vir die doeleindes van hierdie studie word die hiërargie in terme van fases verduidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 3.1 Hiërargie of fases van straatkinders

Kategorie	Hiërargie/fases	Straatbestaan
Kinders op straat "Children on the street"	Sporadiese kontak met gesin	Voordelige straatgebruik Skooluitsluiting Woon soms op straat
Kinders van die straat "Children of the street"	Geen bande met gesin	Veronderstelde volwasse status Woon op straat
Funksioneer sonder hulle gesin	Kinders wat wees gelaat is	Voordelige straatgebruik Skooluitsluiting Agteruitgang Woon op straat
Straatfamilies	Kinders by hulle gesin	Skooluitsluiting Agteruitgang

(Williams, 1993:839)

Ten opsigte van straatkinders se bande met hulle gesinne van oorsprong, stem UNICEF (1986) se kategorieë, asook die onderskeid wat deur Hemenway (1996) en Oritz (1992) getref word, met die fases in Figuur 3.1 ooreen.

Williams (1993:839) verduidelik die verband tussen die genoemde fases en ontwikkelingsprogramme soos volg: Straatkinders wat byvoorbeeld geen bande met hulle familie het nie, sal eerder by 'n inkomstegenerende projek inskakel in plaas daarvan om aan 'n gesinsherenigingsproses deel te neem. Die vaardighede van straatkinders moet daarom positief aangewend word. Hulle moet geakkommodeer word as persone wat veronderstelde volwasse status het en terselfdertyd hulle omstandighede verbeter. Hulle moet bewus gemaak word van geleenthede wat hulle kan benut om hulleself te verbeter.

3.5.5.3 Kombinering van opvoedkundige, beroeps- en ambagsontwikkeling

'n Nasionale verslag van 2001 (The Office on the Rights of the Child, 2001:131) verwys na die verskillende programme wat op daardie tydstip sowel opvoedkundige as beroeps- en ambagsontwikkeling ingesluit het.

- In Gauteng het die New Nation School 636 straatkinders in 1999 geakkommodeer. Die skool het in dieselfde jaar remediërende onderwys, administratiewe vaardighede, gesondheid, sosiale en ontspanningsprogramme by die skool se kurrikulum gevoeg.
- In die Noord-Kaap het 100 straatkinders in 1999 by Thutong Ya Bana ingeskakel. Basiese geletterdheids- en numeriese klasse is daar aangebied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die Learn-to-Live Program in Kaapstad bied informele onderwys vir straatkinders. Die leerlinge skakel na die program by hoofstroomonderwys in of ontvang opleiding om 'n ambag te beoefen.

3.5.5.4 Gesondheidsorg

Intervensieprogramme vir straatkinders moet ook hulle gesondheid bevorder (Sorsa *et al.*, 2002). Die programme moet siektes voorkom en kontroleer asook persoonlike higiëne, sanitasie- en gesondheidsfasiliteite beskikbaar stel. Olufemi en Olufemi (2003) is van mening dat mediese versorgers sensitief moet wees vir die fisieke en psigiese siektes wat 'n uitvloeisel van die verwaarlosing, swak voeding en mishandeling van straatkinders is.

Dit is duidelik dat al die fasette van straatkinders in ontwikkelingsprogramme geakkommodeer moet word.

3.6 VOORBEELDE VAN BESTAANDE MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME

Daar bestaan tans verskeie maatskaplikewerkprogramme in Suid-Afrika wat ontwikkel is uit die intervensiebenaderings wat in hierdie studie bespreek word. Hierdie programme lewer 'n multidimensionele diens wat die behoeftes van die straatkind op en van die straat in ag neem. Die programme wat bespreek word, word as voorbeelde voorgehou omdat hulle bekend, toeganklik en gevestig is en 'n multidimensionele diens aan straatkinders lewer.

3.6.1 Othandweni – Hope for Street Children

Othandweni- Hope for Street Children, is in Hillbrow, Johannesburg, geleë. Hulle lewer dienste aan 270 straatkinders tussen die ouderdomme van 7 en 18 jaar (Radio Netherlands, 2003).

Die organisasie het 'n uitreikprogram, gesondheidskliniek, MIV/VIGS-veldtogte en 'n afwentelingsprogram. Die uitreikprogram poog om straatkinders te bereik deur middel van 'n verskeidenheid programme wat basiese versorging, byvoorbeeld voedsel en gesondheidsorg, insluit. Straatkinders wat met MIV/VIGS geïnfekteer is, word by die sorgsentrum opgeneem, waar hulle berading en leiding ontvang.

Gesien in die lig dat straatkinders vir oorlewing by kriminele gedrag betrokke raak, bied die organisasie ook 'n afwentelingsprogram aan. Die organisasie ontvang verwysings van die hof en Suid-Afrikaanse Polisie ten einde die kinders die impak van hulle dade te laat besef en positiewe gedragsverandering te laat plaasvind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.2 Twilight Children

Twilight Children is in Johannesburg geleë en werk sedert 1984 met straatkinders. Daar is volgens die projek ongeveer 2 700 kinders op straat in die Johannesburg-area. Die projek word finansieël ondersteun deur ChildHope UK en DFID (Child Hope UK, 2004).

Die projek het 'n reeks dienste vir straatkinders ontwikkel, naamlik gesinsondersteuning en -herenigingsdienste, 'n uitreikprogram vir seuns en meisies, mikro-ondernemings en menslike hulpbronontwikkeling.

3.6.3 New Ways Street Children Project

New Ways Street Children Project gebruik hoofsaaklik drama om die selfbeeld van straatkinders te ontwikkel en bewusmaking en voorkoming in gemeenskappe te bevorder. Hierdie strategie vorm deel van 'n holistiese gemeenskapsgebaseerde program wat die geleentheid skep om deurlopende ondersteuning aan die betrokke kinders te bied (Children's Project, 2004)

Die uitgangspunte van die projek is om 'n drama oor die lewe van straatkinders te ontwikkel, die gemeenskap van die pleidooi vir straatkinders bewus te maak en die selfbeeld van straatkinders te verbeter.

3.6.4 The Homestead

The Homestead is 'n organisasie wat 'n verskeidenheid van dienste lewer wat op die behoeftes van straatkinders en families in Kaapstad fokus. Hulle het vyf projekte wat van straatwerk tot residensiële sorg en gesinsherenigingsdienste wissel (The Homestead, 2004)

- ***Straatwerk***

Die straatwerkprogram se teikengroep is straatkinders wat verkies om nie van enige dienste wat aan hulle verskaf word, gebruik te maak nie. Die straatwerker maak kontak met die kinders op straat, bou 'n verhouding met hulle en verleen hulp waar nodig.

- ***Yizani Drop-in Centre***

Die sentrum se teikengroep is straatkinders wat op straat woon. Hulle maak vir hulle basiese behoeftes, soos was en etes, van die sentrum gebruik. Die sentrum bied ook daagliks opvoedkundige en ontspanningsprogramme aan wat straatkinders die geleentheid bied om hulle tyd op 'n konstruktiewe wyse in 'n veilige omgewing deur te bring.

- ***The Homestead***

Dit is 'n opnamesentrum waarna straatkinders kan kom. Die enigste toelatingsvereiste is dat die kind jonger as 16 moet wees. Hier kry straatkinders die geleentheid om by alledaagse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aktiwiteite betrokke te raak. Straatkinders kan kies of hulle in die sentrum wil aanbly met die oog op verdere permanente plasing en of hulle eerder na die straat wil terugkeer.

- ***The Bridge***

The Bridge is 'n kinderhuis wat 40 seuns kan huisves. Straatkinders word by die kinderhuis opgeneem wanneer hulle by The Homestead aangepas het en gereed is om in 'n meer gestruktureerde stelsel te funksioneer. Hier word die geleentheid geskep om na formele opvoeding terug te keer en 'n stabiele verhouding met hulle gesin of gemeenskap van oorsprong op te bou.

- ***Patrick's House***

Patrick's House is 'n kinderhuis binne 'n gemeenskap, waar die kinders 'n meer geordende lewenstyl lei en 'n skoolbywoningsroetine volg. Hier geniet hulle ontwikkeling en hereniging met hulle gesinne en gemeenskappe van oorsprong aandag. Die kinderhuis dien as 'n veiligheidsnetwerk indien gesinshereniging nie suksesvol is nie.

3.6.5 Ons Plek – Residensiële versorging vir vroulike straatkinders

Ons Plek in Kaapstad voorsien residensiële versorging vir meisies op straat tussen die ouderdom van 6 en 18 jaar (Ons Plek, 2004).

Die organisasie bestaan uit drie programme. Die eerste program is 'n skuiling vir die meisies by Ons Plek. In hierdie skuiling leer en beoefen die meisies vaardighede wat hulle in hulle gesinne kan gebruik, byvoorbeeld voedselvoorbereiding. Hulle ontvang berading in verhoudingsbou, wat hulle help om by hulle gesinne, skool en moontlike werksgeleenthede aan te pas. Die meisies woon skool by en ontvang hulp met hulle skoolwerk. Die tweede program is 'n uitreikprogram vir meisies op straat. Die program het ten doel om die meisies te ontmoet en by ontspanningsaktiwiteite en onderwerpe wat hulle daaglikse funksionering raak, te betrek. Die derde program reik uit na die gesinne en gemeenskappe van meisies wat net bedags op straat is en saans na hulle gesinne terugkeer. Die gesinne van die meisies wat op straat woon, word ook besoek. Die besoeke het ten doel om meisies met hulle gesinne te herenig, gesinne se vermoë om konflik te hanteer, te verbeter, en hulle te leer om gemeenskapsbronne te benut.

3.6.6 Bespreking van maatskaplikewerkprogramme

Die maatskaplikewerkprogramme wat as voorbeelde in hierdie studie bespreek is, het ooreenkomste met betrekking tot hulle maatskaplikewerkhulpverlening. Die verskillende programme volg 'n holistiese benadering ten einde in die behoeftes van hulle teikengroep te dien. Verskeie tipes dienslewering vind plaas, van uitreikprogramme tot residentiële sorg. Alhoewel die programme wat bespreek is, nie almal oor residensiële fasiliteite beskik nie, het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle toegang tot en maak hulle gebruik van ander versorgingsfasiliteite. (Die beskikbaarheid van fasiliteite binne die programme word moontlik deur die finansiële posisie van die programme bepaal.) Die programme volg informele metodes om straatkinders te bereik en volg die benadering wat die minste beperkend is. Statutêre dienste word met ander woorde as die laaste opsie beskou. So tree hierdie programme in belang van die straatkind op.

3.7 OPWAARTSE SPIRAAL VAN MAATSKAPLIKEWERKPROGRAMME VIR STRAATKINDERS

Vanuit die literatuurstudie in hierdie hoofstuk blyk dit dat die herintegrasie van straatkinders by die hoofstroom van die samelewing 'n gekompliseerde proses is wat elke kind individueel die geleentheid bied om sy maatskaplike funksionering optimaal te ontwikkel. Dit kan op sy beurt tot gesinshereniging lei. Die proses word in Figuur 3.1 voorgestel.

Figuur 3.1 Opwaartse spiraal van maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders

Die fokuspunt in die opwaartse proses reflekteer nie noodwendig die verwagtinge van die breë samelewing of rolspelers nie. Die opwaartse spiraal proses fokus op die unieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behoeftes en probleme van straatkinders ten einde hulle as volwaardige lede van die samelewing te ontwikkel. Die proses bestaan uit uitreikprogramme, opname in skuilings, betrokkenheid by ontwikkelingsprogramme, gesinshereniging en die daarstelling van optimale maatskaplike funksionering. Straatkinders se karaktereienskappe moet ook deurlopend in ag geneem word.

3.8 SAMEVATTING

Die verantwoordelikheid om die straatkindverskynsel te hanteer, berus nie net by een vorm van dienslewering nie, maar blyk multidissiplinêr te wees. Die gebrek aan wetgewing en breedvoerige beleidsdokumente dra daartoe by dat intensiewe dienslewering nie plaasvind nie en straatkinders as verskynsel gemarginaliseer word. Daar bestaan wel maatskaplikewerkprogramme wat 'n kombinasie van uitreikprogramme, residensiële versorging, maatskaplikewerk- en ontwikkelingsprogramme aanbied. Hierdie programme word meestal deur nieregeringsorganisasies aangebied, wat van wetgewing en beleidsdokumente afhanklik is om ander rolspelers te noodsaak om deel van die holistiese benadering te word. Die programme het ten doel om die maatskaplike agteruitgang van straatkinders te ondervang en die proses om te keer, soos in figuur 3.2 uitgebeeld word.

Dit is duidelik dat tradisionele vorme van maatskaplikewerkdienslewering nie suksesvol is om die verskynsel van straatkinders mee te benader nie. Deelnemende besluitneming, kulturele sensitiwiteit en erkenning aan die karaktereienskappe van straatkinders is aspekte wat in ag geneem moet word wanneer programme vir straatkinders en hulle gesinne opgestel word. Hierdie aspekte blyk interafhanklik te wees wanneer die formulering van toepaslike maatskaplikewelsynsprogramme oorweeg word.

Dienste moet gelyktydig op mikro-, meso- en makrovlak gelewer word, ten einde gesins- en gemeenskapshereniging te bewerkstellig. Die verskillende vlakke van dienslewering sal intensiewe aandag verg, omdat daar gelyktydig met die simptome van die sosiale verskynsel en die bestaande patologie in gemeenskappe gewerk word. Die diensverskaffer se teikengroep is dus nie net die kind nie, maar ook die breë gemeenskap en rolspelers in die verskillende gemeenskappe van oorsprong. Die opvoeding van rolspelers ten opsigte van die straatkindverskynsel is belangrik ten einde effektiewe maatskaplikewerkprogramme daar te stel. Die opvoedingsproses kan nie net uit die beskikbaarstelling van inligting bestaan nie. Dit moet ook die afbreek van voorafopgestelde idees en onrealistiese verwagtinge oor kitsoplossings behels.

In die volgende hoofstuk word die empiriese studie met betrekking tot die maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE STRAATKIND AS MAATSKAPLIKE VERSKYNSEL EN MAATSKAPLIKE-WELSYNSPROGRAMME VIR STRAATKINDERS

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek na die straatkind as maatskaplike verskynsel en maatskaplike welsynsprogramme vir straatkinders beskryf. Oor 'n tydperk van 20 jaar is daar verskillende internasionale konferensies oor straatkinders gehou (Blackman, 2001:3). Tydens die konferensies is beleidsrigtings oor straatkinders bepaal en bespreek. Die Verenigde Nasies (United Nations High Commissioner on Human Rights, 1994) sowel as outeurs soos Veeran (1999b:222), Olufemi en Olufemi (2003), Cockburn (1991:12), De Moura (2002:355), Suda (1997:205) en Le Roux (1996a) beskou die straatkindverskynsel as 'n simptoom van armoede, onderontwikkeling en disfunksionele gesinne. Navorsers het ook die unieke persoonlikheidseienskappe van straatkinders, naamlik mobiliteit, groepfunksionering, manipulerende gedrag, houding teenoor volwassenes en so meer bestudeer (Brink, 2001:80; Williams, 1993:835; Richter, 1991:7; Drake, 1989b:14) en voostelle aangaande maatskaplikewelsynsprogramme vir straatkinders gemaak (Brink, 2001; Hemenway, 1996; Oritz & Poetner, 1992; Smit, 1998). Ten spyte van die genoemde studies en voorstelle rakende straatkinders, bly straatkinders as 'n maatskaplike verskynsel 'n realiteit.

Bogenoemde standpunte van outeurs en navorsers het as basis vir die empiriese studie gedien en het dit gerig. Die resultate van die empiriese navorsing aangaande die straatkind as maatskaplike verskynsel en die behoeftes rakende die maatskaplikewerkprogramme sal vervolgens bespreek word.

Die navorsingsmetode word kortliks uiteengesit, waarna die resultate van die empiriese ondersoek volg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 AFBAKENING VAN ONDERSOEK

Alhoewel die metode van navorsing in hoofstuk 1 bespreek word, word sekere aspekte ter wille van duidelikheid herhaal. Die bywoningsregister van die No Limits Program vir Straatkinders is gebruik om die name van die respondente te bekom. Die respondente voldoen aan die volgende kriteria:

- Hulle pas die definisie van 'n straatkind.
- Hulle is bekend aan die program.
- Hulle het vir 'n tydperk van ten minste drie maande aan die program deelgeneem.
- Die navorser het, deur middel van die program, reeds 'n verhouding met hulle opgebou.

Die eerste tien respondente op die bywoningsregister wat aan die kriteria voldoen het en vir twee weke beskikbaar was, is deur middel van 'n niewaarskynlikheidseleksie vir onderhoude geselekteer. 'n Doelbewuste steekproef is gebruik om die respondente te bekom.

Vir die doeleindes van hierdie studie en die uitvoerbaarheid daarvan, is die Stad Tygerberg gebruik as area waaruit die universum gekies is.

4.3 DATA-INSAMELING EN DATAVERWERKING

Tydens die empiriese ondersoek is 'n vooraf opgestelde vraelys gebruik wat as riglyn vir onderhoudvoering met die straatkinders gedien het. Hierdie metode word as gevolg van die lae geletterdheidsyfer deur Babbie en Mouton (2001:249) as 'n algemene metode in die Suid-Afrikaanse konteks beskou. Die vraelys is geformuleer sodat daar gemaklik met die respondente gekommunikeer kon word. Sodoende is daar gepoog om hulle op hulle gemak te stel. Daar is deur middel van die vraelys gepoog om die kans dat straatkinders vir diensverskaffers vertel wat hulle dink hulle wil hoor (Hemenway, 1996) tydens onderhoudvoering te verminder.

Skriftelike toestemming is van die No Limits Program vir Straatkinders bekom vir toegang tot die respondente deur middel van die register. Die respondente het vrywillig aan die ondersoek deelgeneem. 'n Verduideliking oor die navorsing is vooraf aan die respondente gegee, sodat hulle 'n ingeligte besluit betreffende hulle deelname kon neem.

Die vraelys (bylae 1) is op die literatuurstudie in hoofstuk 2 en 3 gebaseer. Die resultaat van die empiriese ondersoek het die formulering van gepaste riglyne vir intervensie deur maatskaplike werkers ten doel.

Daar is met tien respondente onderhoude gevoer. Die vraelyste is deur middel van Microsoft Excel en Microsoft Word verwerk en word hoofsaaklik deur middel van figure, tabelle en bespreking van response weergegee. Die response van respondente op oop vrae, word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

regstreeks woordeliks weergegee om die semantiese inhoud van response te behou, ten einde die geldigheid daarvan te verseker.

4.4 RESULTAAT VAN ONDERSOEK

Die resultate van die ondersoek word aan die hand van die volgende indeling bespreek. Biografiese besonderhede van die respondente word by die onderstaande indeling geïntegreer ten einde 'n logiese gestruktureerde uiteensetting te verseker.

- Kategorieë van straatkinders
- Sosio-demografiese aspekte
- Sosio-ekonomiese aspekte
- Sosio-kulturele aspekte
- Sosio-opvoedkundige aspekte
- Persoonlikheidseienskappe van straatkinders
- Gesondheid
- Voorkomingsprogramme en gemeenskapsgebaseerde programme
- Uitreikprogramme
- Opvoedkundige programme
- Beroeps- en ambagontwikkeling
- Kontinuum van sorg en voorstelle ten opsigte van veranderinge in gesinne en gemeenskappe.

4.5 PROFIEL VAN DIE STRAATKIND

Die literatuurstudie toon dat straatkinders 'n spesifieke profiel het. Hierdie profiel word vervolgens bespreek.

4.5.1 Kategorieë van straatkinders

UNICEF (1989) verdeel straatkinders in drie kategorieë. Lusk (1992:3) voeg 'n vierde groep by, naamlik die kinders van straatfamilies. Die kategorieë waarin die respondente in die empiriese ondersoek verdeel kan word, word in tabel 4.1 uiteengesit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.1 Kategorieë van straatkinders

Kategorieë van straatkinders	Getal respondente	%
Kinders van die straat – Geen kontak met gesin	0	0,0
Kinders op straat – Beperkte kontak met gesin	5	50,0
Kinders op straat – Keer terug na gesin in aand	3	30,0
Gesin op straat	2	20,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Die bevindinge bevestig die aanname deur Lusk (1992:300) dat 'n beperkte hoeveelheid straatkinders op straat woon en geen kontak met hulle ouers het nie. Die bevindinge toon verder dat die helfte (50%) van die respondente op straat verkeer maar wel kontak met hulle ouers het, dat ander (30%) op straat verkeer, maar saans na hulle ouerhuis terugkeer, en dat 'n kleiner hoeveelheid (20%) kinders wel saam met hulle gesinne op straat woon.

4.5.2 Sosio-demografiese aspekte

Die bevindinge ten opsigte van die geslagsverspreiding van straatkinders staaf die aanname van Aptekar (1994), Chetty (1997:81), Gurgel *et al.* (2004) en Le Roux en Smith (1998b:684) dat straatkinders hoofsaaklik manlik is. Die meerderheid (90%) van die respondente wat by hierdie empiriese ondersoek betrek is, is manlik, soos in figuur 4.1 aangedui word.



(n=10)

Figuur 4.1 Geslagsverspreiding van straatkinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ouderdomsverspreiding van die straatkinders, soos in tabel 4.2 uiteengesit, stem ooreen met Le Roux (1996b) se bevinding, deurdat die meerderheid respondente tussen 13 en 16 jaar oud is.

Tabel 4.2 Ouderdomsverspreiding van straatkinders

	Ouderdomsverspreiding								
	9	**10**	**11**	**12**	**13**	**14**	**15**	**16**	**17**
Getal kinders per ouderdom	1			1	3	1		3	1
Persentasie per ouderdom (%)	10,0			10,0	30,0	10,0		30,0	10,0

(n=10)

Die grote van die respondente se gesinne word in figuur 4.2 aangedui. Die relatiewe groot gesinne van die respondente stem ooreen met Lusk *et al* (1989:294) en Suda (1997:206) se bevindinge dat straatkinders meestal seuns van groot gesinne, met vier tot sewe kinders, is.



(n=10)

Figuur 4.2 Getal kinders per gesin

Die moontlikheid bestaan dat ouers nie gehalte-aandag aan al die kinders in die gesin kan gee nie en dat die beperkte bestaansmiddele nie voldoende is om in al die gesinslede se behoeftes te voorsien nie.

4.5.3 Sosio-ekonomiese aspekte

Baker (1997) argumenteer dat armoede as 'n sosio-ekonomiese aspek as 'n relatiewe begrip beskou kan word en het bevind dat sommige straatkinders nie armoede as oorsaak van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle omstandighede kan identifiseer nie. Die sosio-ekonomiese bevindinge van die empiriese studie word aan die hand van behuising en werkloosheid bespreek.

- **Behuising**

In tabel 4.3 word die straatkinders se behuisingsituasie weergegee. Sestig persent (60%) van die respondente se ouers was van ander persone afhanklik om vir hulle huisvestig te bied en bly dus saam met die eienaars van die huis op die eiendom. Die bevinding bevestig die aanname van Cockburn (1991:12), Schurink en Mathye (1993:7) en Current Events (2004) dat oorbewoning as rede vir die straatkindverskynsel aangevoer kan word.

Tabel 4.3 Behuising van gesin

Beskrywing van behuising	Getal respondente	%
Eiendom van ouers	4	40,0
Woon by grootouers aan huis	2	20,0
Woon by familie aan huis	1	10,0
Woon by iemand anders aan huis	1	10,0
Woon in iemand se agterplaas (informele struktuur)	2	20,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Alhoewel 40% van die respondente aangedui het dat die huise hulle ouers se eiendom is, het dieselfde respondente ook aangedui dat hulle ouers werkloos is. Hierdie resultaat kan daarop dui dat straatkinders nie die realiteite rakende die besit van eiendom verstaan nie. Hulle blootstelling aan ekonomiese terme en beginsels kan as gevolg van hulle ouers se onbetrokkenheid in die arbeidsmark beperk wees. Die persentasie van respondente wie se ouers oor eiendom beskik, kan dus waarskynlik laer wees as wat hier gereflekteer word.

- **Werkloosheid**

Richter en Swart-Kruger (2001) beskou armoede nie net as 'n gebrek aan inkomste nie, maar ook as 'n gebrek aan geleenthede om inkomste te genereer. Die respondente het op agt punte met betrekking tot hulle ouers se werkstatus gereageer. Die bevindinge word in tabel 4.4 weergegee en illustreer dat die meerderheid van die respondente se ouers werkloos is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.4 Werkstatus van ouers

Omskrywing van werkstatus	Getal response	%
Vader werkloos	5	25,0
Moeder werkloos	7	35,0
Vader werk	2	10,0
Moeder werk	1	5,0
Vader doen stukwerk	1	5,0
Moeder doen stukwerk	2	10,0
Vader oorlede / afwesig	2	10,0
Moeder oorlede / afwesig	0	0
Totaal	**20**	**100,0**

(n=10)

Tabel 4.4 bevestig die argument van Drake (1989a:14) en Le Roux en Smith (1998b:686) dat werkloosheid 'n rede is waarom gesinne opbreek en kinders hulle ouers verlaat aangesien 25% van vaders en 35% van moeders van die respondente werkloos is. Hierdie resultaat kan tesame met die response ten opsigte van die middele tot straatkinders en hulle gesinne se beskikking om te oorleef, soos weergegee in tabel 4.5, geïnterpreteer word.

Tabel 4.5 Ekonomiese middele tot gesin se beskikking

Beskrywing van ekonomiese middele	Getal respondente	%
Ouers se salarisse	2	20,0
Grootouers se pensioen	1	10,0
Kindersorgtoelaag	1	10,0
Ander: Wasgeld, vra vir ander mense, ander mense gee kos, broer werk	6	60,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Vanuit figuur 4.5 blyk dit dat die meeste van die respondente (80%) verduidelik of beskryf hulle ouers se inkomste as "*wasgeld*", "*ons vra tussen die mense*", "*broer werk*", "*mense gee kos*", "*ons skarrel*" of "*familie en mense gee*", asook grootouers se pensioengeld of 'n kindertoelaag. Dit dui dus daarop dat die gesinne van ander mense afhanklik is om in hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

basiese behoeftes te voorsien en dat die beskikbaarheid van die basiese bestaansmiddele wisselvallig is.

Die respondente het op 'n vraag of hulle 'n vaste werk as belangrik of onbelangrik beskou, almal aangedui dat hulle dit as belangrik beskou. Die volgende verklarings vir hulle respons is gebied:

- *"Om kos in die huis te het"*
- *"Om geld te kry, koop huisgoete"*
- *"Kosgeld"*
- *"As nie vaste werk het, kan jy nie vorentoe gaan nie"*
- *"Om sente in die huis en kos te koop"*
- *"Sodat jy nie swaar in die lewe moet kry"*
- *"Om aan die lewe te bly"*
- *"Om te kan sorg, kos en klere te koop"*
- *"Om 'n werk te het, kos in die huis"*
- *"Om rates en water te betaal"*

Hierdie motiverings dui daarop dat die respondente 'n werk met die voorsiening in hulle basiese behoeftes assosieer – hierdie voorsiening ontbreek omdat hulle deurlopend van ander persone afhanklik is, soos in figuur 4.5 aangedui is. Hierdie bevinding bevestig die aanname van Lusk (1992:295-296), Baker (1997) en Ennew (1986) dat straatkinders as gevolg van finansiële redes op straat is omdat daar tuis nie voldoende fondse vir versorging is nie.

4.5.4 Sosio-kulturele aspekte

Outeurs soos Moura (2002:355), Olufemi en Olufemi (2003) en Shah (2002) verwys in hulle studies na die straatkind se ongunstige familiegeskiedenis sowel as die verbrokkeling van hulle kerngesinne. Die empiriese ondersoek het vir die doel van hierdie studie gekonsentreer op die gesin, redes wat aanleiding gegee het dat die kind sy gesin verlaat het en die verhouding tussen die straatkind en sy ouer.

- **Gesin**

Die verhouding tussen die kinders en hulle gesinne binne die veranderde omstandighede gee aanleiding tot die redes waarom straatkinders op straat verkeer (Lusk et al., 1989:297). Die respondente se verduideliking van hulle gesinsamestelling, word in tabel 4.6 uiteengesit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.6 Gesinsamestelling

Bekrywing van gesin	Getal respondente	%
Woon by vader en moeder aan huis	6	60.0
Woon by moeder op straat	2	20.0
Vader oorlede	2	20,0
Totaal	**10**	**100.0**

(n=10)

Die bevindinge dui daarop dat 60% van die respondente by hul vader en moeder woon aan huis. Die moontlikheid bestaan dat die respondente hul stiefvaders as hul vaders in die huishouding beskou. Die resultaat van die ondersoek toon nog 'n voorbeeld van verandering in die gesinstruktuur, naamlik die dood van 'n ouer. Die bevinding kan aansluit by Ennew (1986) wat verwys na gesinne van straatkinders as gesinne in moeilike omstandighede wat in hedendaagse terme as hoërisiko-gesinne bekend staan.

Op die vraag van die huwelikstatus het vyf (50%) respondente aangedui dat hul ouers getroud is soos in figuur 4.3 weergegee. Dit is egter te betwyfel of dit die eerste huwelike van die respondente se ouers is. Die bevindinge ten opsigte van die gesinsamestelling sowel as huwelikstatus van die ouers, stem ooreen met die aanname van Lugalla en Mbwambo (1999:333) dat verandering in straatkinders se sosiale strukture asook in verhoudings binne die gesinne plaasvind, soos egskeiding en aanpassing by 'n stiefvader.



(n=10)

Figuur 4.3 Huwelikstatus van ouers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In samehang met die voorafgaande figuur 4.3 (p.55) is die verklarings waarom die respondente hulle gesinne verlaat het, ook ondersoek. Die respondente het hulle optrede deur die volgende gemotiveer:

- *"Te stil by die huis"*
- *"Onaangenaam by die huis, ma drink te veel en slaan my onnodig"*
- *"Onaangenaam by die huis want hulle drink te veel, baklei, pa sit ons uit"*
- *"Ander mense woon by ons"*
- *"Mense wat in ouma se huis bly, het ons uitgesit"*
- *"Ouers het nie werk nie, nie geld nie"*
- *"Het net geloop"*

Die bevindinge sluit aan by Brink (2001:80), Williams (1993:834) en Le Roux (1996a) dat gesinsomstandighede, wat interpersoonlike en familieprobleme insluit, onuithoubaar vir straatkinders raak en dat wegloop gesien word as die enigste opsie om die spanning te verlig en verdere mishandeling te voorkom. Die bevindinge sluit verder aan by die verduideliking van Veeran (1999a:56) en Le Roux (1996b) rakende "drukfaktore", wat verwys na die onuithoubare omstandighede by die huis, en "trekfaktore", wat verwys na die oënskynlik aantreklike en beter lewe op straat.

Dit is opvallend dat nie een respondent finansiële tekort as rede aangevoer het waarom hy sy gesin vir die straat verlaat het nie. Die navorser het die respondente wel gevra of hulle op straat bedel, waarop al die respondente positief geantwoord het. Dit kan moontlik wees omdat dit aanvaarbare praktyk is om ander persone vir geld te vra, soos in tabel 4.5 (p. 53) geïllustreer is, en dat dus deel van hulle funksionering is.

Alhoewel 60% van die respondente se ouers saamwoon, soos in tabel 4.6 (p.55) aangedui is, het die persoon wat vir hulle versorging verantwoordelik is nie met die tradisionele verwagting ooreengestem nie. Die volgende uiteensetting in figuur 4.4 dui daarop dat die meederheid (80%) van die gesinne primêr deur die familie of die moeder versorg word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(n=10)

Figuur 4.4 Uiteensetting van persone verantwoordelik vir gesin (voordat die respondent die gesin verlaat het)

Die bevindinge in figuur 4.4 word ondersteun deur die verduideliking van Aptekar (1994), Baker (1997), Drake (1989a:14), Suda (1997:210) asook Le Roux en Smith (1998b:684) dat straatkinders vanuit huise kom waar vroue oorwegend aan die hoof van die huis staan. L'Homme en Barakat (1998) en Le Roux (1998b:684) verwys ook na die afwesige positiewe vaderfiguur, wat as ouerlike verwerping beleef kan word.

- **Kontak met die gesin**

Lusk (1992:294) en Richter (1991:7) het aangetoon dat 'n klein deel van straatkinders wat op straat woon en werk nie by hulle gesinne betrokke is of sporadies met hulle kontak het nie. In tabel 4.1 (p.50) is daar reeds aangedui dat 50% van respondente beperkte kontak met hulle ouers het. Hierdie respondente het aangedui dat hulle een tot twee keer per maand na hulle gesinne terugkeer.

- **Sosiale patologie**

Verskeie sosiale patologieë kom in die gesinne van staatkinders voor. Verskeie outeurs verwys na alkoholisme, kinderverwaarlosing, mishandeling en disfunksionele gesinne (Aptekar, 1994; Richter, 1991:7; Chetty, 1997:88; Baker, 1997; Suda, 1997). Die respondente het op 'n kontinuum van "hou van", "neutraal" en "hou nie van nie" hulle mening oor hulle gesinsomstandighede gelug, soos in tabel 4.7 uiteengesit word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.7 Menings van respondente oor gesinsomstandighede

Voorkeur van respondent	Getal respondente	%
Hou van	4	40,0
Neutraal	0	0,0
Hou nie van nie	6	60,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Daar meerderheid van die respondente (60%) het aangedui dat hulle nie van hulle gesinsomstandighede hou nie. Die respondente het hulle belewenis hoofsaaklik toegeskryf aan drankmisbruik en gesinsgeweld deur hul ouers.

Die respondente wie se gesin op straat woon, het ook verklaar dat dit nie aangenaam op straat is nie, omdat die volwassenes van hulle verwag om te bedel en hulle nie daarvan hou om buite slaap nie. Hulle het ook aangevoer dat hulle moeders drink.

Die respondente se negatiewe belewenis van hulle gesinne word verder omskryf deur hulle voorstelle van hoe hulle ideale gesinne moet wees. Hulle het onder andere voorgestel dat die gesinne moet aangenaam wees en dat dit goed moet gaan in die gesin. Hulle het ook voorgestel hoe die gesinne nie moet wees nie deur hul afkeur in drankmisbruik en gesinsgeweld uit te spreek.

Die redes waarom die straatkinders nie van hulle gesinne hou nie en hulle voorstelle oor hoe die gesinne moet verbeter, is duidelik op aangename gesinsomstandighede gerig, met die klem op die verbetering van die sosiale patologie van die gesin. Straatkinders het dus 'n persepsie van 'n aangename gesin en kan die onaangename aspekte in die gesin identifiseer. Die respondente wat nie kon aandui wat in die gesin moet verander nie, beskik moontlik nie oor die vermoë om hulle verwagtings uit te spreek nie en kon dit nie binne die onderhoud verbaliseer nie.

4.5.5 Sosio-opvoedkundige aspekte

Chetty (1997:81) het in haar navorsing bevind dat straatkinders reeds lang tydperke in hulle gemeenskap van oorsprong deurbring alvorens hulle hulle na die straat keer. Die kinders het ook beperkte skoolopleiding ontvang. Vir die doeleindes van die empiriese ondersoek aangaande die sosio-opvoedkundige aspekte van die straatkindverskynsel word daar op skoolbywoning, redes vir skoolverlating en die reaksie van ouers op skoolverlating gefokus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Skoolbywoning**

Die respondente is versoek om aan te dui hoeveel verskillende skole hulle bygewoon het (tabel 4.8) en watter graad hulle geslaag het (tabel 4.9). Die meerderheid van die respondente (40%) het twee skole bygewoon. Een respondent het nooit voorheen 'n skool by gewoon nie.

Tabel 4.8 Skoolbywoning

	Getal skole bygewoon			
	Geen	**1**	**2**	**3**
Getal respondente	1	3	4	2
%	10,0	30,0	40,0	20,0

(n=10)

Die grade wat die respondente geslaag het, word in tabel 4.9 uiteengesit. Die meeste respondente het 3 tot 4 jaar skoolopleiding gehad. In beide gevalle was dit 30% van die respondente. Hierdie bevinding strook met dié van Chetty (1997:81) dat straatkinders beperkte skoolopleiding vir vier tot ses jaar ontvang het.

Tabel 4.9 Graad geslaag

	Grade geslaag							
	Geen	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
Getal respondente	1	0	0	3	3	1	1	1
%	10,0	0,0	0,0	30,0	30,0	10,0	10,0	10,0

(n=10)

Die respondente kon die skole wat hulle die laaste keer bygewoon het, noem, maar die helfte kon nie die jaartal wanneer hulle skool verlaat het, weergee nie, soos in die volgende figuur 4.5 aangedui word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(n=10)

Figuur 4.5 Jaartal van laaste skoolbywoning (n=10)

Die tyd wat die respondente aangedui het as die tyd wanneer hulle skool verlaat het en die tydperk wat die respondente aangedui het hulle op straat verkeer, soos weergegee in die volgende tabel 4.10, dui daarop dat hulle aanvanklik in die gemeenskap van oorsprong aangebly het sonder om skool by te woon. Dit bevestig die aanname van Chetty (1997) dat straatkinders moontlik reeds vir 'n geruime tyd in hulle gemeenskappe van oorsprong nie skool bygewoon het nie. Die meerderheid respondente (60%) verkeer twee jaar en minder op straat.

Tabel 4.10 Tydperk op straat

Tydperk op straat	Getal respondente	%
6-11 maande	2	20,0
1-2 jaar	4	40,0
3-4 jaar	2	20,0
5-6 jaar	2	20,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

- **Redes vir skoolverlating**

spondente is versoek om redes aan te voer waarom hulle die skool verlaat het. Die respondente het aangevoer dat hul die skool ongaangenaam ervaar het as gevolg van konflik, as ook die gebrek aan middele byvoorbeeld skoolgeld en skoolklere.

Hierdie verklarings deur die respondente bevestig die bevindinge van ander navorsers. Baker (1997), Portues *et al.* (2000:10) en Veeran (1999b:229) sien armoede as 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderliggende probleem vir skoolverlating, omdat die ouers nie die vermoë het om kostes verbonde aan skoolbywoning te betaal nie. Skoolverlating word ook as 'n ontsnapping van slegte skoolondervindings beskou (Le Roux & Smith, 1998b:686; Richter, 1991:7; Smith & Liebenberg, 2000:28).

Die respondente is versoek om hulle gevoelens aangaande hulle skoolverlating op 'n kontinuum van "sleg", "neutraal" en "goed" weer te gee. Dit word in tabel 4.11 gereflekteer.

Tabel 4.11 Gevoelens teenoor skoolverlating

Gevoelens van respondent	Getal respondente	%
Sleg	9	90,0
Neutraal	1	10,0
Goed	0	0,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Die meerderheid van die respondente(90%) het aangevoer dat hulle "sleg" voel omdat dat hulle die skool verlaat het, soos in tabel 4.11 aangedui word. Hulle motiveer dit soos volg:

- *"Wil met kinders speel"*
- *"Nie lekker gevoel om skool te los nie"*
- *"Voel nie so beter nie, gelerendheid is die beste"*
- *"Voel sleg omdat baklei het"*
- *"Voel nie lekker want weet nie waar werk gaan kry"*
- *"Wil skool klaar maak om te gaan werk"*

Die afleiding kan dus gemaak word dat hulle skoolopleiding aan werk en die verbetering van hulle eie maatskaplike funksionering koppel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Reaksie van ouers op skoolverlating**

Die reaksies van ouers op die respondente se skoolverlating soos deur die respondente weergegee word, word in tabel 4.12 opgesom.

Tabel 4.12 Reaksie van ouers teenoor skoolverlating

Reaksie van ouers	Getal respondente	%
Ander skool gesoek	2	20,0
Niks gedoen nie	5	50,0
Misnoeë uitgespreek	1	10,0
Skoolhoof gaan spreek	1	10,0
Fisies teruggeneem	1	10,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Uit tabel 4.12 blyk dit dat die ouers nie vasberade genoeg was om die kinders weer daadwerklik by die skool te kry nie aangesien die helfte van die ouers niks gedoen het om hulle kinders terug by die skool te kry nie.

In opvolg van die vorige vraag is die respondente na hul eie ouers se skoolvordering gevra. Al die respondente kon nie hulle ouers se skoolvordering weergee nie. Die respondente het hulle ouers se kwalifikasies geïnterpreteer as die beroep wat hulle tans beoefen, byvoorbeeld om 'n bouer te wees. Die meerderheid het aangedui dat hulle ouers geen formele opleiding ontvang het nie. Hierdie bevindinge sluit aan by Suda (1997), wat bevind het dat die ouers van straatkinders self beperkte skoolopleiding van een tot vier jaar ontvang het. Die afleiding kan dus gemaak word dat die ouers moontlik self nie die erns van skoolopleiding by hulle kinders kan vaslê nie, omdat die motivering moontlik in hulleself ontbreek.

4.5.6 Persoonlikheidseienskappe van straatkinders

Vir die doeleindes van hierdie studie het die empiriese ondersoek op groepfunksionering as 'n persoonlikheidseienskap van straatkinders gefokus. Respondente is versoek om te verduidelik waar hulle op straat slaap en wie almal daar slaap. Al die respondente het aangedui dat hulle voor sakeondernemings in die hoofstraat slaap of by ondernemings waar daar sekuriteit is. Hulle slaap ook in groepe. Die groepe bestaan uit volwassenes of ander straatkinders wat die dag met hulle deurbring. Die bevindinge sluit aan by die studies van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Baizer (1990:4), Monteiro en Dolliger (1998), en Suda (1997:215) wat daarop wys dat straatkinders in groepe funksioneer. Shah (2000) het hierdie bevinding verduidelik deur aan te voer dat die sterk groepsgevoel die familie met betrekking tot emosionele en ekonomiese versorging vervang.

4.5.7 Gesondheid

Respondente is versoek om aan te dui of hulle 'n kroniese en akute siekte onder lede het.

Tabel 4.13 Gesondheid

	Reaksie van respondente			
Siekte	**Ja**	**%**	**Nee**	**%**
Chroniese siektes	2	20,0	8	80,0
Akute siektes	10	10,0	0	0,0

(n=10)

Die resultate, soos weergegee in tabel 4.13, dui daarop dat 20% van die respondente voorheen 'n kroniese siekte (tuberkulose) onder lede gehad het en behandeling daarvoor ontvang het. Respondente het ook die geleentheid gekry om aan te dui of hulle al voorheen op straat siek was. Al die respondente het aangedui dat hulle wel op straat siek was met minder ernstige siektes soos hoofpyn, griep, verkoue of veluitslag. Hierdie bevinding stem ooreen met die stelling dat straatkinders soms gesonder as kinders in stabiele gesinne in afgeleë areas is (Street children surprisingly healthy, 2004). Al die respondente het aangetoon dat hulle weet waar klinieke is en toegang tot kliniekdienste het.

Die manlike respondente wat aan die empiriese ondersoek deelgeneem het, het aangedui dat hulle nie by seksuele aktiwiteite betrokke is nie. Die vroulike respondent het wel aangedui dat sy seksuele gunste bewys en dit primêr vir finansiële redes doen. Die bevinding van hierdie ondersoek verskil van die bevinding (Hewitt, 2003) dat straatkinders maklik by seksuele aktiwiteite betrokke raak wanneer hulle op straat kom. Die moontlikheid bestaan dat die bevinding net op die respondente van hierdie betrokke ondersoek van toepassing is en nie veralgemeen kan word nie.

4.6 VOORKOMINGSPROGRAMME EN GEMEENSKAPSGEBASEERDE PROGRAMME

Ennew (1986) voer aan dat voorkomingsprogramme as intervensiestrategieë die minste deur navorsers verken is. Die ideale metode om die verskynsel van straatkinders te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorkom, word deur Jackson (2001:1) beskou as ontwikkelingsgerigte dienste en verandering in die gemeenskap waar hoërisiko families woon. Vir die doeleindes van die empiriese studie is die respondente se betrokkenheid by aktiwiteite in hulle gemeenskap van oorsprong en welsynsorganisasies se betrokkenheid by hulle gesinne ondersoek.

4.6.1 Voorkomingsprogramme

Respondente is versoek om hulle betrokkenheid by programme in hulle gemeenskap van oorsprong weer te gee. Die meerderheid respondente (90%) het aangedui dat hulle wel aan programme deelgeneem het. Hierdie programme is deur die respondente as skool- en kerkaktiwiteite beskryf. Die skoolaktiwiteite het uit rugby, krieket, sokker, sang, netbal, dans en speletjies bestaan. Die kerkaktiwiteite wat deur die respondente gedefinieer is, het uit basaars, uitstappies wat deur die kerk gereël word, Sondagskool en kerkbywoning bestaan.

Dit blyk dus asof twee gemeenskapsinstellings naamlik die skool en die kerk gepoog het om die respondente by aktiwiteite wat op kinders gefokus is, te betrek. Hierdie bevinding ondersteun die aanname van Schurink (1995) dat programme in gemeenskappe nie vir die hantering van die direkte oorsake van gesinsverbrokkeling en ondersteuningsdienste voorsiening maak nie. Mathye (1994) sluit hierby aan deur aan te voer dat daar beperkte, indien enige, pogings aangewend word om direk die maatskaplike verskynsel van straatkinders te voorkom.

Respondente is versoek om aan te dui of enige ander welsynsorganisasies al voorheen by hulle gesinne betrokke was. Die resultate word in tabel 4.14 aangedui. Daar is bevind dat 70% van die respondente al voorheen dienste van 'n welsynsorganisasie ontvang het. Plekke van veiligheid, kinderhuis- en pleegsorgplasings is genoem. Die oorblywende 30% van die respondente het geen kontak met 'n welsynsorganisasie gehad het nie.

Tabel 4.14 Welsynsorganisasies se betrokkenheid by die gesin

	Getal respondente	**%**
Betrokkenheid van welsynsorganisasie	7	70,0
Geen betrokkenheid van welsynsorganisasie	3	30,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Die bevindinge dui op die moontlikheid dat die verbrokkeling van gesinne reeds voor die intervensie van welsynsorganisasies plaasgevind het en dat verwydering van die kinders die enigste opsie was. Die aanname van Olufemi en Olufemi (2003) dat diensverskaffers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesinsgerig moet dink ten einde hoërisiko gesinne te identifiseer, ondersteun die bevinding dat intervensie moontlik te laat plaasgevind het.

4.6.2 Uitreikprogramme

'n Uitreikprogram word gesien as oorbrugging tussen die straat en bestaande beskikbare dienslewerings programme (Street-based referral programme, 2004). Die empiriese ondersoek het vir die doeleindes van hierdie studie gefokus op die respondente se kennis van die uitreikprogram, deelname aan die program asook die bydrae wat hulle tot die samestelling en belewenis van die program wil lewer.

- **Kennis van die uitreikprogram**

Respondente is versoek om te verklaar wat die uitreikprogram waarby hulle betrokke is vir hulle bied. Die respondente het die volgende aangedui: "*speel*", "*skryf*", "*inkleur*", "*boeke kyk*", "*was*", "*kos*", "*gaan uit*" (verwys na opvoedkundige uitstappies), "*leer*" en "*goed te maak*". Van die ander response was onder andere dat hulle "*gevra was om deel te neem*", "*neem deel, want daar is te veel moeilikheid op straat deur die dag*" en "*niks by die huis om te eet nie*". Die response dui daarop dat die uitreikprogram as 'n alternatief tot die straat gesien word, asook 'n plek waar hulle voedsel kan ontvang en kan was. Die bevindinge sluit aan by die beskouing van Ennew (1986) en Smit (1998) dat uitreikprogramme as 'n geleentheid gebruik moet word om straatkinders te oorreed en te bemagtig om die straat vrywillig te verlaat. Outeurs soos Tiba (1993a:214) en Schurink (1995) voer ook aan dat uitreikprogramme ten doel het om straatkinders te leer ken, verhoudinge te bou en in hulle basiese fisiese en emosionele behoeftes te voorsien.

- **Deelname aan die program**

Die respondente verduidelik hul bywoning van die uitreikprogram soos volg. Die meerderheid van die respondente (70%) se response was dat hulle vyf dae van die week die program bywoon en 30% van die respondente woon die program drie tot vier keer per week by. Daar kan dus afgelei word dat die uitreikingprogram goed deur respondente bygewoon word.

- **Bydrae tot die samestelling van die program**

Respondente is versoek om aan te dui of hulle 'n bydrae wil lewer tot die samestelling van programme wat vir hulle aangebied word. Die response word in tabel 4.15 aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.15 Bydrae tot samestelling van program

Aanduiding van insette	Getal respondente	%
Ja	8	80,0
Nee	1	10,0
Ander: weet nie	1	10,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

In tabel 4.15 word gereflekteer dat 80% van die respondente wel 'n bydrae tot die samestelling van die program wil lewer. Respondente het ook voorgestel wat aangebied moet word:

- *"Skoolwerk" (leer en skryf)*
- *"Klere gee/skoene gee"*
- *"Sport en speleties"*
- *"Uit gaan" (opvoedkundige uitstappies)*
- *"Diploma gee dat wel program bygewoon het"*
- *"Huis toe neem"*

Die resultate dui daarop dat die respondente 'n behoefte aan basiese middele en behoeftes het. Die bevinding sluit aan by Brink (2001:81) wat van mening is dat dienslewering in 'n uitreikprogram in straatkinders se basiese welsyn moet voorsien en hulle moet ondersteun en ontwikkel. UNICEF (The State of the World's Children 2003, 2003) se uitgangspunt, naamlik dat dit volwassenes se verantwoordelikheid is om die perspektiewe, idees en uitgangspunte van kinders ernstig op te neem wanneer programme vir hulle opgestel word, word deur die bevinding ondersteun.

- **Belewenis van die program**

Respondente is versoek om te verklaar hoe hulle die personeel van die uitreikprogram asook die ander kinders in die program ervaar. Die respons teenoor die personeel was positief en die respondente het hulle ervarings as "*goed*", "*lekker met my*", "*oriaat*", "*gee vir ons alles*" en "*speel met ons*" beskryf. Die respons teenoor die ander kinders in die program was ook positief en hulle is as "lekker", "*kwaai*", "*voel lekker*" en "*goed*" beskryf. Respondente het die take van die personeel soos volg weergee: "*hulle gesels*", "*kom haal ons*", "*gee kos*" en "*stap rond met ons*".

Respondente is versoek om te verklaar waarom hulle dink daar 'n uitreikprogram bestaan. Die response van die respondente het verskil en kan soos volg weergegee word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *"Om straatkinders lekker te laat voel"*
- *"Skool en kerk te hou"*
- *"Om geleerdheid te gee"*
- *"Leer ons alles wat ons moet doen"*
- *"Praat oor gevoelens"*
- *"Om kinders van straat af te kry"*
- *"Kyk na straatkinders"*
- *"Hou ons uit die moeilikheid"*

Die response van die respondente kan moontlik verduidelik word as 'n weerspieëling van hoe hulle die huidige uitreikprogram beleef. Dit blyk dus dat hulle waarde heg aan die feit dat die program vir hulle sorg.

Die respondente is versoek om aan te dui of daar wel uitreikprogramme vir straatkinders moet wees. Al die respondente het positief gereageer deur aan te dui dat daar wel programme moet wees.

Die bevindinge dui daarop dat respondente klem plaas op basiese behoeftes en sorg, wat moontlik in hulle gesinsopset ontbreek. Die bevinding sluit aan by die klem wat deur Smit (1998) geplaas word op die deurlopende dienslewering wat 'n veiligheidsnetwerk vir straatkinders stel, ongeag die uitkoms van dienslewering.

Die bevinding sluit verder aan by Aptekar (2001) wat in sy kruiskulturele beginsels aanvoer dat die diensverskaffer net psigoterapie aan die straatkinders moet gee waar dit nodig geag word en dat die res van die dienste praktiese hulp moet behels.

Respondente is versoek om aan te dui of die dienste in die program of personeel hulle al oorreed het om die straat te verlaat. Al die respondente het positief gereageer. Ten spyte van die positiewe aanduiding dat die personeel hulle versoek het om die straat te verlaat, verkeer hulle nog steeds op straat. 'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat intensiewe gesinsherenigingsdienste in die kontinuum van dienslewering ontbreek.

4.6.3 Opvoedkundige programme

Brink (2001:85) voer aan dat die opvoedkundige proses gesien kan word as 'n deurlopende proses waardeur daar in 'n samelewing belê word. Vir die doeleindes van hierdie studie het die empiriese ondersoek gefokus op die respondente se behoefte om na die skool terug te keer en watter bydrae die uitreikprogram tot die respondente se opvoeding kan lewer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Behoefte om na die skool terug te keer**

Die respondente is versoek om aan te dui of hulle wil terugkeer skool toe en om hulle response te motiveer. Die resultate word in tabel 4.16 weergegee. Die meerderheid respondente (60%) het aangedui dat hulle wel wil terugkeer skool toe.

Tabel 4.16 Terugkeer na skool

Aanduiding van terugkeer na skool	Getal respondente	%
Ja	6	60,0
Nee	3	30,0
Ander: Weet nie	1	10,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Respondente het verder verduidelik hoe die uitreikprogram waarby hulle betrokke is, kan bydra tot hulle pogings om terug te keer skool toe. Die response kan samevattend soos volg weergegee word:

- *"weet nie"*
- *"program kan nie help nie, want my skoolsertifikaat is klaar by skool"*
- *"program kan skool vra om my terug te neem"*

Die response dui daarop dat die respondente reeds moontlike ondersteuning van die uitreikprogram ten opsigte van hulle terugkeer skool toe tot 'n mate geëvalueer het. Dit blyk dat hulle evaluering nie oorwegend positief is nie, ten spyte van die meerderheid se wens dat hulle wil terugkeer skool toe. Die gedagte aan terugkeer skool toe blyk intimiderend te wees. Brink (2001:82) het bevind dat opvoedkundige programme vir straatkinders ondersteunend, samewerkend en geleidelik moet wees, in 'n omgewing wat nie intimiderend is nie. Smit en Liebenberg (2000:31) is ook van mening dat onderwysers opgelei moet word en sensitiwiteit vir die probleme van hoërisiko leerders moet ontwikkel.

- **Die program se bydrae tot opvoeding**

Respondente is versoek om te noem wat hulle graag wil hê die opvoedkundige program hulle moet leer: "*skryf*", "*leer inkleur*", "*wiskunde*", "*wetenskap*", "*goed leer wat ons nie ken nie*", "*skool gee*" en "*rugby*" is as response gegee. Die response dui daarop dat daar wel 'n behoefte aan opvoeding by die respondente bestaan. Die bevinding word bevestig deur Swart (1987:8) wat aanbeveel dat straatkinders wat geen formele skoolopleiding ontvang het nie, eers die geleentheid gebied moet word om funksioneel geletterd te raak. Smit (1998)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sluit hierby aan deur aan te voer dat gelyktydige aandag aan die kind se emosionele, fisieke en skolastiese behoeftes gegee moet word, ten einde selfwaarde, lewensvaardighede en 'n verantwoordelikheidsin te ontwikkel.

4.7 BEROEPS- EN AMBAGONTWIKKELING

Beroepsopleiding en inkomstegenerende programme kan die sosiale status van straatkinders sowel as hulle ouers verbeter (Drake, 1989b:15) Die empiriese ondersoek het vir die doeleindes van hierdie studie gefokus op die tipe opleiding wat die straatkinders wil ontvang, asook wat hulle antisipeer die opleiding tot hulle maatskaplike funksionering sal bydra.

- **Tipe opleiding**

Respondente is versoek om te verklaar wat hulle graag wil leer. Die response kan soos volg weergegee word:

- *"Bouwerk"*
- *"Rotangwerk"*
- *"Kuns"*
- *"Computerwerk"*
- *"Koskook"*
- *"Houtwerk"*
- *"Verf"*
- *"Kerse maak"*
- *"Motorwerktuigkundige"*
- *"Bestuurslisensie"*

Die respondente het dus 'n behoefte om vaardighede aan te leer wat meestal op handvaardighede fokus.

- **Bydrae tot maatskaplike funksionering**

Die respondente is verder versoek om aan te dui of bogenoemde vaardighede positief tot hulle maatskaplike funksionering kan bydra. Die respondente se response was positief en kan soos volg saamgevat word:

- *"Self goete koop"*
- *"Werk as bouer"*
- *"Kan werk soek"*
- *"ID kry"*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *"Sal nie op straat wees nie"*
- *"Kan by huis bly"*
- *"Diploma kry"*

Die respondente stel dus belang in praktiese ontwikkeling en vaardighede wat hulle kan gebruik om 'n werk te bekom. Die bevinding sluit aan by Brink (2001:5) wat van mening is dat beroepsopleiding en inkomstegenerende programme as 'n metode beskou word om straatkinders weer by die hoofstroom van die samelewing en ope arbeidsmark in te lyf.

4.8 KONTINUUM VAN SORG

Dienslewering aan straatkinders kan op drie vlakke plaasvind, naamlik mikro-, meso- en makrovlak (Veeran, 1999b:231). Smit (1998) verwys op sy beurt na 'n holistiese, geïntegreerde benadering wat gevolg moet word om die straatkind by die hoofstroom van onderwys en gemeenskap in te lyf. Die intervensie van straatkinders moet dus op gesinsgeheniging gemik wees (Lugalla & Mbwambo, 1999:342). In hierdie verband is daar vir die doeleindes van hierdie studie die empiriese ondersoek gefokus op die voorkeure van versorging, asook voorstelle vir veranderinge wat in die gesinne en gemeenskap van oorsprong moet plaasvind.

- **Voorkeure van versorging**

Respondente is versoek om aan te dui waar hulle wil woon. Die resultate word in tabel 4.17 uiteengesit. (Respondente kon meer as een antwoord gee.)

Tabel 4.17 Kontinuum van sorg

	Voorkeure		
Tipe versorging	**Hou van**	**Neutraal**	**Hou nie**
Straat	2 (20%)	0 (0%)	8 (80%)
Skuiling	4 (40%)	1 (10%)	5 (50%)
Kinderhuis	5 (50%)	1 (10%)	4 (40%)
Grootouers	5 (50%)	3 (30%)	2 (20%)
Tante/Oom	3 (30%)	3 (30%)	3 (30%)
Ouers	4 (40%)	1 (10%)	1 (10%)
Vader	0 (0%)	0 (0%)	1 (10%)
Moeder	3 (30%)	0 (0%)	1 (10%)

(n=10)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die resultate dui daarop dat die meerderheid van die respondente alternatiewe versorging verkies, in plaas van versorging by hulle eie ouers. Vyftig persent (50%) van die respondente verkies om in kinderhuise of by grootouers versorg te word teenoor 40% respondente wat versorging deur ouers verkies. Dit sluit aan by die bevindinge van tabel 4.18 (p. 72) dat 60% van die respondente nie permanent na hulle ouerhuise wil terugkeer nie. Die respondente het aangevoer dat versorging weg van die familie, soos kinderhuise of skuilings, 'n aanvaarbare metode van alternatiewe versorging is. 'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat hulle reeds voorheen daaraan blootgestel is en die gedagte dus nie vreemd en onbekend is nie. Dit is verder opvallend dat, ten spyte van die aanduiding dat 50% van die respondente (tabel 4.17) nie daarvan hou om op straat te wees nie 80% van die respondente reeds langer as 1 jaar op straat verkeer, soos geïllustreer in tabel 4.10 (p.61). Die gevoelens wat die respondente verbaliseer en hul gedrag blyk teenstrydig te wees.

Respondente is versoek om aan te dui op watter wyse hulle na hulle gesin wil terugkeer. Die resultaat word in tabel 4.18 aangedui.

Tabel 4.18 Wyse van terugkeer na ouerhuis

Wyse van terugkeer na ouerhuis	Getal respondente	%
Permanent	4	40,0
Net naweke	0	0,0
Een keer per maand	3	30,0
Glad nie	2	20,0
Ander: Gesin op straat	1	10,0
Totaal	**10**	**100,0**

(n=10)

Die meerderheid van die respondente (60%) het aangedui dat hulle nie permanent na hulle ouerhuis wil terugkeer nie. Lugalla en Mbwanmbo (1999:342) is van mening dat intervensie by straatkinders op gesinshereniging gemik moet wees. Ortiz en Poertner (1992:411) beskou intervensie as 'n multistrategie wat benodig word om straatkindres en hul families te bemagtig. Die bevinding dat die meerderheid van respondente nie na hul ouerhuise wil terugkeer nie, dui daarop dat gesinsherenigingsdienste 'n tydsame en ingewikkelde proses is by straatkinders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Respondente is verder versoek om te verklaar hoe die uitreikprogram 'n bydrae kan lewer sodat hulle na hulle ouerhuise kan terugkeer. Die response word soos volg saamgevat:

- *"Na huis neem"*
- *"huis neem"*
- *"Weet nie"*
- *"Nie terug na ma toe nie, sy drink te veel, eerder 'n ander plek"*

Die verklarings dui weer eens daarop dat die kinders hulle ouerhuise as onaangenaam ervaar. Die verklarings van respondente wat aangedui het dat die program hulle moet terugneem huis toe is teenstrydig met die tydperke wat hulle reeds op straat deurbring en die feit dat hulle wel sporadies self met hulle ouerhuise in verbinding tree, soos in tabel 4.1 (p. 50) aangedui is. Die bevinding sluit aan by Suda (1997:216) se uitgangspunt dat die opbou van gesinne moet plaasvind ten einde hervestiging te fasiliteer. Die opbou van die gesinne en die voorbereiding van straatkinders om terug te keer na hul gesinne is dus twee prosesse wat parallel moet geskied.

- **Veranderinge in gesinopset en gemeenskap van oorsprong**

Respondente is versoek om voorstelle te maak rakende aspekte wat in hulle gesinsopset moet verander vir hulle om na hulle gesinne terug te keer. Die response van die respondente het aangedui dat die sosiale patologie naamlik drankmisbruik en konflik wat gepaard gaan met vloek en geweld in hul gesinsopset moet verander. Die respondente het ook na die gebrek aan voedsel en hul ouers se werkloosheid as onaanvaarbare omstandighede in die gesinsopset verwys.

Hierdie response dui daarop dat die sosiale patologie en beperkte bestaansmiddele die gesinsopset onaangenaam maak en dat die respondente wyses vind om dit te vermy. Die respondente beskik oor die vermoë om definitiewe punte uit te wys wat moet verander of verbeter om tot aangename gesinsomstandighede by te dra.

Die respondente het ook aangedui wat in die gemeenskappe van oorsprong moet verander ten einde dit aangenaam te maak om daar te funksioneer:

- *"Stil wees"*
- *"Wil lekker speel"*
- *"Alles is reg"*
- *"Bure skel te veel, steek mekaar"*
- *"Ouma moet ophou drink en baklei"*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *"Bende baklei"*
- *"Omgewing oraait"*
- *"Geen probleem nie"*

Die respondente se response dui hier op aangename en onaangename ervaringe in die gemeenskappe. Die onaangename ervaringe blyk egter nie so oorweldigend te wees soos in die geval van hulle gesinsopset nie. Jackson (2001:8) beskou die ideale wyse om die verskynsel van straatkinders te voorkom, is om ontwikkelingsgerig te werk en verandering in hoërisiko-gesinne se gemeenskap te weeg te bring. Dit sluit nie net die gesin in nie, maar ook armoede verligting, werkskepping, behuising en benutting van hulpbronne. Die moontlikheid bestaan dus dat indien straatkinders se primêre versorgingsposisie verbeter, dit tot hulle maatskaplike funksionering sal bydra.

4.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is oor die resultate van die empiriese ondersoek verslag gedoen. Die data wat deur vraelyste bekom is, is verwerk en met behulp van tabelle, figure en besprekings aangebied. Tendense ten opsigte van die profiel van die straatkind, maatskaplikewerkprogramme en behoeftes van straatkinders is bespreek en met bestaande literatuur vergelyk.

In hoofstuk 5 sal gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die empiriese ondersoek gemaak word. Ten einde die doel van die navorsing te bereik – naamlik om gepaste riglyne vir maatskaplike werkers vir intervensie met straatkinders daar te stel – sal die aanbevelings die vorm van riglyne aanneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Hierdie ondersoek rakende maatskaplikewelsynsprogramme vir straatkinders het voortgespruit uit die waarneming van die navorser dat, ten spyte van verskeie programme en dienste wat die unieke situasie van straatkinders benader, die maatskaplike verskynsel steeds voortbestaan. Die samelewing in Suid-Afrika het die afgelope twintig jaar van die verskynsel bewus geword en die maatskaplikewerkdienste word daarmee gekonfronteer en genoodsaak om die sosiale verskynsel te hanteer.

Die teoretiese verkenning dui daarop dat daar reeds heelwat navorsing oor die verskynsel van straatkinders gedoen is, en dat voorstelle om die verskynsel op maatskaplike, opvoedkundige en ontwikkelingsvlak te benader, gemaak is. Die vraag ontstaan of dienslewering in die behoeftes van die straatkinders voorsien. Ten einde 'n effektiewe diens te lewer, is dit belangrik om van die spesifieke verwagtinge en behoeftes van die teikengroep, naamlik straatkinders, bewus te wees. Laasgenoemde is nodig ten einde 'n effektiewe maatskaplikewelsynsprogram te ontwikkel.

'n Verkennende ondersoek is onderneem om die verskynsel en die profiel van straatkinders te verken en die sosio-maatskaplike omstandighede van die straatkinders te ondersoek. Voorts is verskillende benaderings, intervensieprogramme en bestaande programme vir straatkinders ondersoek. Hiermee is die eerste drie doelwitte van die studie bereik naamlik: om die verskynsel en die profiel van die straatkind te verken, om die sosio-maatskaplike omstandighede van straatkinders te ondersoek en die verskillende benaderings, intervensieprogramme en bestaande programme vir straatkinders te verken. Die studie het ook die toepaslike beleidsrigtings ten opsigte van straatkinders en gepaste maatskaplikewerkintervensie ondersoek. Respondente se response is na aanleiding van feite vanuit die teoretiese ondersoek verkry. Die onderhoude het aan die hand van 'n vooraf opgestelde vraelys plaasgevind. Die vraelyste is kwalitatief en kwantitatief saamgestel.

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings na aanleiding van die empiriese bevindings en literatuurstudie geformuleer. Daarna volg aanbevelings ten opsigte van gepaste riglyne vir maatskaplike werkers vir intervensiestrategieë met straatkinders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings is op die bevindinge van die ondersoek gebaseer.

5.2.1 Profiel van straatkinders

Dit blyk uit die ondersoek dat die kinders wat meestal hulle tyd op straat deurbring, wel kontak met hulle gesinne het. Dit beteken dat straatkinders nie wees gelaat en sonder heenkome is nie. Dit blyk verder dat hulle nie kontak met hulle gesinne verloor nie en daarom na gelang van hulle individuele behoeftes tussen die straat en die gesin beweeg. Dit is opmerklik dat die straatkinders nie finansiële voordele as die primêre rede aangevoer het waarom hulle op straat is nie, maar eerder na ongunstige gesinsomstandighede verwys het.

Voorts is die geslag van die meerderheid straatkinders manlik. Dit blyk aanvaarbare praktyk by gesinne te wees dat seuns sonder toesig kan rondbeweeg en hulle tyd op straat verwyl.

Daar is verskillende faktore wat daarop dui dat straatkinders uit gesinne kom waar daar nie definitiewe grense en strukture in plek is nie. Die eerste faktor is die ouers se persoonlike fisiese omstandighede, naamlik dat die meerderheid van die gesinne vir behuising van ander persone afhanklik is en dat die gesinne deur ander persone onderhou word.

Die tweede faktor is die feit dat by die meerderheid gesinne albei ouers werkloos is. Die gesin is van stukwerk, hulp van ander, of finansiële ondersteuning van familielede afhanklik. Straatkinders en hulle gesinne gebruik bedelary ("vra tussen die mense") om middele te bekom, maar daar blyk sowel binne die gesinsopset as by straatkinders beperkte ongemak teenoor bedelary te bestaan.

Die reaksie van ouers teenoor straatkinders se skoolverlating kan as derde faktor beskou word, tesame met die gebrek aan skoolgelde of -klere, of konflik by die skool. Daar word nie 'n daadwerklike poging aangewend om straatkinders te ondersteun, probleme met die skool te oorbrug en verantwoordelikheid vir die voltooiing van kinders se skoolloopbane te aanvaar nie.

Die vierde faktor is die sosiale patologie van die gesin, wat telkemale as rede vir staatkinders se verlating van hulle gesinsopset aangevoer word. Dit blyk dat daar beperkte emosionele ondersteuning of ontwikkeling binne die gesinsopset plaasvind, omdat die ouers self nog nie sekere lewensvaardighede bemeester het nie.

Hierdie tekortkominge in die gesinsopset veroorsaak dat kinders nie gekondisioneer word om aan die verwagtinge van die hoofstroomsamelewing te voldoen nie. Die gevolgtrekking korreleer met die literatuurstudie, wat deurlopend na die gebrek aan gunstige sosio-kulturele, sosio-opvoedkundige en sosio-ekonomiese omstandighede van straatkinders verwys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2 Straatkinders se belewenis van hulle eie gesin

Die meerderheid straatkinders het aangedui dat hulle nie hulle gesinsopset positief beleef nie. Dit korreleer met hulle primêre redes waarom hulle op straat is. Buiten dat daar nie in die basiese behoeftes van die kinders voorsien word nie, heers daar ook omstandighede waarvoor die kind nie verantwoordelikheid kan aanvaar nie, soos behuising, ouers se drinkgewoontes en 'n onstabiele gesinsopset. Die feit dat hulle nie van hulle gesinsomstandighede hou nie, blyk dus geregverdig te wees. Die ongunstige gesinsopset is 'n moontlike oorsaak dat die straatkinders nie voldoende lewensvaardighede aanleer of emosionele sekuriteit geniet nie.

Dít wat die respondente as 'n gunstige gesinsopset beskou, is simplisties. Hulle verwagtinge vir 'n gunstige gesinsopset word nie aan bestaansmiddele gekoppel nie, maar wel aan aangename ervaringe. Dit blyk dus of ouers van straatkinders nie oor die vermoë beskik om aan die elementêre verwagtinge van die kinders te voldoen nie.

5.2.3 Straatkinders se belewenis van hulle eie omstandighede

Alhoewel die meerderheid straatkinders aangevoer het dat hulle nie die straatlewe as aangenaam ervaar nie, is hulle reeds vir 'n geruime tyd op straat. Die band tussen ouers en straatkinders blyk nie heg te wees nie, want die respondente beweeg na gelang van behoefte tussen hulle huise en die straat. Dit blyk dat die ouers nie 'n daadwerklike poging aanwend wanneer die kinders die gesinne besoek om te verhoed dat hulle na die straat terugkeer nie. Respondente kon slegs beperkte inligting rakende hulle ouers weergee, wat die moontlikheid bevestig dat daar min dialoog tussen die respondente en hulle ouers bestaan.

Alhoewel die respondente vroeë skoolverlaters is, het die meerderheid die wens uitgespreek om terug te keer skool toe. Hulle het negatiewe gevoelens oor hulle vroeë skoolverlating en sien skoolbywoning as 'n medium om hulleself te verbeter. Die moontlikheid bestaan dus dat insigontwikkeling rakende die verband tussen skoolopleiding en die verbetering van eie funksionering en ontwikkeling wel plaasgevind het.

Dit is opmerklik dat die persepsie van 'n vaste werk aan die voorsiening in basiese behoeftes gekoppel word. Die moontlikheid bestaan dus dat die gebrek aan basiese behoeftes binne die gesinsopset oorweldigend is. Daar is dus beperkte geleentheid om die visie te ontwikkel dat 'n persoon meer met 'n inkomste kan doen as om net in basiese behoeftes te voorsien. Die respondente het dus nie drome en 'n visie om in die samelewing te vorder nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die respondente is oënskynlik gesond en die straatlewe het nie 'n noemenswaardig negatiewe impak op hulle gesondheid nie.

Die positiewe verwagtinge oor hulle eie omstandighede, asook dít wat hulle wil bereik, korreleer nie met die respondente se huidige leefstyl op straat nie, ten spyte van die blootstelling wat hulle in die uitreikprogram ontvang en geleenthede wat vir hulle geskep word om na hulle ouerhuis of skool terug te keer. Twyfel bestaan dus oor hulle inherente motivering om te volhard in pogings om hulleself te verbeter.

5.2.4 Blootstelling aan ondersteuningsdienste

Die meerderheid respondente het aangedui dat welsynsorganisasies voorheen by hulle gesinne betrokke was. Voorts het die meerderheid respondente reeds tydens sodanige intervensie met die kontinuum van dienslewering kennis gemaak en op een of ander wyse, byvoorbeeld deur middel van kinderhuisplasing, deel van die welsynstelsel geword.

Die respondente se deelname aan voorkomingsaktiwiteite in hulle gemeenskappe van oorsprong is beperk. Voorkomingsprogramme in die gemeenskap van oorsprong is deur die respondente as kerk- of skoolaktiwiteite geïnterpretreer. Die blyk dus dat ontwikkelingsprogramme slegs in beperkte mate in gemeenskappe aangebied word. Onduidelikheid bestaan of enige van die gemeenskapsaktiwiteite op gesinsinstandhouding of ondersteuningsdienste gefokus is.

Die blyk dat drie vorme van ondersteuningstelsels in die gemeenskap van oorsprong die respondente gefaal het: die gesinstelsel, onderwysstelsel en maatskaplikewerk-hulpverleningstelsel het nie 'n volhoubare ondersteuningsdiens aan die respondente en hulle gesinne gelewer nie.

5.2.5 Straatkinders se belewenis van maatskaplikewerkprogramme

Die respondente beskik oor die nodige kennis van maatskaplikwerkprogramme vir straatkinders. Hulle deelname aan programme, asook die feit dat hulle die inhoud van die programme kon weergee, is 'n aanduiding dat hulle dit geniet. Dit is opmerklik dat die meerderheid respondente die redes vir die bestaan van die program kan verduidelik en besef dat die program se doel is om straatkinders te ondersteun en geleenthede te bied. Die straatkinders se belewenis van die personeel is positief, wat daarop dui dat hulle wel die respondente kan oorreed om die program vrywillig by te woon. Die respondente het aangedui dat hulle aan die samestelling van die program wil deel hê. Dit dui daarop dat hulle wel sekere verwagtinge ten opsigte van hulle eie ontwikkeling het en dat hulle oor voldoende selfvertroue beskik om wel 'n bydrae te lewer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.6 Straatkinders se behoeftes

Die respondente verbaliseer verskillende behoeftes. Dit blyk egter dat dit op basiese behoeftes fokus wat deur die algemene publiek as vanselfsprekend aanvaar word. Die behoeftes van respondente kan in twee kategorieë verdeel word. Die eerste kategorie is die behoefte aan eie ontwikkeling, byvoorbeeld om te lees en skryf, asook vaardigheidsontwikkeling. Die tweede kategorie is die behoefte aan beter gesinsomstandighede, byvoorbeeld deurdat hulle ouers se lewenstyl verander.

5.3 AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings ten opsigte van maatskaplike werlsynsprogramme vir straatkinders, word die volgende aanbevelings gemaak:

5.3.1 Maatskaplikewerkprogramme in die gasheergemeenskap

- Maatskaplike werkers moet 'n holistiese benadering ten opsigte van straatkinders as maatskaplike verskynsel volg ten einde al die stelsels en hulpbronne in die gemeenskappe te benut.
- Maatskaplike werkers moet straatkinders vanaf die aanvanklike kontak motiveer om in te skakel by 'n uitreikprogram wat 'n verskeidenheid aktiwiteite – van persoonlike sorg tot opvoedkundige aktiwiteite – aanbied ten einde 'n vertrouensverhouding te bou en die kinders aan 'n positiewe omgewing bloot te stel. Hierdie uitreikproses kan in samewerking met straatwerkers, gemeenskapontwikkelaars of maatskaplike hulpwerkers gedoen word.
- Maatskaplike werkers moet die onmiddellike beskikbaarheid van akkommodasie, byvoorbeeld 'n skuiling, as 'n belangrike deel van die kontinuum van dienslewering in maatskaplikwerkprogramme, beskou. Sodoende kan 'n volledige assessering met die oog op 'n individuele ontwikkelingsplan gedoen word, terwyl deurlopende sorg verskaf word en 'n vertouensverhouding gebou word.
- Maatskaplike werkers moet 'n intensiewe program met die straatkinders as individue volg ten einde te verhoed (sover dit binne die vermoë van dienslewering is) dat hulle na hulle bekende en ongestruktureerde lewenstyl op straat terugkeer. Die individuele ontwikkelingsplan moet op die straatkind as individu fokus en die mees aanvaarbare ontwikkelingsplan vir hom/haar ontwerp.
- Maatskaplike werkers moet die samestelling van die daaglikse programme vir straatkinders eenvoudig hou ten einde in hulle basiese behoeftes te voorsien en op hulle vlak te beweeg. Hierdie programme moet opwindend wees sodat hulle aandag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behou word en hulle vermoëns kan ontwikkel. Indien daar in hulle basiese behoeftes voorsien word en hulle 'n gevoel van prestasie ervaar, sal hulle moontlik 'n behoefte aan verdere ontwikkeling hê en gunstig teenoor maatskaplikewerkprogramme reageer.

- Maatskaplike werkers moet ontwikkelingsprogramme wat opvoedkundige -, beroeps- en ambagontwikkeling insluit, saamstel of netwerk met instansies en organisasies wat die vorme van ontwikkelingsprogramme vir straatkinders kan aanbied.
- Maatskaplike werkers moet aanvaar dat daar straatkinders sal wees wat nie altyd hulle samewerking sal gee nie en dat hulle prognose swakker word hoe langer hulle op straat is.

5.3.2 Gesinsherenigingsdienste

- Maatskaplike werkers moet intensief met formele gemeenskapsgebaseerde organisasies en vrywilligers saamwerk ten einde al die verantwoordelike persone by die kontinuum van sorg te betrek en sodoende gesinshereniging te bespoedig.
- Maatskaplike werkers moet praktiese hulp aan die gesinne verleen deur in hulle onmiddellike behoeftes te voorsien voordat enige terapeutiese dienste gelewer word, ten einde die gesin vir hulpverlening en die aanvaarding van bykomende verantwoordelikheid ontvanklik te maak.
- Maatskaplike werkers moet tegelykertyd die patologie in die gesin behandel en die gesin op die terugkeer van die straatkind voorberei.
- Na gesinshereniging moet maatskaplike werkers deur middel van vrywilligers, kinderversorgers en maatskaplike hulpwerkers intensiewe ondersteuningsdienste aan die gesin lewer ten einde terugvalle tot die minimum te beperk.
- Gesinsherenigingsdienste is 'n arbeidsintensiewe hulpverleningsproses en daar moet personeel beskikbaar wees, veral om die diens by straatkinders te lewer.
- Maatskaplike werkers moet aanvaar dat daar gesinne sal wees wat nie gunstig teenoor gesinsherenigingsdienste reageer nie en dat alternatiewe plasings vir daardie straatkinders oorweeg moet word.

5.3.3 Voorkomingsprogramme

- Maatskaplike werkers moet ekonomiese bemagtiging deur middel van werkskepping vir risiko-ouers laat plaasvind ten einde gesinne ekonomies onafhanklik te maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Maatskaplike werkers moet programme oor ouerskapsvaardighede aanbied vir geïdentifiseerde ouers wat nie oor die nodige vaardighede beskik om hulle kinders te versorg nie.
- Maatskaplike werkers moet die bestaande hulpbronne in die gemeenskap deur werksessies en bemarkingstrategieë aan geïdentifiseerde gesinne bekend gestel sodat dit doeltreffend benut kan word.
- Die skole in die gemeenskap moet 'n belangrike rol speel in die identifisering van vroeë skoolverlating en swak skoolbywoning om sodoende hoërisiko gesinne te identifiseer en by ondersteuningsdienste en ontwikkelingsprogramme te betrek.
- Maatskaplike werkers moet inligtingsessies oor die straatkindverskynsel by skole in die gemeenskap van oorsprong hou ten einde die netwerk van verwysingsbronne te versterk.
- Maatskaplike werkers moet ondersteuningsgroepe soos straatkomitees in die gemeenskappe stig en oplei ten einde 'n informele ondersteuningsnetwerk te vorm vir gesinne wat nie optimaal funksioneer nie.
- Maatskaplike werkers moet die ontwikkeling van gemeenskappe waar sosiale patologie ten koste van kinders voorkom, as prioriteit in die aanbieding van voorkomingsprogramme beskou.

5.3.4 Venootskappe tussen nieregeringsorganisasies en die staat

- Nieregeringsorganisasies kan aan die patologie van die maatskaplike verskynsel van straatkinders aandag skenk, maar die staat moet medeverantwoordelikheid vir die hantering van die oorsake van die probleem, byvoorbeeld armoede en behuising, aanvaar. 'n Vennootskap tussen hierdie partye is dus noodsaaklik om die verskynsel te hanteer.
- Die maatskaplikewerkprogramme vir straatkinders in gasheergemeenskappe is afhanklik van die kapasiteit van personeel en bestaande bronne in die gemeenskap.

5.3.5 Verdere navorsing

Verdere navorsing rakende die impak van maatskaplikewerkprogramme op gesinshereniging moet as 'n prioriteit beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

AHIANTE, A . 2004. Succour for street children. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.allafrica.com/stproes/200403230286.html. [2004, 14 April]

APTEKAR, L. 1994. Street children in the developing world: a review of their condition. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.lewisaptekar.com/download/crossculturalresearch.pdf. [2004, 30 Maart]

APTEKAR, L. 1995. Street children: a cross-cultural perspective : a paper delivered by Prof Lewis Aptekar, San Jose University, author of The street Children of Cali: **Conference report : street children from resolutions to action**. 9 March 1995.

APTEKAR, L. 2001. Cross -cultural problems faced by people who work with street children. International child and youth care network. 29 CYC-ONLINE. [Intyds]. Beskikbaar: file://A:\Work with street children Cross-cultural.htm. [2003, 22 Desember]

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. **The practice of social research**. Cape Town: Oxford University Press.

BACOS, F.F.; RAMIREZ. A.R.M.; DORADO, J.B.; VELASCO. R.E. & BARBA, C.V.C. 2002. The nutritional status of street children: why some are nutritionally well-off or worst-off. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.fnri.dost.gov.ph/htm/streetchildren.htm. [2004, 12 April]

BAKER, R.P. 1997. Children of the street: a re-interpretation based on evidence from Durban, South Africa. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.gg.rhbnc.ac.uk/cedar/cedar-apers/paper29.pdf. [2004, 30 Maart]

BAIZER, M. 1990. It "out of sight, out of mind" then "in sight and in mind?" **The child care worker,** 8(4):4-5.

BELLAMY, C. 1997. Children of the street. **Natural history**, 106(4):4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRINK, B. 2001. Working with street children: reintegration through education. **Support for learning**, 16(2):79-86.

BLACKMAN, B. 2001. Intervening in the lives of street children. **Symposium on global issues in public administration**. Maxwell School of Citizenship an Public Affairs.

BOUKHARI, S. 1997. Not just street smart. **UNESCO Sources**; 88:6-9.

CHETTY, V.R. 1997. **Street children in Durban: an exploratory investigation**. Pretoria. HSRC Publishers.

CHILD HOPE UK. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.childhopeuk.org/projects/africa/south_africa/twilight.shtml. [2004, 22Junie]

CHILDREN'S PROJECT. European network on street children worldwide. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.enscw.org/eng_dev/satellite/children_project.asp?CTY=South%20Africa. [2004, 22Junie]

COCKBURN, A. 1991. Street children: An overview of the extent, causes, characteristics and dynamis of the problem. **The child care worker**, 9(2):12-13.

COCKBURN, A. 1993. Services for street children. **Child care worker,** 11(1):8-9.

CURRENT EVENTS. 2004. Down and out street kids struggle to survive. **Current events,** 103(20):1-3.

CWIN NEPAL 2004. Winter camp for street children-2004. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.cwin-nepal.org/press_room/events/winter_camp04.htm. [2004, 4 Mei]

DE MOURA, S.L. 2002. The social construction of street children: Configuration and implications. **The British journal of social work**, 32(3):353-367.

DONALD, D. & SWART-KRUGER J. 1994. The South African street child: Developmental implications. **South African journal of psychology,** 24(4):69-175.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DRAKE, E. 1989a. Workshop on street children in Botswana. **Die kinderversorger**. 7(4):14-15.

DRAKE, E. 1989b. Street children in other countries. **The child care worker,** 7(7):14-15.

ENNEW, J. 2003. Difficult circumstances: some reflections on "street children" in Africa. **Child, youth and environments**. 13(1) [Intyds]. Beskikbaar: http://cye.colorado.edu. [2004, 28 Maart]

ENNEW, J. 1986. Children of the street. **New Internationalist** 164 [Intyds]. Beskikbaar: http://www.newint.org/issue164/street.htm. [2004, 28 Maart]

GRAY, M. & ALLEGRITTI, I. 2003. Towards culturally sensitive social work practice: Re-examining cross-cultural social work. **Social work/Maatskaplike werk**, 39(4):312-323.

GRINELL, R.M. 1998. **Social work research and evaluation**. Third Edition. Illinious: FE Peacock Publishers.

GRINELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. **Reaserch social work a primer**. Illinois: FE Peacock Publishers.

GURGEL, R.Q.; DA FONSECA, J.D.C.; NEYRA-GASTA"EDA, D.; GILL, G.V. & CUEVAS, L.D. 2004. Capture-recapture to estimate the number of street childrenin a city in Brazil. **Archives of disease in childhood,** 89(3):222-224.

HEMENWAY, D. 1996. Street children and education: Cross-cultural comparisons and program implications. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.garnet.acns.fsuedu/~dhh4266/st.children.htm. [2004, 1 April]

HEWITT, T. 2003. Life on the streets in South Africa. Amos Trust. [Intyds]: Beskikbaar: http://www.amostrust.org/docs/newspage.php?newsid=96. [2004, 6 Julie]

INTER-MINISTERIAL COMMITTEE ON YOUNG PEOPLE AT RISK. 1998. **Minimum standards: South African child and youth care system.** Staatsdrukker.

JACKSON, P. 2001. Development work is in - does that mean shelters are out? **Child and youth care**, 19(11):8-9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KANJI, N. 1996. Review of urbanization issues affecting children and women in the Eastern and Southern African region. UNICEF. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.unicef.org/reseval/evaldb/9c6.html. [2004, 22 Februarie]

L'HOMME, C. & BARAKAT, A. 1998. A house for the street. **UNESCO sources,** 107:20-21.

LE ROUX, J. 1996a. The worldwide phenomenon of street children: Conceptual analysis. **Adolescence,** 31(124):965-972.

LE ROUX, J. 1996b. Street children in South Africa. Findings form interviews on the background of street children in Pretoria, South Africa. Adolescence. [Intyds]. Beskikbaar: http://pangaea.org/street_children/africa/africa.htm. [2004, 30 Maart]

LE ROUX, J. & SMITH, C.S. 1998a. Public perspective of, and reaction to street children. **Adolescence**, 33(132):901-914.

LE ROUX, J. & SMITH, C.S. 1998b. Causes and characteristics of the street child phenomenon: A global perspective. **Adolescence,** 33(131):683-688.

LE ROUX, J. & SMITH, C.S. 1998c. Is the street child phenomenon synonymous with deviant behaviour? **Adolescence,** 33(132):915-1025.

LE ROUX, J. & SMITH, C.S. 1998d. Psychological characteristics of South African street children. **Adolescence**,33(132):891- 8.

LEWIS, H.P. 1998. Also God's children. Encouters with street kids. Cape Town: Ihilihili Press.

LUGALLA, J.L.P. & MBWAMBO, J.K.1999. Street children and street life inurban Tanzania the cultural of surviving and its implications for children health. **International journal urban and regional research,** 23(2):329-345.

LUSK, M.W. 1992. Street children of Rio de Janeiro. **International social work,** 35(3): 293-305.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LUSK, M.W. PERALTA, F. & VEST, G.W. 1989. Street children of Juarez: a field study. **International social work**. 32(4): 289-302.

MAPHATANE, M.T. & SCHURINK, E. 1993a. Legislation and welfare policy regarding street children. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

MAPHATANE, M. & SCHURINK, W. 1993b. Perceptions of people involved with street children. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

MATTHIAS, C.R. 1996. Are we making progress? The 1996 Child care bill and some fundamental aspects of practice and procedure in the children's courts. **Social work/ Maatskaplike werk,** 32(3):242-247.

MATHYE, M. 1994. Street children: Alternatives for prevention, treatment and rehabilitaion. In: SCHURINK, E(ed) **Street children que vadis?** . Pretoria: Human Sciences Research Council.

MINISTER FOR SOCIAL DEVELOPMENT. 2002. **Children's bill**. Republic of South Africa.

MINISTERY FOR WELFARE AND POPULATION DEVELOPMENT. 1997. White Paper for Social Welfare. Notice 1108 of 1997. **Government Gazette**, 386(18166). Pretoria, 8 August.

MONTEIRO, J.M.C. & DOLLINGER, S.J. 1998. An autophotografic study of poverty, collective orientation, and identity among street children. **Journal of social psychology,** 138(3):403-407.

NEUMAN, W.L. 2000. **Social research methods qualitative and quatitative approach** Fourth Edition. United States of America: Allyn and Bacon.

OLUFEMI, O. & OLUFEMI, A. 2003. Open forum - family disfunction, poverty and HIV/AIDS among homeless street. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.cavok.co.za/modules.php. [2004, 18 Februarie]

ONS PLEK. [Intyds] 2001. Beskikbaar: http://www.globalministires.org/africa/hap8htm. [2004, 22 Junie]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ORTIZ, S. & POERTNER, J. 1992. Latin American street children: problem,programmes and critique. **International social work,** 35(4):405-413.

PORTEUS, K.; CLACHERTY, G.; MDIYA, L.; PELO, J.; MATSAI K.; QWABE, S. & DONALD, D. 2000. 'Out of school' children in South Africa: An analysis of causes in a group of marginalized, urban 7- to15-year-olds. **Support for learning,** 5(1):8-12.

RADIO NETHERLANDS. 2003. Othandweni - hope for street children. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.rnw.nl/development/html/030204othandweni.html. [2004, 22 Junie]

RICHTER, L.M. 1991. Street children in rich and poor countries. **Die kinderversorger,** 9(9):5-7.

RICHTER, L.M. 1996. The pcychological assessment of South African street children. **Africa insight,** 26(3):211-220.

RICHTER, L. & SWART-KRUGER J. 2001. Society make survival a crime. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.My%20Documetns\Lees\2%20Street%20%children%20and%20work.htm. [2004, 1 April]

SA YOUTH TELL OF STREET LIFE. [Intyds]. 2004. Beskikbaar: http://news.bbc.co.uk/1/hi/world/africa/1910693.stm. [2004, 22 Junie]

SAUVE, S. 2003. Changing paradigms for working with street youth: the experience of street kids international. **Child and youth care**, 23(11):12-16.

SCANLON, T.; TOMKINS, A.; LYNCH, M.A. & SCANLON, F. 1998. Street children in Latin America. BJM. 316(7144):1596-1600. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.bjm.com/cgi/content/ful/316/7144/1596?eaf. [2004,17 Maart]

SCHURINK, E. 1995. Action research: the development , implementation and evaluation of street child programmes within the policy guidelines of the RDP. A paper delivered by E. Schurink, Human Scinece Research Council: **Conference report : street children from rsolutions to action 9 March 1995.**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SCHURINK, E. & TIBA M.M. 1993. Street children as a world phenomenon. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

SCHURINK, W. & MATHYE M. 1993. Orientation. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

SHAH, M. 2000. Street children in Veracruz. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.odrnews.com/kurt/spanish/THESIS.DOC. [2004,30 Maart]

SHANAHAN, P. 1999. The alternative Africa: street children in Ghana. **Child and youth care,** 17(1):4-6.

SMIT, A.G. 1998. Street schools for street children. International education, 2(3) [Intyds]. Beskikbaar: http://www.canbera.edu.au/education/crie/19981999/ieej7/ie7-smit.html. [2004, 1 April]

SMIT, A.G. & VAN SCHALKWYK, E. 1998. 'n 24-Uur Dienslweringsmodel vir straat- en hoë-risiko kinders. **Social work\Maatskaplike werk,** 34(4):335-343.

SMIT, G. & LIENBENBERG, L. 2000. The inner-city street child: a pofile of the dilemma and some guidelines. **Social work/Maatskaplike werk**, 36(1):25-34.

SMIT, L. 1993. Nature and extent of the street child phenomenon: perceptions of policy-makers in the field of Welfare in respect of the street child and related aspects. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

SMIT, L. & MAPHATANE, M. 1993. The family circumstances of the street child: an exploration. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

SORSA, S.; KIDANEMARIAM, T. & EROSIE, L. 2002. Health problems of street children and women in Awassa, South Ethiopia. Journal of the Ethiopia Public Health Association. 16(2):129-137. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.cih.uib.no/journals/EJHD/ejhdv162/ejhdv16n02.page129.PDF. [2004, 12 April]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SOUTH AFRICAN LAW COMMISSION. 2002. Review of the Child care act. **Report.** Project 110.

STREET-BASED REFERRAL PROGRAMME. [Intyds]. 2004 Beskikbaar: http://www.educationfordevelopment.org/what_we_do_programme01htm. [2004, 4 Mei]

STREET CHILD AFRICA. 2004. Current projects. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.streetchildafrica.org.uk/current.htm. [2004, 4 Mei]

STREET CHILDREN SURPRISINGLY HEALTHY. [Intyds]. 2004. Beskikbaar: http://news.bbc.co.uk. [2004, 12 April]

SUDA, C. 1997. Street children in Nairobi and the African cultural ideology of kin-Based support system. Change and Challenge. **Child abuse review**, 6 (3):199-218.

SWART, J. 1987. Street children refugees, drop-outs or survivors? **The child care worker,** 5(10):6-8.

SWART-KRUGER, L. 1996a. Street children are people too. **Africa insight,** 26(3):202.

SWART-KRUGER, L. 1996b. An imperfect fit - street children and state intervention: the South African case. **Africa insight,** 26(3):231-236.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, R. 1984. **Introduction to qulitative research methods**. New York: John Wiley and Sons.

THE HOMESTEAD. [Intyds] 2004. Beskikbaar: http://www.homestead.org.za/headernew.html. [2004, 22Junie]

THE OFFICE ON THE RIGHTS OF THE CHILD. 2001. **A report on the state of the nation's children. Children in 2001**, National Programme of Action for Children in South Africa, Union Building, Pretoria:125-133.

THE SAMARITAN TRUST. 2003. Programmes: latest news. [Intyds]. Beskikbaar: http://samaritantrust.africa-online.net. [2004, 12 April]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

THE STATE OF THE WORLD'S CHILDREN. 2003. Official summary. The state of the world's children 2003. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.unicef.org/publications/pub-sowc03-summary-en.pdf. [2004, 1 April]

THIEL, G. 1997.Struggling to survive: at least a quarter of Cape Town's 2000 street children are selling themselves. Electronic Mail & Gaurdian. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.hartford-hwp.com/archives/37a/164.html. [2004, 7 Junie]

TIBA, M. 1993a. Programmes for street children: an overview of selected programmes in South Africa and other countries. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

TIBA, M. 1993b. Prevention, treatment and rehabilitation. In: SCHURINK, W & CO-WORKERS (ed) **Street children**. Pretoria: Human Sciences Research Council.

UNITED NATIONS HIGH COMMISSIONER FOR HUMAN RIGHTS. 1994 Commission on human rights resolution 1994/93 [Intyds]. Bekikbaar: http://www.unhchr.ch. [2004, 5 Mei]

UNICEF. 2001. A study on street children in Zimbabwe. UNICEF. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.unicef.org/reseval/evaldb/street%20children.pdf. [2004, 5 Mei]

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. **Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk**. Hersiene en uitgebreide uitgawe. Kaapstad: CTP Book Printers (Pty)Ltd.

VEERAN, D.L. 1999a. Street children: a working fefinition? **Social work/Maatskaplike werk,** 35(1): 52-59.

VEERAN, D.L. 1999b. The development of policy guidelines for shelters in response to the needs of street children. **Social work/Maatskaplike werk**, 35(3):222-235.

WALDFOGEL, J. 2000. Reforming child protective services. **Child welfare**., 79(1):43-57.

WET OP KINDERSORG, No 74 van 1983. **Government gazette of the Republic of South Africa**, 216 (8754), 22 Junie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

WILLIAMS, C. 1993. Who are "street children?" A hierarchy of street use and appropriate responses. **Child abuse and neglect,** 17(6):831-841.

YOUNG L. & BARETT, H. 2001. Ethics and participation: reflection on research with street children. **Ethics, place & environment,** 4(2):130-134.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1

VRAELYS VIR GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD

Respondent:

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

1. *Profiel van die straatkind:*

1.1 Sosio-demografiese aspekte:

1.1.1 Geslag van respondent.

	Manlik
	Vroulik

1.1.2 Ouderdom van respondent: ……

1.1.3 Waar woon jy tans?

	van die straat - geen kontak met ouers/gesin
	op straat - beperkte kontak met ouers/gesin
	op straat - gaan huis toe in die aand
	Ander ……

1.1.4 Waar woon jy op straat? ……...

1.1.5 Woon jy alleen of in 'n groep? ……..

1.1.6 Wie is die groep? ……

1.1.7 Hoe lank is jy al op die straat? ……

1.1.8 Waar het jy voorheen gewoon?

	By ouers - eiendom van ouers
	By ouers - nie eiendom van ouers
	Informele struktuur
	Woon by grootouers aan huis
	Woon by familie aan huis
	Woon by iemand anders aan huis
	Woon in iemand se agterplaas in informele struktuur
	Woon in grootouers se agterplaas
	Ander ……

1.2. Sosio-kulturele aspekte:

1.2.1 Waar woon jou moeder en vader?

Biologiese vader

	Woon tuis by gesin
	Nie by gesin, maar weet waar hy is
	Nie by gesin en weet nie waar hy is
	Oorlede
	Ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Biologiese moeder:

	Woon tuis by gesin
	Nie by gesin, maar weet waar hy is
	Nie by gesin en weet nie waar hy is
	Oorlede
	Ander .....

1.2.2 Huwelikstatus van biologiese ouers.

	Leef saam
	Getroud
	Getroud, maar vervreem
	Geskei
	Ander .....

1.2.3 Indien die ouers nie meer by mekaar is nie word die volgende vraag gevra: Het jou moeder en vader 'n verhouding met 'n ander volwasse persoon?

Biologiese vader:

	Saamleefmaat
	Stiefmoeder

Biologiese moeder:

	Saamleefmaat
	Stiefmoeder

1.2.4 Gesinslede:

Aantal broers en susters van dieselfde ouers: .....
Aantal stiefbroers en susters uit die verhouding van vader: ....
Aantal stiefbroers en susters uit die verhouding van moeder:...

1.2.5 Wie het vir jou gesorg?

	Bedeide ouers
	Vader
	Moeder
	Familie
	Niemand
	Ander .....

1.2.6 Waarom is jy op straat?

	Geld
	Maats is hier
	Onaangenaam by huis
	Gesinsgeweld
	Bedel vir 'n volwassene
	Bedel vir ouers
	Ander .....

1.2.8 Het jou ouers na jou kom soek?

	Ja
	Nee
	Ander .....

1.2.9 Hoeveel keer gaan jy terug na jou huis in 'n maand?

nooit	*1*	*2*	*3*	*4*	*meer*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2.10 *Hoe beleef jy jou gesinsomstandighede?*

Hou van	Neutraal	Hou nie van nie

Motiveer.....
.....
.....

1.2.11 Hoe wil jy hê moet jou gesin wees?
.....
.....
.....

1.3 Sosio-ekonomiese aspekte:

1.3.1 Werk jou moeder en vader?

	Beide ouers werk
	Vader werk
	Moeder werk
	Vader het vaste betrekking
	Moeder het vaste betrekking
	Vader doen stukwerk
	Moeder doen stukwerk
	Beide ouers is werkloos
	Vader is werkloos
	Moeder is werkloos

1.3.2 Is jou ouers opgelei om die werk te doen byvoorbeeld 'n ambag?

	Ja. Vader is opgelei om sy werk te doen
	Nee. Vader is nie opgelei om sy werk te doen nie
	Ja. Moeder is opgelei om haar werk te doen
	Nee. Moeder is nie opgelei om sy werk te doen nie
	Ander .....

1.3.3 Waarvan leef julle?

	Ouers se salaris
	Gesin leef van grootouers se pensioen
	Gesin is afhanklik van CSG(Child Support Grant
	Gesin is afhanklik van DG toelaag(Ongeskiktheidstoelaag)
	Geen inkomste
	Ander .....

1.3.3 Hoe belangrik is dit vir jou dat 'n persoon 'n vaste werk moet hê?

Onbelangrik	Neutraal	Baie belangrik

Motiveer .....
.....
.....

1.4 Sosio-opvoedkundige aspekte:

1.4.1 Hoeveel verskillende skole het jy al bygewoon?

geen	*1*	*2*	*3*	*4*	*Meer.....*

1.4.2 Watter graad het jy geslaag?

geen	*1*	*2*	*3*	*4*	*Meer ....*

1.4.3 Tot watter graad het jy gevorder?

geen	*1*	*2*	*3*	*4*	*Meer ....*

	Respondent kan nie onthou watter graad hy geslaag het nie
	Respondent kan die laaste skool wat bygewoon is, aandui
	Respondent kan nie die laaste skool wat bygewoon is, aandui nie
	Respondent kan die jaartal onthou wat hy skool bygewoon het
	Respondent kan nie die jaar onthou wat hy skool bygewoon het nie
	Ander .....

1.4.4 Hoekom het jy die skool verlaat?

	Swak gevaar op skool
	Nie skoolgeld betaal nie
	Nie skoolklere besit nie
	Weggetrek van area waar skool was
	Het nie 'n geboortesertifikaat nie
	Nie meer lus vir skoolgaan nie
	Ander .....

1.4.5 Wat het jou ouers gesê of gedoen toe jy skool gelos het?

	Skoolhoof/onderwyser gaan spreek
	Fisies teruggeneem skool toe
	Misnoë uitgespreek
	Niks gedoen nie
	Ander .....

1.4.6 Watter standerd het jou moeder en vader geslaag?

Vader:

geen	*1*	*2*	*3*	*4*	*Meer ....*
	Weet nie				
	Ander				

Moeder

geen	*1*	*2*	*3*	*4*	*Meer ...*
	Weet nie				
	Ander				

1.4.7 Hoe voel jy daaroor dat jy die skool verlaat het?

sleg	Neutraal	goed

Motiveer .....
.....
.....

1.5 Gesondheid:

1.5.1 Het jy 'n kroniese siektetoestand byvoorbeeld Tuberkulose, Asma,?

	Ja
	Nee
	Ander .....

1.5.2 Was jy al een of ander tyd siek op straat?

Ja	Indien ja,voorbeeld:	Nee
	Verkoue	
	Griep	
	Brongitis	
	Veluitslag	
	Wonde	
	Ander	

1.5.3 Doen jy soms seksuele gunste vir geld met ander woorde jump jy karre?

	Ja
	Nee
	Ander .....

Motiveer .....
.....
.....

1.5.4 Kan jy 'n kliniek besoek as jy wil?

	Ja
	Nee
	Ander .....

Motiveer. .....
.....
.....

2. *Intervensieprogramme*

2.1 Voorkomingsprogramme in gemeenskappe:

2.1.1 Het jy deelgeneem aan enige georganiseerde aktiwiteite byvoorbeeld sport by die skool, aktiwiteite by gemeenskapsaal of kerk, ensovoorts, terwyl jy by jou ouers aan huis gebly het?

	Ja
	Nee
	Ander .....

Motiveer. .....
.....
.....

2.1.2 Was enige ander welsynsorganisasie betrokke by jou en jou gesin?

	Communicare
	CMR
	PAWK
	Kinder- en Gesinsorg
	ACVV
	Geen
	Ander .....

2.1.3 Was jy al voorheen in alternatiewe sorg geplaas?

Ja	Indien ja:	Nee
	Sorg van grootouers	
	Plek van Veiligheid	
	Pleegsorg	
	Kinderhuis	
	Ander	

2.2 Programme vir straatkinders

2.2.1 Watter program(me) woon jy by op straat?

	Programme	Hoekom	Hoekom nie
	Sopkombuis/voedingprojek		
	Uitreikprogram		
	Uitreik- en ontwikkelingsprogram		
	Skuiling		
	Skuiling en ontwikkelingsprogram		
	Ander kombinasie.....		

2.2.2 Hoe gereeld neem jy deel aan die programme?

	Daagliks(5 keer per week)
	Gereeld (3-4 keer per week
	Soms(1-2 keer per week)

2.2.3 Wil jy graag 'n insette lewer ten opsigte van die aktiwiteite wat vir jou aangebied word in die program? (Wil jy sê wat moet gebeur?)

	Ja
	Nee
	Ander .....

Motiveer. .....
.....
.....

2.2.4 Hoe ervaar jy die personeel wat die programme aanbied?

Onaangenaam	Neutraal	Aangenaam

Motiveer .....
.....
.....

2.2.5 Hoe ervaar jy die ander kinders wat deelneem aan die program?
.....
.....
.....

2.2.6 Waarom dink jy word die programme vir jou aangebied?
.....
.....
.....

2.2.7 Moet daar programme vir straatkindes wees?

	Ja
	Nee
	Ander .....

Motiveer. .....
.....
.....

2.3 Uitreikprogram:

2.3.1 Wat doen die personeel met julle op straat?

.....
.....
.....

2.3.2 Het die personeel daarin geslaag om jou te oorreed om:

	kontak te maak met jou ouers
	deel te wees van program
	permanent terug te keer na jou ouerhuis
	terug te keer skool toe
	Ander .....

2.4 Opvoedkundige/Ontwikkelingsprogramme

Opvoedkundige program:

2.4.1 Wil jy terugkeer skool toe?

	Ja
	Nee
	Weet nie
	Ander .....

Motiveer. .....
.....

2.4.2 Hoe kan die program jou help om terug te keer na skool?

.....
.....
.....

2.4.3 Wat wil jy graag hê die program moet jou leer?

.....
.....
.....

Ontwikkelingsprogram:

2.4.4 Is daar ander vaardighede wat die program jou kan leer, wat nie nou vir jou aangebied word nie?

.....
.....
.....

2.4.5 Dink jy hierdie vaardighede wat jy nou opgenoem het, kan jou help om as volwasse persoon vir jouself te sorg?

	Ja
	Nee
	Weet nie
	Neutraal
	Ander .....

Motiveer. .....
.....
.....

2.5 Kontinuum van diens

2.5.1 Waar wil jy woon?

	Versorgingsfasiliteit	Hou van	Neutraal	Hou nie van	Motiveer
	Straat				
	Skuiling				
	Kinderhuis				
	Ouma/Oupa				
	Tante/Oom				
	Ouers				
	Vader				
	Moeder				
	Ander				

2.6 Gesinshereniging en gemeenskapshereniging

2.6.1 Hoe kan die program jou help om terug te keer na jou gesin/familie?

.....
.....
.....

2.6.2 Op watter manier wil jy terugkeer na jou ouerhuis?

	Permanent terugkeer
	Net naweke terugkeer
	Een keer 'n maand terugkeer
	Glad nie terugkeer nie
	Ander .....

Motiveer. .....
.....

2.6.3 Kan jy enige voorstelle maak oor hoe jou gesin moet verander sodat jy graag daar wil bly?

.....
.....
.....
.....
.....
.....

2.6.4 Kan jy enige voorstelle maak oor hoe die gemeenskap waarvandaan jy kom, moet verander sodat jy daar graag sal wil woon?

.....
.....
.....
.....
.....
.....

****